

HOOFSTUK 3

GESTREMDHEID AS MENSEREGTE-KONSEP: ’N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Disability is a human rights issue! I repeat: disability is a human rights issue. Those of us who happen to have a disability are fed up being treated by the society and our fellow citizens as if we did not exist or as if we were aliens from outer space. We are human beings with equal value, claiming equal rights. . . - Bengt Lindqvist,

Spesiale Rapporteur van die Verenigde Nasies se Kommissie vir Sosiale Ontwikkeling, by die 19de Kongres vir *Rehabilitasie Internasionaal* in Augustus 2000 te Rio de Janeiro.¹

-
1. Inleiding en historiese oorsig
 - 1.1 Algemene inleiding
 - 1.2 Die wisselwerking tussen nasionale-en internasionale reg
 - 1.3 Historiese agtergrond
 2. Die bewuswording op internasionale vlak
 - 2.1 Inleidende agtergrond
 - 2.2 Ontwikkelinge binne die Verenigde Nasies
 - 2.3 Ander gespesialiseerde gestremdheidsverwante internasionale instrumente en kongresse
 - 2.4 UNESCO, IAO en WGO en ander relevante organe van die Verenigde Nasies
 - 2.5 Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (Konvensie oor Gestremdheid)
 3. Gevolgtrekking
-

1. Inleiding
 - 1.1 Algemene inleiding

¹ Quinn G & Degener T *Human Rights and Disability: The current use and future potential of United Nations human rights instruments in the context of disability* (2002) 9.

Hedendaagse beleidsrigtings in verband met gestremdheid is voortvloeiende uit ’n ontwikkelingsproses van langer as 200 jaar wat, soos hieronder in hierdie hoofstuk aangetoon word, veral gedurende die afgelope sowat 30 jaar momentum gekry het. Die verskillende opvattinge oor gestremdheid wat in die vorige hoofstuk met verwysing na ontwikkelings gedurende spesifieke tydperke aan die orde kom, vind vandag neerslag in twee onderskeibare benaderingswyses. Teen hierdie agtergrond van die vorige hoofstuk kan daar breedweg tussen twee modelle naamlik die mediese model van gestremdheid en die sosiale modelle van gestremdheid onderskei word. Verder blyk uit die vorige hoofstuk dat daar vroeër veral ’n sonde en straf (religieuse) sienswyse tot gestremdheid was. Beide hierdie modelle en sienswyse oor gestremdheid word in die 20ste eeu steeds aangetref.

Uit die vorige hoofstuk blyk dat gebeure gedurende verskillende tydvakke van die Westerse geskiedenis die lewensomstandighede van gestremdes radikaal beïnvloed het. Gedurende dié tydvakke het onkunde, verwaarlosing, bygelowigheid, vooroordeel en vrees as sosiale faktore persone met gestremdhede geïsoleer. Hierdie opvattinge oor gestremdheid kom tans steeds voor en strem geïntegreerde ontwikkeling binne die samelewing.

Verder blyk uit die vorige hoofstuk dat die sienswyse wat ten opsigte van persone met gestremdhede gehuldig is, in die vroegste tye gemotiveer is deur die opvatting dat gestremdheid die gevolg was van demonologie en ander strafbare sondes. Later is gestremdheid darem nie meer as ’n sonde beskou nie, maar tog is persone met gestremdhede, saam met die armes van die res van die samelewing uitgesluit. Wat behandeling van persone

met gestremdhede betref, is vroeër bloot elementêre sorg by inrigtings en hospitale voorsien. Mettertyd is gekonsentreer op die ontwikkeling van metodes om kinders met gesigs- en gehoorgestremdhede op te lei.

In die hoofstuk wat volg word gefokus op die benadering tot gestremdheid as 'n menseregte-konsep en hoe hierdie benadering op internasionale gebied ontwikkel het. Hieruit volg dat groter bewuswording van menseregte en menslike behoeftes op internasionale vlak, ook aanleiding gegee het tot groter bewuswording van die menslike behoeftes van persone met gestremdhede. Verder het die klemverskuiwing wat vanaf die mediese na die sosiale model van gestremdheid (paragrafe 2.1 en 2.2 van hoofstuk 1 *supra*) ingetree het, ook meegebring dat die hantering van persone met gestremdhede deur internasionale reg hersien, hervorm en ontwikkel moes word. Die studie toon dat hierdie verandering veral vanaf die 1980's op internasionale gebied sterker geword het.

Dit is nodig om die ontwikkeling binne internasionale reg na te gaan weens die wisselwerking wat daar tussen internasionale- en nasionale (of staatlike) reg bestaan. Hierdie wisselwerking het 'n direkte invloed op die gestremdhedisdiskoers in Europa, die VSA en Suid-Afrika (soos later uit hoofstuk 4, 5 en 6 *infra* sal blyk). Soos die studie later in hoofstuk 4, 5 en 6 *infra* sal toon, het die klemverskuiwing op internasionale gebied vanaf die mediese na die sosiale model van gestremdheid 'n direkte invloed op hierdie jurisdiksiegebiede in die hantering van persone met gestremdhede binne die reg gehad.

Vir doeleindes van hierdie hoofstuk (en ook hoofstuk 6 *infra*) is dit noodsaaklik om die wisselwerking tussen internasionale- en die Suid-Afrikaanse reg - soos vervat in die gemenerereg en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996² kortliks te bespreek.

1.2 Die wisselwerking tussen Suid-Afrikaanse-en internasionale reg

Die Suid-Afrikaanse gemenerereg hanteer internasionale reg as deel van Suid-Afrika se nasionale reg.³ Hierdie benadering spruit voort uit Suid-Afrika se grondwetlike bestel vóór 1994. Die Engelse reg - net soos die Romeins-Hollandse reg – hanteer internasionale gewoonterereg as deel van nasionale reg.⁴ Suid-Afrikaanse howe doen dieselfde.⁵

Voor 1994 het geen Suid-Afrikaanse Grondwet uitdruklik vir internasionale reg in die Suid-Afrikaanse regsbestel voorsiening gemaak nie.⁶ Hierdie posisie is deur sowel die tussentydse Grondwet van die

² Hierna in hierdie hoofstuk sowel as in hoofstuk 6 *infra* slegs na verwys as die “Grondwet”. Sien vir doeleindes van hierdie bespreking artikels 39, en 231 tot 233 van die Grondwet.

³ Dugard J *International Law A South African Perspective* (2005) 55.

⁴ Sien in die verband die *dictum* van Denning MR in *Trendtex Trading Corporation v Central Bank of Nigeria* (1977) QB 529 (CA) by 553 en 554 en *South Atlantic Islands Development Corporation Ltd v Buchan* 1971 (1) SA 234 (C) in Dugard (2005) 50.

⁵ Sien in die verband die *dictum* van Denning MR in *Trendtex Trading Corporation v Central Bank of Nigeria* (1977) QB 529 (CA) by 553 en 554 en *South Atlantic Islands Development Corporation Ltd v Buchan* 1971 (1) SA 234 (C) in Dugard (2005) 50. Sien in die verband ook die bespreking in paragraaf 2.2.5 *infra* oor die Standaarddreëls, wat nie bindende verdragsreg daarstel nie, maar as internasionale gewoonteregreëls bindend word indien state dit met die vereiste gesindheid van regsgebondeneid toepas.

⁶ *Op cit* vn 3. Sien ook in die verband die bespreking in paragraaf 1 van hoofstuk 6 *infra*.

Republiek van Suid-Afrika van 1993⁷ as die huidige Grondwet⁸ reggestel. Beide dié grondwette handel op dieselfde wyse met internasionale reg, maar daar sal vir doeleindes van hierdie bespreking op die hantering van internasionale reg in die Grondwet gefokus word.⁹

Die Grondwet bevestig die hantering van internasionale gewoontereg as deel van nasionale reg deur in artikel 232 te bepaal dat internasionale gewoontereg regsrag in Suid-Afrika het, tensy dit onbestaanbaar is met die Grondwet of ’n Parlements wet. Verder bepaal artikel 233 dat by uitleg van wetgewing ’n hof voorkeur moet gee aan enige redelike uitleg van wetgewing wat met internasionale reg bestaanbaar is. Dit beteken dat die gemenerereg en beslissings van die howe ondergeskik is aan internasionale gewoontereg aangesien slegs die Grondwet of Parlements wette meer gewig sal dra.¹⁰ In die hoofstuk wat volg word daar veral in afdeling 2 na internasionale gewoontereg verwys. Die bespreking van daardie instrumente moet gevolglik in die lig van voorgaande, sowel as artikels 232 en 233, gelees word.

Die Handves van Regte (hoofstuk 2 van die Grondwet) is deur internasionale menseregtekonvensies geïnspireer (sien paragraaf 1 van

⁷ Hierna in hierdie hoofstuk en hoofstuk 6 *infra* slegs na verwys as “tussentydse Grondwet”.

⁸ *Op cit* vn 2.

⁹ *Op cit* vn 3.

¹⁰ Dugard J (2005) 56. Sien ook in die verband die bespreking in paragraaf 2.2.5 *infra* met betrekking tot die Standaardreëls, asook die bespreking in paragraaf 2.5 *infra* met betrekking tot die Konvensie oor Gestremdheid.

hoofstuk 6 *infra*) en verwys by geleentheid direk na internasionale reg.¹¹ Verder word die Handves van Regte ook aan 'n spesiale interpretasiewerkswyse kragtens artikel 39 van die Grondwet onderwerp. Dié interpretasieklousule neem ook spesifiek kennis van internasionale reg wat vir doeleindes van die bespreking met betrekking tot die wisselwerking tussen internasionale- en Suid-Afrikaanse reg van belang is.

Die eerste gedeelte van artikel 39 is gebiedend. Artikel 39(1)(a) bepaal dat by uitleg van die Handves van Regte 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê *moet* bevorder.¹² 'n Verdere gebiedende bepaling volg in artikel 39(1)(b) wat bepaal dat die reëls van internasionale reg in ag geneem *moet* word. Die interpretasieklousule van die Handves van Regte - wat bepaal hoe 'n hof, tribunaal of forum die Handves van Regte moet uitlê – fokus gevolglik op die hantering van internasionale reg met betrekking tot uitleg van die Handves van Regte. Hieruit blyk die verhouding tussen internasionale reg en die uitleg van die Handves van Regte, as dit saam met artikel 233 van die Grondwet (wat bepaal dat by uitleg van wetgewing 'n hof

¹¹ Artikel 37(4) van die Grondwet bepaal dat enige wetgewing wat na aanleiding van 'n verklaring van 'n noodtoestand verorden word, mag die Handves van Regte aantas slegs in die mate waarin die wetgewing bestaanbaar is met die Republiek se verpligtinge kragtens die volkereg (lees internasionale reg) wat op noodtoestande betrekking het. Verder bepaal artikel 35 (3)(1) van die Grondwet dat elke beskuldigde persoon die reg het op 'n billike verhoor waarby inbegrepe die reg om nie skuldig bevind te word weens 'n handeling of versuim wat ten tyde van die handeling of versuim ingevolge óf die nasionale reg óf die volkereg nie 'n oortreding was nie.

¹² Volgens artikel 39(1)(a) van die Grondwet moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid ten grondslag lê, bevorder.

voorkeur moet gee aan enige redelike uitleg van wetgewing wat met internasionale reg bestaanbaar is) geles word. Die werking van artikels 39(1) en 233 is veral van belang vir die bespreking in paragraaf 2.5 *infra* en die Konvensie oor Gestremdheid. Hierdie artikels skep ’n sterk mandaat vir die handhawing van internasionale norme en die opneem van internasionale menseregte in die Suid-Afrikaanse grondwetlike bestel. Die konstitusionele hof het juis sedert die nuwe grondwetlike bestel aangebreek het, duidelik sy bereidwilligheid te kenne gegee om deur internasionale menseregte gelei te word.¹³ Hieruit kan ons aflei dat die konstitusionele hof ook bereid sal wees om deur internasionale gestremdheidsreg, soos die Konvensie oor Gestremdheid, gelei te word.

In die lig van hierdie paragraaf is dit duidelik waarom daar in hierdie studie ook op die benadering tot gestremdheid op internasionale gebied gefokus moet word. Ten einde gestremdheid binne konteks te plaas moet daar nagegaan word hoe dit op internasionale gebied as ’n menseregte-konsep ontwikkel het. As agtergrond tot hierdie hoofstuk word ook ’n aantal sosiale en maatskaplike faktore in die volgende paragraaf uitgelig, waarteen die ontwikkeling van die benadering tot gestremdheid op internasionale regsterrein afspeel.

1.3 Historiese agtergrond

Ontwikkeling op die gebied van die mediese wetenskap gedurende die 20ste eeu het ’n groot invloed op die versorging van gewondes en hulle

¹³ Dugard J (2005) 66; en Bhabha F “Disability Equality Rights in South Africa: Concepts, Interpretation and the Transformation Imperative” 2009 25(2) *South African Journal of Human Rights*, bladsy 11 daarvan – word binnekort gepubliseer.

hantering op die slagveld gehad. Weens hierdie ontwikkeling is talle gewondes op die slagveld gered. Groot getalle gewondes het as gestremdes die Tweede Wêreldoorlog oorleef.¹⁴ Die gevolg hiervan was dat rehabilitasieprosedure vinnig ontwikkel het vir persone wat sonder ’n gestremdheid gebore is, maar wat later tydens hul volwasse lewe ’n gestremdheid sou opdoen. ’n Nuwe welsyn- en rehabilitasiebedryf het ontstaan omdat medici, verpleegpersoneel, welsynswerkers en ander terapeute verantwoordelikheid vir die welstand van persone met gestremdhede moes deel.¹⁵ Opleiding en rehabilitasie van persone met gestremdhede het hierdie persone in staat gestel om weer ’n aktiewe rol in die gemeenskap te speel. So word die konsep van integrasie en normalisering bekendgestel wat groeiende bewuswording van die vermoëns van persone met gestremdhede meegebring het.¹⁶

Die laat 1960’s het ’n nuwe generasie jong volwassenes opgelewer wat gedurende die 1940’s en 1950’s deur mediese vooruitgang van siektes soos polio gered is.¹⁷ Verder het beserings opgedoen tydens die Viëtnamese oorlog talle gestremdhede tot gevolg gehad. Dit is gedurende hierdie periode dat liefdadigheid- en welsynsorganisasies ’n opbloeit beleef het. Besorgde lede van die gemeenskap het hulle energie by hierdie

¹⁴ “Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities – Background and Current needs” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

¹⁵ “The International Disability Rights Movement” <<http://www.dpsa.org.za/documents/Pocket%20Guide.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

¹⁶ *Op cit* vn 14.

¹⁷ Meer hieroor in hoofstuk 4 wat handel met Europa en hoofstuk 5 wat handel met die VSA *infra*.

organisasies ingewerp en verantwoordelikheid aanvaar om na persone met gestremdhede om te sien en hulle by te staan.

In hierdie tydperk na die oorloë van die 20ste eeu is tehuise opgerig waar persone met gestremdhede wat nie by die gemeenskap kon inpas nie, huisvesting en “onderrig” kon ontvang. So is daar aan gestremde inwoners van sulke huise, “werk verskaf”. Alhoewel hierdie tehuise aan persone met gestremdhede ’n warm bord kos, ’n bed, ’n mate van sekuriteit en geleentheid tot sosiale aktiwiteit verskaf het, het hierdie tehuise in baie gevalle slegs as bergingsplekke (“dumping houses”) gedien¹⁸ waar die “probleem” van gestremdheid uit die gemeenskapsoog gehou is. Dit herinner sterk aan armhuise en inrigtings waarna in die vorige hoofstuk verwys is waardeur gestremdes uit die gemeenskapsoog verwyder is.

Teen die einde van die 1960’s het organisasies wat die belange van gestremde mense op die hart gedra het (hierna gestremdhedsorganisasies genoem)¹⁹ in sommige lande nuwe benaderings tot gestremdheid begin formuleer. Hiervolgens is gestremdheid op die keper beskou volgens die sosiale model van gestremdheid. Dié nuwe benadering het die verband beklemtoon wat bestaan tussen die beperkende omgewingsfaktore waarmee persone met gestremdhede gereeld gekonfronteer word, aan die een kant, en die houding wat die breë gemeenskap teenoor persone met gestremdhede inneem, aan die ander kant.²⁰

¹⁸ “Disability, Discrimination and Poverty” <<http://www.dpsa.org.za/documents/Pocket%20Guide.htm>> (laast besoek op 20 Maart 2007).

¹⁹ Nie-regerings organisasies wat met kwessies rakend gestremdheid gemoeid is.

²⁰ Bickenbach JE “Minority or Universal Participation: The Politics of Disablement” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 102; en “Background and

Gedurende die 1960’s en 1970’s het studente, vroue, gekleurde mense en die homoseksuele gemeenskap hulleself in burgerregtebewegings georganiseer. Baie van die regte waarvoor stryd gevoer is, het ooreengestem met die regte wat vir persone met gestremdhede van belang was. Aangeleenthede soos verbruikersregte, belange van gestremdes in inrigtings, gelyke toegang tot onderwys, werksgeleenthede en voldoende openbare fasiliteite was vir persone met gestremdhede van groot belang, omdat dit hulle uitsluiting uit die gemeenskap kon aanspreek.²¹

Oor die hele Verenigde State van Amerika (VSA),²² Verenigde Koninkryk, Europa²³ en Skandinawië het gestremde aktiviste gedurende die 1960’s en 1970’s as onderdrukte groep verenig. Die mate waartoe en konteks waarin persone met gestremdhede onderdrukking en diskriminasie ervaar het, het in hierdie tyd die voorgrond betree. Terselfdertyd het persone met gestremdhede hulleself met ander onderdrukte groepe vereenselwig en strategieë ontwikkel om hulle onderdrukking en diskriminasie te beveg.²⁴ Persone met gestremdhede het besef dat die nadele waaraan

current needs” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

²¹ *Op cit* vn 18.

²² Die ontwikkeling en benadering tot gestremdheid in die Verenigde State van Amerika sal in hoofstuk 5 bespreek word.

²³ Die ontwikkeling en benadering tot gestremdheid in Europa sal in hoofstuk 4 bespreek word.

²⁴ “The International Disability Rights Movement” <<http://www.dpsa.org.za/documents/Pocket%20Guide.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007); en ook Drieger D “COPOH’s (Coalition of Provincial Organizations of the Handicapped) International Involvements” <<http://www.independentliving.org/docs1/dispeopleintldev3.html#anchor2601143>> (laaste besoek op 30 Mei 2008) en Driedger D “Disabled Peoples’ International”

hulle onderwerp is, ongeag elkeen se spesifieke gestremdheid, in vele opsigte ooreenstemmend was. Hulle het ook besef dat hulle krag geleë was in verenigde optrede om onderdrukking en diskriminasie te beveg.²⁵ Teen die vroeë 1980’s het gestremdes hulleself oor die hele wêreld begin organiseer om gestremdheidskwessies sowel as toepaslike strategieë te identifiseer. Sulke kwessies het in verband gestaan met gelyke geleenthede vir persone met gestremdhede, ’n reg om hulleself te handhaaf en selfstandig besluite te neem oor sake wat hulle as gestremdes geraak het. Hierdie gesamentlike optrede het tot die ontstaan van “Disabled People International” (DPI) gelei. “Disabled People International” is ’n netwerk van nasionale organisasies van gestremde persone wat erkenning van mense met gestremdhede se menseregte nastreef deur hulle gelyke en volle deelname op alle lewensterreine te bevorder.

Die “Disabled People International” was die regstreekse gevolg van gebeure tydens die wêreldkongres van “Rehabilitation International” (RI)²⁶ wat in 1980 te Winnipeg, Manitoba in Kanada gehou is. Tydens dié kongres is persone met gestremdes gelyke vennootskap met rehabilitasiekundiges in die besluitnemingsstrukture van die “Rehabilitation International” geweier. Nadat persone met gestremdhede

>http://www.independentliving.org/docs1/dispeopleintldev3.html#anchor_2601143 (laaste besoek op 20 Mei 2008).

²⁵ *Ibid.*

²⁶ “Rehabilitation International” is ’n internasionale organisasie ook bekend as “RI” wat in 1922 gestig is. Hierdie organisasie is in New York VSA gesetel en het tans meer as 700 organisasies as lede in 90 lande. Vir meer oor hierdie organisasie kan <<http://www.riglobal.org/about/index.html#whoweare> besoek word (laaste besoek op 28 Mei 2008.)

by daardie kongres uitgestap het, is “Disabled People International” gestig. Hierdie internasionale organisasie beywer hom vir die beskerming van die regte van gestremdes.²⁷ Die totstandkoming van hierdie organisasie was ’n keerpunt in gestremde persone se stryd en die begin van ’n reeks ontwikkelinge wat sedertdien gevolg het om die erkenning van menseregte van persone met gestremdhede te vestig.²⁸

Verder in hierdie hoofstuk word op ’n aantal bindende en nie-bindende internasionale regsinstrumente in verband met die belange van persone met gestremdhede gefokus. Bestudering van hierdie instrumente bring aan die lig dat daar die afgelope 50 jaar ’n verskuiwing in die benadering tot gestremdheid ingetree het: van dié van gestremdheid as ’n liefdadigheidskonsep (wat voortvloei uit die mediese model van gestremdheid) tot die van menseregtekonsep (binne die sosiale model van gestremdheid).²⁹

2. Die bewuswording op internasionale vlak

2.1 Inleidende agtergrond

Die internasionale reg van voor die Tweede Wêreldoorlog het feitlik uitsluitlik gefokus op verhoudinge tussen state. Menseregtevergrype wat binne die nasionale grense van ’n staat voorgekom het, is gesien as ’n “binnelandse aangeleentheid”. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het

²⁷ “The International Disability Rights Movement” <<http://www.dpsa.org.za/documents/Pocket%20Guide.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

²⁸ *Ibid.*

²⁹ Quinn G en Degener T (2002) 14.

hierdie stelsel ingrypend verander.³⁰ Die ongekende geweld van die Tweede Wêreldoorlog en die massamoord op Jode het die gewete van die mensdom so geskok dat dit as morele dryfveer sou dien vir beduidende volkeregtelike veranderinge. Die Tweede Wêreldoorlog het laat blyk tot watter uiterste die beginsels van staatsoewereiniteit, wat internasionale betrekkinge die voorafgaande drie eeue oorheers het, misbruik kon word.³¹ Die weerloosheid van die mens, wat kragtens daardie beginsels volledig ontdaan kan word van individuele regte en vryhede, is sodoende op afgryslieke wyse blootgelê. Perlin verklaar:³²

More importantly, the war demonstrated that the principle of unfettered national sovereignty could not continue to exist in the modern world without untold hardships and ultimately without the danger of a total destruction of human society. In formulating their plans for a new international structure, political leaders and legal scholars look to the protection of human rights both as an end in itself and as a means of insuring national security.

Een van die eerste oogmerke van die groot rolspelers van die internasionale politiek na die Tweede Wêreldoorlog, was juis om herhaling van die skokkende skendings van menseregte te voorkom. Die menseregtebeweging in die era na die Tweede Wêreldoorlog het die trefwydte van internasionale reg ingrypend uitgebrei. Die sluier van nasionale soewereiniteit is hierdeur gelig en die belangrikheid van

³⁰ Dugard J (2005) 1.

³¹ Dugard J (2005) 14.

³² Perlin ML, Kanter AS, Treuthart MP, Szeli E & Gledhill K *International Human Rights and Comparative Mental Disability Law* (2006) 232.

menseregte is tot internasionale vlak verhef.³³ Na die Tweede Wêreldoorlog fokus ’n groeiende sektor van die internasionale reg op die regte van individue. Internasionale menseregtstandaarde word toenemend aangewend om te verseker dat regerings die basiese regte van die inwoners van state respekteer. Dit gebeur in weerwil van die beginsel van staatsoewereiniteit en die verbod op die inmenging van interne staatsake.³⁴

Die menseregte-agenda na die Tweede Wêreldoorlog is gerig op die beskerming van individue teen staatsmag, terwyl vryheid meestal gesien is as beskerming en ’n verweer teen openbare mag. Die nuwe ontwikkelende menseregte-agenda met betrekking tot persone met gestremdhede voeg egter ’n bykomende element by wat te make het met die bemagtiging van mense. Bemagtiging verseker volle genieting van die lewe en deelname aan alle fasette daarvan.³⁵ Dit sluit dinge in soos finansiële onafhanklikheid en deelname aan die aktiwiteite van die burgerlike samelewing, met inbegrip van die kulturele en sosiale lewe. In werklikheid is dit nie ’n nuwe beweging na “vryheid” nie. Dit herinner aan die antiek Griekse beskouing van vryheid wat nie immuniteit teen die

³³ Gostin LO “Human Rights of Persons With Mental Disabilities – The European Convention of Human Rights” (2000) 23(2) *International Journal of Law and Psychiatry* 126.

³⁴ Artikel 2(7) van die Verenigde Nasies se Handves (Charter of the United Nations) wat besoek kan word by <<http://www.un.org/aboutun/charter/>> (laaste besoek op 5 Maart 2008). Volgens die webwerf van die Verenigde Nasies is die handves geteken op 26 Junie 1945 te San Francisco en het op 24 Oktober 1945 inwerking getree.

³⁵ Quinn G “The Human Rights of People with Disabilities under EU Law” in Alston P (red) *The EU & Human Rights* (1999) 282.

staat nie, maar juis volle deelname aan alle aspekte van die lewe van die gemeenskap beteken het.³⁶

Die oorsprong van menseregte is te vinde in die Vroeg-Moderne filosofieë en natuurregteorieë, waarvolgens daar ’n natuurreg met hoër gesag as die positiewe reg van state bestaan het. Daarvolgens is elke mens bloot op grond van sy/haar mensheid op bepaalde onvervreembare regte geregtig.³⁷ Filosome soos Locke en Rousseau het byvoorbeeld aangevoer dat daar bepaalde fundamentele regte is wat buite die bereik van staatskontrole is.³⁸ Dié beginsel is ook in die Franse Deklarasie van die Regte van die Mens en Burger³⁹ en die Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring⁴⁰ opgeneem.⁴¹ Die idee dat individue oor inherente regte en vryhede beskik, was dus reeds voor die Tweede Wêreldoorlog welbekend.

Die nuwe wending na die Tweede Wêreldoorlog het aan hierdie regte en vryhede internasionale erkenning verleen. Verder sou state voortaan aanspreeklik gehou word vir hul inbreukmaking op die regte en vryhede van individue onder hulle jurisdiksie. Menseregte geniet dus beskerming ingevolge internasionale reg en die regte is afdwingbaar teen state.⁴²

³⁶ Barker E *The Political Thought of Plato and Aristotle* (1959) 2 en 32.

³⁷ Perlin ML, Kanter AS, Treuthart MP, Szeli E & Gledhill K (2006) 231.

³⁸ Ezejiolor G *Protection of Human Rights Under the Law* (1964) 4 – 5, in Perlin ML, Kanter AS, Treuthart MP, Szeli E & Gledhill K (2006) 231.

³⁹ “French Declaration of the Rights of Man” van 1789.

⁴⁰ “American Declaration of Independence” van 1776.

⁴¹ Perlin ML, Kanter AS, Treuthart MP, Szeli E & Gledhill K (2006) 232.

⁴² Gostin LO (2000) 23(2) *International Journal of Law and Psychiatry* 126.

In weerwil van hierdie ontwikkelings en nieteenstaande die feit dat gestremdes - wat meer as seshonderd miljoen mense tel - een van die grootste minderhede in die wêreld uitmaak, het die internasionale gemeenskap, insluitende die Verenigde Nasies, gestremdes vir dekades lank geïgnoreer.⁴³ Alhoewel gestremdes een van die grootste minderhede is, is hulle nie pertinent as begunstigde groep ingesluit in die Verenigde Nasies se definisie van minderhede nie.⁴⁴

Hieronder volg ’n bespreking van die bindende en nie-bindende internasionale instrumente wat sedert 1948 op die gebied van gestremdheidsreg ontstaan het.

2.2 Ontwikkelinge binne die Verenigde Nasies

Internasionale menseregte het sedert die Tweede Wêreldoorlog in ’n komplekse en ontwikkelende afdeling van die internasionale reg ontwikkel.⁴⁵ Die Verenigde Nasies se Handves⁴⁶ verwoord die

⁴³ Degener T en Koster-Dreese Y *Human Rights and Disabled Persons: Essays and Relevant Human Rights Instruments* (1995) 9; Degener T & Quinn G “A Survey of International, Comparative and Regional Disability Law Reform” referaat gelewer by die “Expert Group Meeting on the Comprehensive and Integral international Convention to Promote and Protect the Right and Dignity of Persons with Disabilities, Mexico City 11 – 14 June 2002” <<http://www.sre.gob.mx/discapacidad/papertdegener.htm>> (laaste besoek op 1 April 2007); en Kanter A “The Globalization of Disability Rights Law” (Summer 2003) *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 253.

⁴⁴ Slegs dowe persone wat gebare taal gebruik sal kan kwalifiseer aangesien hulle as ’n taal-minderheid beskou kan word.

⁴⁵ Gostin LO (2000) 23(2) *International Journal of Law and Psychiatry* 128.

⁴⁶ Die “Charter of the United Nations” wat besoek kan word by <<http://www.un.org/aboutun/charter/>> (laaste besoek op 5 Maart 2008) hierna verwys as die Verenigde Nasies se

internasionale gemeenskap se verbintenis “to reaffirm faith in fundamental human rights, [and] . . . the dignity and worth of the human person”.⁴⁷ Die handves is ’n bindende verdrag wat lidstate verbind tot universele respek vir, en inagneming van, menseregte en om fundamentele vryhede van alle mense, ongeag ras, geslag, taal of geloof, te bevorder.⁴⁸

Die Universele Deklarasie van Menseregte van 1948⁴⁹ word beskou as die eerste internasionale verklaring van menseregte. Die beginsel dat alle mense vry gebore is en gelyk is in waardigheid en regte word vasgelê in artikel 1 van die deklarasie. Die deklarasie bevestig verder dat menseregte ’n gemeenskaplike standaard is, wat deur alle volke en mense bereik kan word. Alhoewel die deklarasie nie bindende verdragsreg uitmaak nie, word dit gesien as deel van internasionale gewoontereg en is daarom bindend.⁵⁰ Die deklarasie stel ’n basis vir mensereg-standaarde daar wat deur alle lidstate van die Verenigde Nasies aanvaar is. Daar word gesamentlik na die Universele Deklarasie van Menseregte (1948), die IVBPR (Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte van

Handves. Volgens die webwerf van die Verenigde Nasies is dié handves geteken op 26 Junie 1945 te San Francisco en het op 24 Oktober 1945 inwerking getree.

⁴⁷ Aanhef van die Verenigde Nasies se Handves.

⁴⁸ Artikels 55 & 56 van die Verenigde Nasies se Handves.

⁴⁹ Die “Universal Declaration of Human Rights” aangeneem en bekend gemaak deur die Algemene Vergadering resoluie 217 A (III) van 10 Desember 1948 wat besoek kan word by <<http://www.un.org/Overview/rights.html>> (laaste besoek op 5 Maart 2008).

⁵⁰ Kanter A 2003 *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 253; en Arnardóttir OM “A Furture of Multidimensional Disadvantage Equality” in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) *The UN Convention on the Rights of Persons with Disabilities – European and Scandinavian Perspectives* (2009) 42.

1966)⁵¹ en die IVESKR (Internasionale Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte van 1966) ⁵² verwys as die Internasionale Menseregtehandves.⁵³

Nie een van dié genoemde instrumente sluit gestremdheid uitdruklik as ’n beskermde kategorie in nie. Alhoewel die IVBPR en die IVESKR nie na gestremdheid verwys nie, voer skrywers soos Quinn aan dat hedendaagse interpretasies van dié verdrae ’n regsgebaseerde perspektief met betrekking tot gestremdheid bied.⁵⁴ Verder sluit, soos hieronder verduidelik word, interpretasies van terme soos “everyone”, “all persons”,

⁵¹ Die “International Covenant on Civil and Political Rights” - die teks van die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (IVBPR), G.A. res. 2200A (XXI) (21 U.N. GAOR Supp. (No. 16) by 52, U.N. Doc. A/6316 (1966), 999 U.N.T.S. 171), wat inwerking getree het op 23 Maart 1976, kan besoek word by <<http://www1.umn.edu/humanrts/instr/b3ccpr.htm>> (laaste besoek op 5 Maart 2008).

⁵² Die “International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights” - die teks van die Internasionale Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (IVESKR), G.A. res. 2200A (XXI) van 16 Desember 1966 wat inwerking getree het op 3 Januarie 1976, kan besoek word by <http://www.unhchr.ch/html/menu3/b/a_ceschr.htm> (laaste besoek op 5 Maart 2008). Beide die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (IVBPR) en die Internasionale Verbond vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (IVESKR) is in 1966 aangeneem en het in 1976 inwerking getree nadat 35 state die instrumente bekragtig het of na toetreding van 35 state.

⁵³ “Fact Sheet No.2 (Rev.1), The International Bill of Human Rights”. Office of the High Commissioner for Human Rights” <<http://www.unhchr.ch/html/menu6/2/fs2.htm> (laaste besoek op 8 Maart 2008); en Stein MA “Disability Human Rights” 2007 *California Law Review* 80.

⁵⁴ Jones M en Marks LA “Law and the Social Construction of Disability” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 21; en Quinn G in Alston P (red)(1999) 295. Om hierdie argument te staaf verwys Quinn na Algemene Opmerking nommer 19 van die IVBPR wat handel met gelykheid (artikel 25). Dit lui soos volg:

The enjoyment of rights and freedoms on an equal footing. . . does not mean identical treatment in every instance. . . the principle of equality sometimes requires States parties to take affirmative action in order to diminish or eliminate conditions which cause or help to perpetuate discrimination prohibited by the Covenant.

“no one”, “all human beings” en “other status” wat in verdrae gebruik word, persone met gestremdhede in.

In hierdie konteks het talle bepalings van die bogenoemde instrumente ’n regstreeks gunstige uitwerking op die regte van persone met gestremdhede.⁵⁵ Artikel 3 van die Universele Deklarasie van Menseregte bepaal dat “elkeen” (“everyone”) die reg op lewe, vryheid en sekerheid van die persoon het. Artikel 25 van die deklarasie noem gestremdes spesifiek in verband met sosio-ekonomiese regte en bepaal dat:

[e]veryone has the right to a standard of living adequate for the health and well-being of himself and of his family, including food, clothing, housing and medical care and necessary social services, and the right to security in the event of unemployment, sickness, disability, widowhood, old age or other lack of livelihood in circumstances beyond his control.

Met dié uitdruklike vermelding van gestremdheid lê die deklarasie ’n normatiewe basis neer vir die erkenning van regte van persone met gestremdhede, wat later erkenning sou vind in bindende en nie-bindende internasionale instrumente.

Die IVESKR lê die grondslag vir “positiewe regte” van ’n sosio-ekonomiese aard, wat daadwerklike verpligtinge vir dienslewering op die staat tot voordeel van inwoners plaas. State het dus ’n positiewe verpligting om hulle inwoners te beskerm en ’n voldoende standaard van lewe en opvoeding te verseker.

⁵⁵ Sekere artikels in die konvensies verwys ook na gestremdes in die konteks van sosio-ekonomiese regte.

Alhoewel die IVESKR nie spesifiek na gestremdheid verwys nie, kan gestremdheid ingesluit word by die interpretasie “other status” wat deel is van die algemene diskriminasieverbod in artikel 2(2). Die bepaling lui dat die regte waarvoor in die verbod voorsiening gemaak word “. . . [will] in the present Covenant . . . be exercised without discrimination of any kind as to race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status.” Op grond van hierdie artikel word gestremdes ingesluit onder die begrip “ander status” (“other status”) wat handel met nie-diskriminasie. Verder verwys artikel 12 van die verbond na gestremdheid in die konteks van sosiale sekerheidsreg en gesondheid. Dié artikel vereis dat regerings die regte van elkeen tot die hoogste haalbare standaard van fisieke- en geestesgesondheid moet erken.

Die afwesigheid in die IVESKR van ’n bepaling wat uitdruklik handel met gestremdheidsverwante aspekte kan toegeskryf word aan ’n gebrek aan bewuswording van hierdie aspekte ten tyde van die opstel van die konvensie meer as 40 jaar gelede. Die internasionale Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte,⁵⁶ die liggaam wat met die implementering van hierdie verbond gemoeid is, het egter later in 1995 onder Algemene Opmerking No. 5⁵⁷ belangwekkende opmerkings oor die regsposisie van gestremdes gemaak. Dié komitee het ’n omvattende uiteensetting gegee van wat state se verpligting ingevolge die IVESKR oor die voorkoming van diskriminasie teenoor persone met gestremdhede

⁵⁶ Soos bedoel in paragraaf 2.3.9 *infra* van hierdie hoofstuk.

⁵⁷ Komitee op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte, Algemene Opmerking nommer 5, Persone met gestremdhede (Elfde sessie, 1994), U.N. doc. E/1995/22 by 19 (1995).

behels.⁵⁸ Hiervolgens is die verbond se bepalinge op alle lede van die samelewing volledig van toepassing. Die komitee bevestig dat persone met gestremdhede geregtig is op die volle reeks regte wat die verbond erken. Verder, vir sover spesiale behandeling vereis word, word daar van staatspartye vereis om noodsaaklike stappe te doen om sy beskikbare hulpbronne optimaal te gebruik, om persone met gestremdhede se struikelblokke in die weg van hul volle genieting van die regte in die verbond, te bowe te kom. Die belangrikheid van Algemene Opmerking No. 5 lê daarin dat talle staatspartye aan die IVESKR gebonde is. Die vertolking van Algemene Opmerking No. 5 het na 1995, ’n groot internasionale impak op staatspartye se verbintenis teenoor persone met gestremdhede gehad. Hierdie algemene opmerking verleen dan ook erkenning aan die regte van persone met gestremdhede en die sosiale model van gestremdheid met die menseregteperspektief daarvan. Daar sal in paragraaf 2.3.9 *infra* verder met die Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte en Algemene Opmerking No. 5 van 1995 gehandel word.

Die IVBPR⁵⁹ wat in 1966 deur die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering aanvaar is, het in 1976 na bekragtiging van die vereiste aantal verdragstate in werking getree. Alhoewel die opstellers van die IVBPR, net soos met die IVESKR, nie gestremde persone in gedagte gehad het by die opstel daarvan nie, is die IVBPR van toepassing op alle mense.

⁵⁸ Daar sal weer met Algemene Opmerking nommer 5 in paragraaf 2.3.9 van hierdie hoofstuk gehandel word.

⁵⁹ *Op cit* vn 51.

Dit is uit die aanhef duidelik dat die inherente waardigheid, gelykheid en onvervreembare regte van alle mense, erkenning moet geniet. Dít sluit noodwendig ook persone met gestremdhede in. Die aanhef tot die IVBPR bepaal dat die erkenning van inherente waardigheid en gelyke, onvervreembare regte van alle lede van die mensdom die grondslag vorm van vryheid, geregtigheid en wêreldvrede.

Alhoewel persone met gestremdhede nie uitdruklik in die IVBPR genoem word nie, is die verbod teen diskriminasie op grond van “ander status” klaarblyklik ook op persone met gestremdhede van toepassing. Artikel 2(1) bepaal dat:⁶⁰

Each State Party to the present Covenant undertakes to respect and to ensure to all individuals within its territory and subject to its jurisdiction the rights recognized in the present Covenant, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or *other status*. [my beklemtoning]

Insgelyks plaas artikel 26 van die IVBPR ’n verbod op diskriminasie en verseker gelyke beskerming voor die reg. Artikel 26 lui:⁶¹

All persons are equal before the law and are entitled without any discrimination to the equal protection of the law. In this respect, the law shall prohibit any discrimination and guarantee to all persons equal and effective protection

⁶⁰ “International Covenant on Civil and Political Rights Adopted and opened for signature, ratification and accession by General Assembly resolution 2200A (XXI) of 16 December 1966 *entry into force* 23 March 1976, in accordance with Article 49” <http://www.unhchr.ch/html/menu3/b/a_ccpr.htm (laaste besoek op 31 Mei 2008).

⁶¹ *Ibid.*

against discrimination on any ground such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or *other status*. [my beklemtoning]

Hiervolgens geniet alle persone, met of sonder gestremdhede, gelykheid voor die reg en geniet gelyke beskerming sonder diskriminasie. Die bepaling waarborg verder gelyke beskerming teen diskriminasie op enige grond spesifiek daarin vermeld asook diskriminasie op grond van ander status. Gestremde persone is klaarblyklik inbegryp by die frase “ander status” en dié verbodsmaatreëls verseker dus gelyke behandeling en beskerming van persone met gestremdhede.

Die regte gelys in die IVBPR is hoofsaaklik sogenaamde “negatiewe regte”, aangesien die nakom van regte tot ’n groot mate slegs vereis dat regerings hulle van bepaalde optrede moet weerhou.⁶² Desondanks is die IVBPR belangrik vir die regsposisie van persone met gestremdhede, omdat verskeie van die bepalings op die regsposisie van gestremde persone betrekking het. Die burger- en politieke regte vervat in die IVBPR kan in vier kategorieë verdeel word naamlik: 1) regte wat verwys na menslike bestaan;⁶³ 2) vryheidsregte;⁶⁴ 3) assosiasieregte⁶⁵ en 4) politieke regte.⁶⁶ Al vier hierdie kategorieë is van toepassing op persone met gestremdhede en gevolglik is talle bepalings van die IVBPR op persone

⁶² So moet die staat nie martel nie, nie arbitrêr aanhou nie, nie doodmaak nie, ens.

⁶³ Artikels 6 en 7 van die IVBPR.

⁶⁴ Artikels 8, 9, 10, 12, 14, 15 en 16 van dieselfde verbond.

⁶⁵ Artikels 17, 22, 23, 24 van dieselfde verbond.

⁶⁶ Artikels 18, 19, 21, 25, en gelykheidsregte in artikels 2, 3, en 26 van dieselfde verbond.

met gestremdhede van toepassings. Net so beskerm die diskriminasieverbod ook persone met gestremdhede. Die slotsom is dat die verbond dus duidelik ’n menseregtelike benadering tot die regsposisie van gestremdes ondersteun.

In 1950 het die Ekonomiese en Sosiale Raad⁶⁷ van die Verenigde Nasies by die sesde sessie ’n resolusies met betrekking tot Sosiale Rehabilitasie van Fisiek Gestremdes (Social Rehabilitation of the Physically Handicapped) en die Sosiale Rehabilitasie vir die Blindes (Social Rehabilitation of the Blind)⁶⁸ aangeneem.⁶⁹

Die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies en die Ekonomiese en Sosiale Raad het gedurende die laat 1950’s resolusies aangeneem wat hoofsaaklik handel met voorkoming van gestremdheid en rehabilitasie van gestremdes. Hierdie resolusies (wat state nie direk bind nie en vir doeleindes van die studie slegs van historiese waarde is)⁷⁰ fokus op behandeling van persone met gestremdhede, en nie op omgewingsfaktore wat hindernisse in die weg van persone met gestremdhede plaas nie.⁷¹

⁶⁷ Die “Economic and Social Council” van die Verenigde Nasies. Die “Economic and Social Council (ECOSOC)” van die Verenigde Nasies staan die Algemene Vergadering by waar internasionale ekonomiese en sosiale samewerking en ontwikkeling bevorder moet word.

⁶⁸ “The early years: 1945 – 1955” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dis50y20.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

⁶⁹ Quinn G en Degener T (2002) 19.

⁷⁰ *Ibid.* ’n Kolleksie van die tekste van die resolusies is vervat in Maria Rita Saulle *Disabled Persons and International Organisations* Rome 1982; en kan ook besoek word op “The early years: 1945 – 1955” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dis50y20.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

⁷¹ Stein MA 2007 *California Law Review* 88.

Gevolgtlik is hierdie vroeë resolusies wat handel met gestremdheid ’n sterk reflektoring van die mediese model van gestremdheid.

2.2.1 Deklarasie oor Regte van Verstandelik Gestremde Persone van 20 Desember 1971 (Declaration on the Rights of Mentally Retarded Persons)

Met die aanname in 1971 van die Verenigde Nasies se Deklarasie oor Regte van Verstandelik Gestremde Persone by wyse van ’n resolusie van die Algemene Vergadering,⁷² is vir die eerste keer uitdruklik in ’n internasionale instrument erkenning verleen dat persone met gestremdhede dieselfde regte as ander mense het.⁷³ Hierdie regte sluit die reg tot behoorlike mediese dienste en onderrig, ekonomiese sekerheid, die reg op ’n bevoegde voog, die beskerming teen uitbuiting en toegang tot die reg in.

Hierdie nie-bindende deklarasie dien as raamwerk vir state wanneer die beskerming van verstandelik gestremde persone ter sprake kom. Die deklarasie is nie gebaseer op ’n menseregtebenadering tot gestremdheid nie, maar maak staat op die mediese model van gestremdheid waarvolgens gestremdes as afhanklikes gesien word,

⁷² Die “Declaration on the Rights of Mentally Retarded Persons” wat op 20 Desember 1971 by resolusie 2856 (XXVI) van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is.

⁷³ Soos gesien uit die aanhaling uit dieselfde deklarasie “Reaffirming faith in human rights and fundamental freedoms and in the principles of peace, of the dignity and worth of the human person and of social justice proclaimed in the Charter. . .” aangeneem deur die Algemene Vergadering op 20 Desember 1971; Sien ook Kanter A 2003 *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 254.

wat versorging en behandeling benodig.⁷⁴ Dit blyk duidelik uit paragraaf 5 van die aanhef tot die deklarasie wat lui dat “the Declaration on Social Progress and Development has proclaimed the necessity of protecting the rights and assuring the *welfare* and *rehabilitation* of the physically and mentally disadvantaged” [my beklemtoning].⁷⁵ Verstandelik gestremde persone word in hierdie konteks gesien as bevoorreedes van welsyn waar rehabilitasie van die gestremdheid binne die mediese model van gestremdheid inslag vind.

In die aanvang van artikel 1 van die deklarasie word bepaal dat die “mentally retarded person has, to the maximum degree of feasibility, the same rights as other human beings”.⁷⁶ Alhoewel gestremdheid gedurende die 1970’s in terme van die mediese model van gestremdheid verstaan is, is dit belangwekkend dat dié bepaling erkenning verleen aan die feit dat verstandelik gestremde persone dieselfde regte as nie-gestremdes geniet. Uit die bewoording van hierdie bepaling blyk tog dat die menseregtebenadering, of spore van hierdie benadering tot gestremdheid, uitdrukking vind in een van die eerste deklarasies wat handel oor gestremde persone in 1970’s.

⁷⁴ Die mediese model van gestremdheid word kortlik bespreek in paragraaf 2.1 van hoofstuk 1 *supra*; Kanter A 2003 *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 254; Stein MA 2007 *California Law Review* 87-88; Quinn G & Degener T (2002) 10; en Stein MA en Lord JE “Future Prospects for the United Nations Convention on the Rights of Persons with Disabilities” in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) *The UN Convention on the Rights of Persons with Disabilities – European and Scandinavian Perspectives* (2009) 21.

⁷⁵ Paragraaf 5 van die aanhef tot die Deklarasie oor Regte van Verstandelik Gestremdes.

⁷⁶ Artikel 1 van die deklarasie.

2.2.2 Deklarasie oor Regte van Gestremde Persone van 9 Desember 1975 (Declaration on the Rights of Disabled Persons)

Die Deklarasie oor Regte van Gestremde Persone⁷⁷ wat in 1975 aangeneem is, bepaal dat gestremde persone dieselfde burgerlike en politieke regte as nie-gestremde persone het.⁷⁸ Gestremdes se aanspraak op maatreëls wat vir hulle noodsaaklik is om selfvoorsienend te wees word ook erken en hulle reg op onderwys en mediese dienste word beklemtoon. Verdere regte en bevoegdhede van gestremdes wat uitdruklik erken word, is die volgende: reg op ekonomiese en sosiale sekuriteit; reg om te mag werk; reg om binne gesinsverband te woon; reg op deelname aan sosiale en kreatiewe aktiwiteite; reg op beskerming teen uitbuiting, mishandeling en vernederende behandeling; en reg op toegang tot regshulp.⁷⁹

Hierdie deklarasie was die eerste internasionale instrument wat die term “gestremdheid” sou definieer.⁸⁰ Hierdie deklarasie⁸¹ is op 9

⁷⁷ Die “Declaration on the Rights of Disabled Persons” wat op 9 Desember 1975 by resoluksie 3447 (XXX) van die Algemene Vergadering aanvaar is.

⁷⁸ Paragraaf 4 van dieselfde deklarasie; Stein MA 2007 *California Law Review* 87-88; en Kanter A 2003 *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 254.

⁷⁹ “The United Nations and Disabled Persons - The First Fifty Years. A human rights approach: the 1970s” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dis50y40.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

⁸⁰ In paragraaf 1 van die deklarasie aangeneem op 9 Desember 1975 deur resoluksie 3447 (XXX) word verwys na die term “disabled person” wat verduidelik word as “any person unable to ensure by himself or herself, wholly or partly, the necessities of a normal individual and/or social life, as a result of deficiency, either congenital or not, in his or her physical or mental capabilities”.

⁸¹ *Op cit* vn 77.

Desember 1975 deur die Algemene Vergadering deur ’n resolusie aanvaar. Dit is egter nie bindend op die lidstate van die Verenigde Nasies nie. Die deklarasie het oortuigingskrag as raamwerk wat deur lidstate gebruik kan word wanneer internasionale of plaaslike reg met betrekking tot gestremdes ontwikkel word. Dit het ’n aanhef en 13 paragrawe wat ten doel het om die regte van gestremdes te bevorder.⁸² Vir doeleindes van hierdie studie gaan net die mees tersaaklike paragrawe van die deklarasie uitgelig word.

Eerstens is paragraaf 3 van die deklarasie van belang. Dit bepaal dat persone met gestremdhede oor die inherente reg op, en respek vir, hulle menswaardigheid beskik, en dat hulle ook dieselfde fundamentele regte as hulle medeburgers van dieselfde ouderdom het. Verdere bepalinge wat vir die bespreking van belang is, is paragraaf 4 wat verwys na paragraaf 7 van die Deklarasie oor Regte van Verstandelik Gestremde Persone (paragraaf 2.2.1 *supra*). Dié paragraaf bepaal dat behoorlike regswaarborgte teen mishandeling moet bestaan wanneer ’n persoon met ’n verstandelike gestremdheid (weens die erge graad van die gestremdheid) onbevoeg is om self sy/haar regte kragtens die deklarasie betekenisvol te kan uitoefen. So ook moet ’n persoon met ’n verstandelike gestremdheid se reg op beskerming teen mishandeling gewaarborg word. Voorts bepaal paragraaf 4 van die Deklarasie oor Regte van Gestremde Persone dat paragraaf 7 van die Deklarasie oor Regte van Verstandelik Gestremdes ook van toepassing is op alle moontlike beperkings of onderdrukking van regte met betrekking tot persone met verstandelike gestremdhede. Van verdere

⁸² "Resolution on the Implementation of the Declaration on the Rights of Disabled Persons - United Nations" >http://wallis.kezenfogva.iif.hu/eu_konyvtar/projektek/vocational_rehabilitation/instr/un_049.htm (laaste besoek op 25 Mei 2008).

belang is die erkenning van gestremdes se reg op ekonomiese en sosiale sekerheid soos bedoel in paragraaf 7 van die deklarasie.

2.2.3 Deklarasie oor Regte van Doof-Blinde Persone (Declaration of Rights of Deaf-Blind Persons)⁸³

In September 1977 het 30 verteenwoordigers van regerings in New York stad in die VSA die Helen Keller Wêreld Konferensie in Diens van Doof-Blinde Jeugdige en Volwassenes bygewoon. Hieruit het die Deklarasie oor Regte van Doof-Blinde Persone voortgespruit. Dié nie-bindende deklarasie is hier op 19 September 1977 aangeneem. Van belang vir die huidige bespreking is artikel 1 van die deklarasie wat bepaal dat elke doof-blinde persoon geregtig is op die regte vervat in die Universele Deklarasie van Menseregte (paragraaf 2.2 *supra*). Alle doof-blinde persone beskik ook oor die regte wat gewaarborg is in die Deklarasie vir Regte van Gestremde Persone (paragraaf 2.2.2 *supra*).

2.2.4 Die gebeure gedurende die 1980’s en die Wêreldprogram van Aksie met betrekking tot Gestremde Persone

Vir huidige doeleindes kan die Wêreldprogram van Aksie met betrekking tot Gestremde Persone⁸⁴ nie alleenstaande bespreek word

⁸³ Die “Declaration of Rights of Deaf-Blind Persons” wat aangeneem is deur die Helen Keller Wêreld Konferensie in Diens tot Doof-Blinde Jeugdige en Volwassenes op 19 September 1977.

⁸⁴ Hierna verwys as die Wêreldprogram. Hierdie verkorte Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “World Programme of Action concerning Disabled Persons” wat op 3 Desember 1982 by resoluie 37/52 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is. Sien ook in die verband Degener T en Koster-Dreese Y (1995) 10.

nie. Ten einde dié Wêreldprogram in konteks te kan plaas, moet daar ook na ander gebeure wat rondom dieselfde tydvak afspeel verwys word. Om hierdie rede word die bespreking van die Internasionale Jaar vir Gestremdes (1981) wat die Wêreldprogram van 1982 voorafgegaan, die Internasionale Dekade van Gestremdes (1983 – 1992) en die aanstelling van ’n spesiale rapporteur van Menseregte en Gestremdheid (1984), soms ineengewee.

Op 16 Desember 1976 verklaar die Algemene Vergadering dat die jaar 1981 as die Internasionale Jaar vir Gestremdes bekend sal staan.⁸⁵ Die 1980’s word oor die algemeen gekenmerk deur ’n verskuiwing van die fokus op versorging en liefdadigheid⁸⁶ van gestremdheid na ’n regsgebaseerde benadering tot gestremdheid.⁸⁷ So ook het die Internasionale Jaar vir Gestremdes in 1981 gestremdes se deelname aan besluitneming vereis.⁸⁸ Die Internasionale Jaar vir Gestremdes was die voorloper van die Wêreldprogram van Aksie met betrekking tot Gestremde Persone.

⁸⁵ Die “International Year of Disabled Persons” wat op 16 Desember 1976 by resoluie 31/123 van die Verenigde Nasies aanvaar is “International Year of Disabled Persons” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/disydp.htm> (laaste besoek op 25 Mei 2008) . Volgens Howell C, Chalklen S & Alberts T “A history of the disability rights movement in South Africa” in Watermeyer B, Swartz L, Lorenzo T, Schneider M & Priestly M (reds) *Disability and Social Change: A South African Agenda* (2006) 54 het die apartheidsregering nie die Verenigde Nasies se Internasionale Jaar vir Gestremdes erken nie.

⁸⁶ Sien die bespreking in hoofstuk 1 van die proefskrif oor die mediese model van gestremdheid; Kanter A 2003 *Syracuse Journal of International Law and Commerce* 254; en Quinn G & Degener T (2002) 10.

⁸⁷ Stein MA 2007 *California Law Review* 87-88; en Quinn G & Degener T (2002) 20.

⁸⁸ Met die slagspreuk: “Full participation and equality”.

Die Verenigde Nasies het op hierdie stadium die noodsaak ingesien om die volle deelname van persone met gestremdhede aan die sosiale lewe en die ontwikkeling van hulle gemeenskappe te bevorder. Volgens Stein reflekteer die Internasionale Jaar vir Gestremdes van 1981 “the twin medical model goals of preventing and rehabilitating disability, [but] it also advocated equalized opportunities for the disabled”.⁸⁹ Hierdie stelling word bevestig deur Leticia Shahani, Assistent Sekretaris-Generaal en Hoof van die Sentrum vir Sosiale Ontwikkeling en Humanitêre Aangeleenthede. Sy verklaar:⁹⁰

We share in 1981 a responsibility which will be historically judged by future generations. Persons with disabilities shall be treated as true citizens of their respective countries, enjoying all the rights man is heir to. . . If we are to live up to the principles embodied in the goals of the Year. . . Governments must work to equalize opportunities. . . in all aspects of daily life. . . This requires the development of new approaches towards rehabilitation which de-emphasize the institutional approach.

Op 3 Desember 1982 het die Algemene Vergadering besluit om die tydperk 1983 tot 1992 as die Internasionale Dekade van Gestremdes verklaar.⁹¹ Daar is ook besluit dat daar noue samewerking met

⁸⁹ Stein MA 2007 *California Law Review* 89.

⁹⁰ “The United Nations and Disabled Persons - The First Fifty Years. A human rights approach: the 1970s” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dis50y40.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

⁹¹ Algemene Vergadering resolusie 37/53 van 3 Desember 1982, “Resolution on the United Nations Decade of Disabled Persons - United Nations” <http://wallis.kezenfogva.iif.hu/eu_konyvtar/projektek/vocational_rehabilitation/instr/un_024.htm> (laaste besoek op 20 Mei 2009).

gestremdheidsorganisasies moes wees. Die Verenigde Nasies het ook samewerking met ander internasionale organisasies aangemoedig.⁹² In Desember 1982 by dieselfde sessie van die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering, is die Wêreldprogram⁹³ ook aangeneem.⁹⁴ Laasgenoemde het as handleiding vir die Verenigde Nasies se Internasionale Dekade van die Gestremdes gedien.⁹⁵

Die Wêreldprogram bevat die eerste standpunt van die Verenigde Nasies oor gelyke geleentheid vir gestremdes.⁹⁶ Dit bepaal dat aspekte van die gemeenskap soos die kulturele omgewing, werksgeleentheid, sosiale lewe, insluitend sport en ontspanning, so ingerig moet word dat dit vir almal toeganklik is.⁹⁷ Die beleidsraamwerk van die program is daarop gemik om doeltreffende maatreëls vir die voorkoming van gestremdheid te tref, om voorsiening te maak vir die rehabilitasie van gestremdes en om hulle volle deelname aan die sosiale lewe op gelyke

⁹² Degener T & Koster-Dreese Y (1995)10; Wêreldprogram van Aksie paragrawe 91 – 94 en 161; en “The United Nations and Disabled Persons -The First Fifty Years. The World Programme of Action Concerning Disabled Persons: the 1980s” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dis50y50.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

⁹³ *Op cit* vn 84.

⁹⁴ Algemene Vergadering resoluëie 37/52 van 3 Desember 1982.

⁹⁵ Verenigde Nasies se Algemene Vergadering resoluëie 48/99 van 20 Desember 1993.

⁹⁶ “World Programme of Action Concerning Disabled Persons – Part 2” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=24#proposals>> (laaste besoek op 14 Mei 2009). Die program het egter nie onderskei tussen mans en vroue met gestremdhede nie. Volgens die Verenigde Nasies se webwerf “Women with disabilities: Lessons of Reinforcing the Gender Perspective in International Norms and Standards Part 1 of 3” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis1.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007), was talle van die afgevaardigdes wat die konsep program bespreek en hersien het mans, en reflekteer dus ’n “male point of view”.

⁹⁷ Algemene Vergadering resoluëie 37/52 van 3 Desember 1982 by 21.

voet met ander mense te bewerkstellig.⁹⁸ Van verdere belang is dat dit ook die eerste keer in die geskiedenis is dat ’n belemmering “handicap” definieer word as die “funksie van die verhouding tussen persone met gestremdhede en hulle omgewing”.⁹⁹ Alhoewel die term “handicap”, wat verwys na bedel met ’n hoed in die hand, kwetsend is teenoor persone met gestremdhede, bespeur ons in die definisie ’n klemverskuiwing vanaf die gestremdheid van die persoon wat die “probleem” skep, na die omgewing wat hindernisse in die pad van gestremdes plaas. Dit is ’n stap in die rigting van die sosiale model van gestremdheid wat vandag aan ons bekend is.

’n Verder belangwekkende verwikkeling in die 1980’s op die gebied van gestremdheidsreg, was die aanstelling in 1984 van ’n spesiale rapporteur van Menseregte en Gestremdheid. Die Ekonomiese en Sosiale Raad van die Verenigde Nasies het die Subkommissie oor Voorkoming van Diskriminasie en Beskerming van Gestremdheid (Sub-Commission on Prevention of Discrimination and Protection of Disability) versoek om hierdie aanstelling te maak.¹⁰⁰ Dié Spesiale Rapporteur, Leandro Despouy, moes ’n studie oor wat die verband

⁹⁸ “World Programme of Action Concerning Disabled Persons – Part 2” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=24#proposals> (laaste besoek op 14 Mei 2009). Sien ook die Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte, Algemene Opmerking nommer 5, Persone met Gestremdhede (Elfde sessie, 19915, Verenigde Nasies dokument E/1995/22 by 19 (1995), ’n herdruk in kompilasie met Algemene Opmerkings en Algemene Aanbevelings aangeneem deur die Menseregte Verdragsliggame, Verenigde Nasies dokument HRI/GEN/1/Rev.6 by 24 (2003). Sien ook vir ’n verdere bespreking van Algemene Opmerking nommer 5 paragraaf 2.3.9 *infra*.

⁹⁹ Volgens “United Nations Enable: Standard Rules on Equalization of Opportunities: Background and Current Needs” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm#Background>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

¹⁰⁰ Algemene Vergadering resoluusie 37/52 3 van 3 Desember 1982 by 21.

tussen erge menseregtevergrype en inbreukmaking op fundamentele vryhede van gestremdes doen. Verder moes die studie aantoon wat gedoen word om die probleem van menseregtevergrype en inbreukmaking op te los. Die verslag van die Spesiale Rapporteur moes by die Kommissie vir Menseregte voorgelê word.¹⁰¹

Die Wêreldprogram het periodieke monitering op nasionale, streeks- en internasionale vlak vereis.¹⁰² Dit het onder meer die hersiening van die program by internasionale hersieningvergaderings behels. By die eerste omvattende internasionale hersiening daarvan tydens die “The Global Meeting of Experts to Review the Implementation of the World Programme of Action concerning Disabled Persons” in 1987 in Stockholm, is voorgestel dat ’n toonaangewende denkrigting oor gestremdheid ontwikkel word. Die basis van hierdie nuwe denkrigting was die erkenning van die regte van persone met gestremdhede.

By die vermelde hersieningsvergadering is voorgestel dat die Algemene Vergadering ’n spesiale konferensie byeenroep vir die opstel van ’n konsepkonvensie. Daar is verder voorgestel dat die konsepkonvensie primêr sou handel oor die menseregte van persone met gestremdhede.

¹⁰¹ “Human Rights and Disabled Persons” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dispaperdes0.htm> (laaste besoek op 18 Februarie 2008).

¹⁰² Meer oor die eerste en tweede groot internasionale hersieninge van 1987 en 1992 in die verslag van die Sekretaris-Generaal “Implementation of the World Programme of Action and the United Nations Decade of Disabled Persons” Verenigde Nasie dokument A/47/415 van 11 Desember 1992.

Swede en Italië het konsepte vir die beoogde konvensie vir die uitskakeling van alle vorme van diskriminasie teen gestremdes voorberei, maar geen eenstemmigheid kon oor die toepaslikheid van die betrokke konvensie bereik word nie.¹⁰³ Verskeie verteenwoordigers was van mening dat die bestaande menseregte-instrumente die regte van persone met gestremdhede genoegsaam waarborg en dat 'n addisionele konvensie gevolglik onnodig sou wees.¹⁰⁴ Die voorgestelde konsepkonvensie vir die uitskakeling van diskriminasie teen gestremdes is gevolglik verwerp.¹⁰⁵

In Augustus 1991 is die finale verslag van Leandro Despouy, Spesiale Rapporteur van Menseregte en Gestremdheid, aan die Kommissie vir Menseregte en die Algemene Vergadering se opvolgende sessies voorgelê. Die verslag het daarop gewys dat die skending van menseregte van gestremdes 'n omvattende verskynsel was wat nie alleen die klassieke burgerlike en politieke regte van persone met gestremdhede skend nie, maar ook hulle ekonomiese, sosiale en kulturele regte.¹⁰⁶ Tog was daar baie min opvolgaksies na aanleiding

¹⁰³ Quinn G & Degener T (2002) 21; en "Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities – Background and Current Needs" <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

¹⁰⁴ "Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities – Background and Current Needs" <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007); en "Women with Disabilities: Lessons of Reinforcing the Gender Perspective in International Norms and Standards, Getting Women with Disabilities on the Development Agenda of the United Nations" <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis1.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007).

¹⁰⁵ Verenigde Nasies dokument A/C.3./42/SR.13 van 1987.

¹⁰⁶ Sentrum vir Menseregte en Gestremdes deur Leandro Despouy, Spesiale Rapporteur van die Sub-Kommissie van Voorkoming van Diskriminasie en Beskerming van Minderhede 1993 *Human Rights Study Series* 6.

van voorstelle in die Despouy-verslag. Een van die waardevolste aanbevelings in die verslag, was vir die aanstelling van ’n ombudsman wat die toepassing en afdwinging van menseregte vir gestremdes sou monitor.¹⁰⁷

By geleentheid van die afsluiting van die Verenigde Nasies se Dekade van Gestremdes in 1992 is ’n internasionale konferensie in Vancouver, Kanada gehou. By hierdie konferensie waar die¹⁰⁸ Despouy-verslag ook ter sprake was, kon ’n merkbare gesindheidsverandering ten gunste van gelyke geleenthede vir persone met gestremdhede bespeur word. Gestremdheidsaktiviste het ook tydens die konferensie in Vancouver hoop op die realisering van voorstelle van die Despouy-verslag geplaas, maar daar het min van gekom.¹⁰⁹

In 1992 het die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies¹¹⁰ na afloop van die Dekade van die Gestremde ’n verslag uitgereik. In dié verslag is opgemerk dat die inwerkingstelling van die Wêreldprogram deur onder andere armoede, siekte en oorlog gekortwiek is. Verder wys die verslag daarop dat baie state in daardie stadium nog geen poging aangewend het om omvattende nasionale programme in

¹⁰⁷ Degener T & Koster-Dreese Y (1995) 9; Bydraes is aangeteken in die “Equalization of Opportunities”-verrigtinge van die derde Wêreld Kongres van Gestremdes gehou te Vancouver, Kanada, 21-26 April 1992; Finale verslag van Leandro Despouy, Sentrum vir Menseregte en Gestremdes, 1993 *Human Rights Study Series* 6; en Degener Y & Koster-Dreese Y (1995) 9.

¹⁰⁸ *Ibid.*

¹⁰⁹ *Ibid.*

¹¹⁰ Verenigde Nasies dokument A/47/415 van 11 Desember 1992.

werking te stel nie. Indien sulke programme wel deur state gerapporteer is, was daar 'n neiging om dit afsonderlik van sosio-ekonomiese ontwikkeling in die betrokke land te hanteer.¹¹¹

Ofskoon die voorgestelde konsepkonvensie vir die uitskakeling van diskriminasie teen gestremdes verwerp is,¹¹² het die dekade wel met die aanneem van 'n nuwe instrument afgesluit wat beoog het om basiese internasionale regstandaarde vir programme, wetgewing en beleidsrigtings ten opsigte van gestremdes in te stel. Die instrument was die standaardreëls wat op 20 Desember 1993 aangeneem is, en wat hieronder in paragraaf 2.2.5 bespreek word.

Die standaardreëls, en veral sommige reëls daarvan, het 'n omvattende invloed op internasionale regstandaarde vir persone met gestremdhede gehad. In die volgende afdeling word by hierdie reëls en hul toepaslike paragrawe wat relevant is vir die bespreking stilgestaan.

2.2.5 Standaardreëls oor Gelyke Geleenthede vir Persone met Gestremdhede van 1993 (Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities)

Die Standaardreëls oor Gelyke Geleenthede vir Persone met Gestremdhede is op 20 Desember 1993 deur 'n resoluëie van die

¹¹¹Quinn G & Degener T (2002) 21.

¹¹²Verenigde Nasies dokument A/C.3./42/SR.13 van 1987.

Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar.¹¹³ Op hierdie datum het lidstate van die Verenigde Nasies toegestem tot ’n nuwe instrument wat wêreldwyd aandag sou vestig op die noodsaaklikheid van gelyke regte en geleenthede vir persone met gestremdhede.¹¹⁴ Die resoluëie wat aanvaar is,¹¹⁵ verwys met waardering na die deelname van talle state, inter-regeringsliggame, nie-regeringsorganisasies en organisasies van persone met gestremdhede wat tydens die opstel van die Standaardreëls in die werkgroep deel van die beraadslaging was. Die Standaardreëls bou voort op die beginsels en konsepte vasgelê in die Wêreldprogram. Die Standaardreëls som in 22 reëls in werklikheid die boodskap van die Wêreldprogram op. Dié reëls, wat gelyke regte en geleenthede vir persone met gestremdhede bevorder, reflekteer die menseregteperspektief oor gestremdes wat uit ontwikkeling gedurende die vorige dekade ontstaan het.¹¹⁶

¹¹³ Hierna verwys as Standaardreëls. Hierdie verkorte Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities” wat op 20 Desember 1993 by resoluëie 48/96 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is.

¹¹⁴ “Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities” <<http://www.un.org/ecosocdev/geninfo/dpi1647e.htm>> (laaste besoek op 12 Februarie 2008).

¹¹⁵ Resoluëie 48/96 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies wat op 20 Desember 1993 aanvaar is by <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=26>> (laaste besoek op 20 Februarie 2008).

¹¹⁶ Michailakis D “The Standard Rules: A Weak Instrument and a Strong Commitment” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 120. Alhoewel die reëls ’n menseregteperspektief reflekteer, is dit volgens die webwerf “Women with Disabilities: Lessons of Reinforcing the Gender Perspective in International Norms and Standards, Getting Women with Disabilities on the Development Agenda of the United Nations” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis1.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007) opmerklik dat die meeste afgevaardigdes wat gemoeid was met die opstel van die teks van die Standaardreëls mans was. Hulle het dit egter nie nodig geag om ’n geslagsdimensie in die teks van die Standaardreëls in te werk nie.

Die verskil tussen die Standaardreëls en die voorgestelde konvensie (in paragraaf 2.2.4 *infra*) is dat eersgenoemde, aangesien dit nie ’n verdrag is nie, nie bindend is nie. Dit kan egter wel as internasionale gewoonteregreëls bindend word indien state dit met die vereiste gesindheid van regsgebondenheid toepas.¹¹⁷

Die doelstellings van die Standaardreëls vereis ’n sterk morele en politieke onderneming¹¹⁸ van die lidstate om stappe te doen met die oog op die instelling van gelyke geleenthede vir gestremdes. Hierdie onderneming is gebaseer op die Universele Handves van Regte, die Konvensies wat handel oor die Regte van Kinders en oor die Uitskakeling van Diskriminasie teen Vroue en die Wêreldprogram. Die Standaardreëls dien dus as beleidmakingsinstrument op grond waarvan persone met gestremdhede en die organisasies wat hulle verteenwoordig tot aksie kan oorgaan.¹¹⁹

Die impak en betrokkenheid van gestremdheidsorganisasies en -aktiviste by die opstel van die Standaardreëls kan in die bewoording en gees daarvan gemerk word. Die gestremdheidskonsep wat aangeneem is, erken gestremdes se kritiek op die mediese model van

¹¹⁷ Degener T & Koster-Dreese Y (1995) 13; en Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) *The UN Convention on the Rights of Persons with Disabilities – European and Scandinavian Perspectives* (2009) 22.

¹¹⁸ Stein MA 2007 *California Law Review* 89.

¹¹⁹ “The Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre00.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007); Michailakis D in Jones M en Marks AB (reds) (1999) 121; en Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) (2009) 22.

gestremdheid waarvolgens gestremdheid deur rehabilitasie-kundiges gedefinieer word.¹²⁰ Die definisie wat die Standaardreëls gebruik om ’n gestremdheid te definieer som dit op as:¹²¹

a great number of different functional limitation occurring in any population in any country of the world. People may be disabled by physical, intellectual or sensory impairment, medical conditions or mental illness. Such impairments, conditions or illnesses may be permanent or transitory in nature.

Die Standaardreëls se definiëring van die term belemmering (“handicap”) neem omgewingsfaktore as oorsake van gestremdheid in ag. Volgens die definisie beteken ’n “handicap” “the loss or limitation of opportunities to take part in the life of the community on an equal level with others. It describes the encounter between the person with a disability and the environment”. Definiëring van dié term het ten doel gehad om die omgewingsfaktore wat hindernisse vir gestremdes inhou, uit te wys. So ook word die aktiwiteite van die gemeenskappe wat verhoed dat persone met gestremdhede op ’n gelyke basis deelneem deur dié definisie beklemtoon. Die tekortkominge wat spesifiek uitgelig word, is die nie-beskikbaarheid van inligting, kommunikasie en opleiding, asook omgewing- en gemeenskapsaktiwiteite wat persone met gestremdhede verhoed om

¹²⁰ Abberly P “The concept of oppression and the development of a social theory of disability” (1987) 2(1) *Disability Handicap & Society* 1 5-19; Degener T & Koster-Dreese Y (1995) 13; en Hahn H “Towards the politics of disability: definitions, disciplines, and policies, and social policy” 1985 *Social Science Journal* 87 – 105.

¹²¹ Die Standaardreëls onder die opskrif “Fundamental Concepts in Disability Policy – Disability and Handicap” wat besoek kan word by “The Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre00.htm>> (laaste besoek op 20 Maart 2007).

op ’n gelyke basis hulle rol in die gemeenskap te speel. Die Standaardreëls is geïnspireer deur die regsgebaseerde filosofie waar meisies, seuns, mans en vroue met gestremdhede as lede van hul gemeenskap dieselfde regte en verpligtinge kan geniet as ander mense.¹²² Daar word gevolglik van state vereis om hindernisse uit die weg te ruim wat gelyke deelname deur gestremdes beperk.

Die Standaardreëls benadruk gelyke regte en gelyke verpligtinge. Die oogmerk van die reëls is nie om spesiale regte vir ’n spesiale groep persone te skep nie, maar eerder om in alle opsigte gelykheid vir alle persone te bewerkstellig. Die beginsel van gelyke regte impliseer dat die behoefte van alle mense ewe belangrik is. Hierdie behoeftes behoort die basis te wees van enige beplanning met die oog op die aanwending van hulpbronne binne die gemeenskap. Die hulpbronne moet so benut word dat daar verseker sal word dat elke individu ’n gelyke geleentheid tot deelname in die benutting daarvan sal hê.¹²³

Die aanhef van die Standaardreëls bevestig die verbintenis tot die erkenning van menseregte, fundamentele vryhede, maatskaplike geregtigheid en die menswaardigheid en die waarde van alle persone. Die Standaardreëls wat op alle aspekte van lewe van gestremde persone betrekking het, beslaan vier hoofstukke en handel oor die

¹²² *Op cit* vn 113, paragraaf 6 tot 13 van Verenigde Nasies Algemene Vergadering resoluë 48/96 van 20 Desember 1993. Sien ook die bespreking in hoofstuk 5 *supra* oor die regsgebaseerde benadering tot gestremdheid.

¹²³ Inleiding tot die Standaardreëls “Standard Rules on the Equalization of Opportunities for Persons with Disabilities: Equalization of opportunities” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/dissre01.htm>> (laaste besoek op 6 Maart 2008).

voorvereistes vir gelyke deelname, die teikenareas vir gelyke deelname, implementering van maatreëls en moniteringsmeganismes.

Deel I van die Standaardreëls handel oor die voorvereistes vir gelyke deelname. Dit sluit die volgende in: die noodsaak om die gemeenskap in geheel in te lig oor gestremdheid en die noodsaaklikheid van veranderinge met die oog op die gelyke behandeling van persone met gestremdhede (Reël 1); multi-dissiplinêre mediese sorg (Reël 2); voldoende rehabilitasie (Reël 3); en voldoende ondersteuningsdienste (Reël 4).

Deel II van die Standaardreëls identifiseer agt voorkeur-teikenareas vir hervorming.¹²⁴ Dit sluit die volgende in: Ingevolge Reël 5 moet die hindernisse vir gelyke deelname uit die omgewing verwyder word sodat fasiliteite en geboue fisies vir persone met gestremdhede toeganklik is. Hierdie hindernisse wat verwyder moet word, het ook betrekking op verstaanbare kommunikasie en die toegang tot inligting, insluitende toegang tot die diagnose van gestremdheid. Reël 6 bepaal dat state hulself moet verbind tot die beginsel van gelyke onderrig op primêre, sekondêre en tersiêre vlak in ’n geïntegreerde samelewing. Onderwys aan kinders en leerlinge met gestremdhede moet dus saam met nie-gestremde leerlinge geskied. Onderwysowerhede is verantwoordelik vir onderrig vir leerlinge met gestremdhede waar die opvoeding van persone met gestremdhede ’n integrale deel van die

¹²⁴ Volgens die Verenigde Nasies se webwerf

<<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis1.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007), is Deel II van die Standaardreëls “the only place in which the ‘Rules’ are especially gender-sensitive. This was because Disabled People’s International [an international non-governmental cross-disability coalition of organisations] representative participated in the open-ended working group that agreed on the draft text of the ‘Rules’ ”.

nasionale onderwysbeplanning, kurrikulumontwikkeling en skoling moet uitmaak. Onderwys in hoofstroomskole veronderstel ook die voorsiening van persone wat as tolke kan dien van byvoorbeeld gebaretaal, asook ander toepaslike hulpdienste. Reël 6 onderskei tussen state waar leerlinge met gestremdhede deel is van hoofstroomonderwys en in die onderwysstelsel geïntegreer is, en state waar dit nie die geval is nie en leerlinge met gestremdhede spesiale onderrig moet ontvang. Reël 7 bepaal dat state persone met gestremdhede moet bemagtig om hul menseregte te kan uitoefen. Met die oog hierop moet werksgeleenthede onder andere aan hulle beskikbaar gestel word. Paragraaf 4 van Reël 7 bepaal dat state openbare bewuswordingsveldtogte moet loods en ondersteun om negatiewe houdings en vooroordeel teenoor persone met gestremdhede te bowe te kom. Volgens Reël 7 behoort persone met gestremdhede in die stede en die platteland dieselfde geleenthede vir produktiewe en voordelige werksgeleenthede in die arbeidsmark te hê. Reël 8 handel oor inkomste, onderhoud en sosiale sekerheid. Paragraaf 2 wys onder andere daarop dat lande se sosiale sekerheid en maatskaplik welsynskemas nie persone met gestremdhede moet uitsluit of teen hulle mag diskrimineer nie. Reël 9 bepaal dat gestremdes se familielewes en persoonlike integriteit beskerm moet word. State moet verseker dat wetgewing nie op gestremdes se integriteit wat betref seksuele verhoudings, huwelike en ouerskap inbreuk maak nie. Ingevolge Reël 10 moet state verseker dat persone met gestremdhede op gelyke basis in kultuurverband geïntegreer word; dat hulle deelname aan kulturele aktiwiteite bevorder word; dat die plekke waar kulturele aktiwiteite aangebied word vir gestremdes toeganklik is; en dat maatreëls getref word om die toegang tot

biblioteke en teaters vir gestremdes te vergemaklik. Reël 11 vereis dat persone met gestremdhede dieselfde geleenthede as ander mense moet kry om aan sport en ontspanning deel te neem. Reël 12 handel met godsdiens. Hierdie reël het te doen met die aanmoediging van state om aan gestremdes dieselfde geleenthede as vir ander lede van die gemeenskap te gee om aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem.

Deel III verduidelik hoe die Standaardreëls geïmplementeer moet word. Dit plaas die verpligting om die Reëls in werking te stel hoofsaaklik op die state self. Reël 13 handel oor die versameling van inligting en navorsing. Die versamel en analisering van korrekte inligting behels volgens paragraaf 2 van reël 13 dat state 'n databank oor beskikbare dienste en programme waarby mense met gestremdhede kan baat moet oprig. State behoort navorsingsprogramme te inisieer om die sosiale en ekonomiese impak op die lewens van persone met gestremdhede en hulle familie te bepaal. Volgens paragraaf 6 van Reël 13 behoort state die navorsingsresultate met ander state te deel en inligting wat oor gestremdheid ingewin is, na state se nasionale, streeks- en plaaslike vlakke te versprei.

Reël 14 het betrekking op beleidmaking en beplanning op alle vlakke van regering. Dit bepaal dat gestremdes se behoeftes en besorgdhede in 'n algemene ontwikkelingsbeplanning geïntegreer moet word. Daar moet dus nie afsonderlik met gestremde persone se behoeftes gehandel word nie.

Reël 15 stippel ’n ideale regsbedeling vir gestremdes uit. Hiervolgens het state die verantwoordelikheid om die regsbasis te skep vir maatstawwe wat daarop gemik is om volle en gelyke deelname deur persone met gestremdhede te bewerkstellig.¹²⁵

Hiervolgens behoort nasionale wetgewing, wat die regte en verpligtinge van burgers bevat, ook die regte en verpligtinge van persone met gestremdhede in te sluit. State is onder ’n verpligting om persone met gestremdhede se beoefening van hulle regte op ’n gelyke grondslag met ander burgers te hanteer. Hierdie regte sluit persone met gestremdhede se menseregte insluitend hulle burgerlike en politieke regte in. Verder bepaal paragraaf 1 dat state verplig is om te verseker dat gestremdeorganisasies betrokke moet wees by die ontwikkeling en deurlopende evaluering van nasionale wetgewing.

Volgens paragraaf 2 van Reël 15 mag wetgewende maatreëls nodig wees om omstandighede wat die lewe van persone met gestremdhede nadelig mag beïnvloed, uit die weg te ruim. Gevolglik moet alle diskriminerende bepalings verwyder word. Nasionale wetgewing behoort in dié verband voorsiening te maak vir gepaste sanksies teen persone of organisasies wat hul aan oortreding van die beginsels van geen diskriminasie skuldig maak.

Paragraaf 3 van Reël 15 bepaal dat nasionale wetgewing op twee verskillende maniere voorsiening kan maak vir persone met gestremdhede. Die regte en verpligtinge kan in algemene wetgewing

¹²⁵ Die paragraaf se bewoording is volgens Quinn G & Degener T (2002) 23 swak geformuleer waar die reël na algemene menseregte wetgewing verwys.

ingesluit word of persone met gestremdhede se regte kan in spesiale wetgewing vervat word. Spesiale wetgewing vir persone met gestremdhede kan van ’n uiteenlopende aard wees. So kan aparte wetgewing wat uitsluitlik oor aangeleenthede van gestremdheid handel, uitgevaardig word of gestremdhedaangeleenthede kan onder spesifieke onderwerpe in wetgewing ingesluit word. Laastens kan persone met gestremdhede spesifiek in die teks van bestaande wetgewing genoem word. ’n Kombinasie van bogenoemde moontlikhede kan ook wenslik wees. Bepalings wat voorsiening maak vir regstellende aksie in belang van persone met gestremdhede is ’n verdere moontlikheid wat oorweeg kan word. Hierdeur kan die staat of enige persoon verplig word om ’n persoon met ’n gestremdheid op ’n gelyke grondslag met nie-gestremdes of by wyse van ’n kwotasistiem in diens te neem.¹²⁶

Laastens, bepaal paragraaf 4 van reël 15 dat state formele, statutêre klagtemeganismes kan skep om die belange van persone met gestremdhede te beskerm.

Reël 16 handel oor ekonomiese beleid van state en hulle finansiële verantwoordelikheid om nasionale programme en maatreëls vir gelyke geleenthede te skep. Paragraaf 1 bepaal dat vir gestremdhedaangeleenthede op nasionale, streeks- en plaaslike

¹²⁶ Heyer K “Rights or Quotas? The ADA as a Model for Disability Rights” in Nielsen LB & Nelson RL (reds) *Handbook of Employment Discrimination Research* (2005) 239. Die skrywer lig twee benaderingswyses uit. Die eerste is die regte-gebaseerde benadering wat deur die VSA gevolg word waar persone met gestremdhede op gelyke grondslag met ander oorweeg word by indiensneming. Hierteenoor staan die maatskaplike welsynsbenadering wat in Europa gebruik word, waar werkgewers op grond van vasgestelde kwotas verplig word om ’n sekere aantal persone met gestremdhede in diens te neem.

regeringsvlak begroot moet word. State is ingevolge reël 17 vir die stigting en versterking van nasionale koördineringskomitees verantwoordelik. Hierdie komitees moet die nasionale fokuspunt van gestremdheidsaangeleenthede wees.

Reël 18 bepaal dat state gestremdheidsorganisasies se reg om persone met gestremdhede te verteenwoordig, moet erken. Die adviserende rol wat hierdie organisasies by besluitneming aangaande gestremdheidskwessies speel moet ook erken word.

State is volgens reël 19 op alle vlakke verantwoordelik vir die opleiding van personeel wat betrokke is by die beplanning van programme en dienste wat persone met gestremdhede raak. Gestremdheidsprogramme moet gereeld geëvalueer word. Ingevolge paragraaf 1 behoort state die gronde en die uitslae van hierdie evaluering bekend te maak. Toepaslike terminologie behoort volgens paragraaf 2 deur state geskep te word. Paragraaf 3 vereis dat die konseptualisering van terminologie en beplanning van gestremdheidskwessies van meet af in oorleg met gestremdheidsorganisasies moet geskied. Internasionale samewerking deur state is volgens paragraaf 4 noodsaaklik om ’n algemene standaard vir nasionale evaluering te skep. Volgens paragraaf 5 moet die evaluering van die verskillende programme op die gebied van gestremdheid in al die beplanningstadia ingebou word.

Reël 21 bepaal dat sowel nywerheids- as ontwikkelende lande die verantwoordelikheid moet aanvaar om lewensomstandighede van persone met gestremdhede in ontwikkelende lande te verbeter.

Ingevolge reël 22 word van state verwag om op internasionale vlak aktief saam te werk in die formulering van beleid aangaande gelyke geleenthede vir persone met gestremdhede.

2.3 Ander gespesialiseerde, gestremdhedsverwante, internasionale instrumente en kongresse

In afdeling 2.2 *supra* is instrumente bespreek wat direk op gestremdes van toepassing is. In die onderhawige afdeling 2.3 sal gefokus word op ander belangrike resolusies en deklarasies wat indirek vir persone met gestremdhede ter sake is.

2.3.1 Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue van 1979 (Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women)

Die internasionale menseregte-instrument wat hoofsaaklik oor die regte van vroue handel, is die Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue.¹²⁷ Die konvensie is op 18 Desember 1979 deur die Algemene Vergadering aangeneem en het op 3 September 1981 in werking getree. Die konvensie verwys nêrens spesifiek na vroue met gestremdhede nie, maar die konvensie se doelstelling is klaarblyklik om *alle* vroue hetsy met of sonder gestremdhede te beskerm. Die insluiting van alle vroue is belangrik

¹²⁷ Die “Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination against Women” ook na verwys as “CEDWA” wat op 18 Desember 1979 by resoluë 34/180 deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is. Sien ook in die verband *op cit* vn 144.

vir vroue met gestremdhede aangesien vroue met gestremdhede veelvoudige diskriminasie¹²⁸ in die gesig staan.¹²⁹

In Algemene Aanbeveling 18 van die Komitee oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue, die moniteringsliggaam van die betrokke konvensie, word beklemtoon dat vroue met gestremdhede ’n besonder kwesbare groep is wat gebuk gaan onder dubbele diskriminasie (eerstens as vroue en dan ook as gestremdes). Die komitee beveel aan dat regerings inligting oor vroue met gestremdhede in hulle periodieke verslae aan die komitee uiteensit.¹³⁰

¹²⁸ Grobbelaar-du Plessis I “The victims of multilayered discrimination” 2007 *SA Publikereg* 405; Die Verenigde Nasies se webblad, United Nations Enable, “Women with Disabilities and Gender Perspectives” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/>> (laaste besoek op 10 Maart 2008) word die volgende opgemerk met betrekking tot vroue met gestremdhede gemaak:

The consequences of deficiencies and disablement are particularly serious for women. There are a great many countries where women are subjected to social, cultural and economic disadvantages which impede their access to, for example, health care, education, vocational training and employment. If, in addition, they are physically or mentally disabled, their chances of overcoming their disablement are diminished, which makes it all the more difficult for them to take part in community life. In families, the responsibility for caring for a disabled parent often lies with women, which considerably limits their freedom and their possibilities of taking part in other activities.

¹²⁹ Skrywers soos Stein (2007 *California Law Review* 112) se kritiek op die konvensie is dat dit slegs eerste generasie burgerlike en politieke regte beskerm. Stein se verwysing na die insluiting van tweede generasie regte in die gestremdhediskoers sal in hoofstuk 5 bespreek word.

¹³⁰ Die Komitee oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue se Algemene Aanbeveling 18 met betrekking tot vroue met gestremdhede by die 10de sessie van 1991 in Verenigde Nasies dokument A/46/38 by 3 (1993), ’n herdruk van ’n versameling van Algemene Aanbevelings aangeneem deur Menseregteverdragsliggame (“Treaty Bodies”), Verenigde Nasies dokument HRI/GEN/1/Rev.6 by (2003) 243: “Recommends that State parties provide information on disabled women in their periodic reports, and on measures taken to deal with their particular situation, including special measures to ensure that they have equal access to education and employment, health services and social security, and to ensure that they can participate in all areas of social and cultural life.”

So ook moet die spesiale maatreëls uiteengesig word wat die regering getref het om te verseker dat vroue met gestremdhede gelyke geleenthede tot onderwys, werk, gesondheidsdienste en sosiale sekerheid en deelname aan alle vlakke van sosiale en kulturele lewe verkry het.¹³¹

2.3.2 *Beginsels vir Mediese Etiek ter sake vir die Rol wat Gesondheidspersoneel, en spesifiek Geneeshere speel, in die Beskerming van Gevangenes en Aangehoudenenes teen Marteling en Ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Vorme van Behandeling en Straf van 1982 (Principles of Medical Ethics relevant to the Role of Health Personnel, particularly Physicians, in the Protection of Prisoners and Detainees against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment)*

Hierdie beginsels (waarna verder net verwys sal word as die Beginsels vir Mediese Etiek)¹³² is op 18 Desember 1982 as ’n resoluëie van die

¹³¹ Volgens die Verenigde Nasies se webwerf <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis1.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007) was DPI (“Disabled Peoples International”) se afgevaardigdes vasbeslote om die Komitee oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue te oortuig om Algemene Aanbevelings met betrekking tot Vroue met Gestremdhede te maak, “[which] would have the effect of bringing disability concerns into the Convention. DPI representatives worked during Committee session in 1989 and 1991. By talking with Committee Members, especially by showing them recommendation from the Seminar on women with disabilities and by formulating language that the DPI representatives worked out with interested Committee Members, the Committee was concerned to adopt General Recommendation No. 18 (tenth session, 1991) on “Disabled Women”. Dit sou beteken dat elke Staatsparty tot die konvensie terug moes rapporteer oor die status van gestremde vroue in hulle lande.

¹³² Hierdie verkorte Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “Principles of Medical Ethics relevant to the Role of Health Personnel, particularly Physicians, in the Protection of Prisoners and Detainees against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment” wat op 18 Desember 1982 by

Algemene Vergadering deur lidstate as etiekkode vir die mediese profesie aanvaar. Hierdie Beginsels vir Mediese Etiek het betrekking op inrigtings, hospitale en ander plekke waar persone met geestesiektes behandel of gehuisves word. In hierdie beginsels word gemeld dat die Algemene Vergadering met onsteltenis verneem het dat die mediese profesie en gesondheidspersoneel gereeld betrokke is by aktiwiteite wat nie met die reëls van mediese etiek rym nie. Die Algemene Vergadering verwys met waardering na die Riglyne vir Mediese Dokters betreffende Mishandeling en ander Wrede, Onmenslike en Vernederende Behandeling of Straf in Aanhouding of Gevangenis, aangeneem in Tokio tydens die 39ste Wêreld Mediese Vergadering gedurende Oktober 1975. Die beginsels vir Mediese Etiek herbevestig die waardes soos vervat in die Deklarasie vir die Beskerming van Alle Persone om nie Onderwerp te word aan Mishandeling en ander Wrede, Onmenslike en Vernederende Behandeling of Straf nie.¹³³

resolusie 37/194 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is. Vir verder inligting hieroor kan “Principles of Medical Ethics relevant to the Role of Health Personnel, particularly Physicians, in the Protection of Prisoners and Detainees against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment” by http://www.unhchr.ch/html/menu3/b/h_comp40.htm (laaste besoek op 10 Maart 2008) besoek word.

¹³³ Hierdie Afrikaanse benaming word gebruik om te verwys na die “Declaration on the Protection of all Persons from being Subjected to Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment” wat op 9 Desember 1975 as resolusie 3452 (XXX) deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is. Later, op 10 Desember 1984 is die “Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment” ook na verwys as “CAT” as resolusie 39/46 deur die Algemene Vergadering aanvaar. CAT het op 26 Junie 1987 in gevolge artikel 27 (1) daarvan in werking getree.

Die eerste beginsel van die Beginsels vir Mediese Etiek bepaal dat gesondheidspersoneel, veral geneeshere wat verantwoordelik is vir die mediese sorg van aangehoudenes, ’n plig het om na die fisieke en geestelike gesondheid van aangehoudenes om te sien en hulle vir siektes te behandel; die diens wat hulle in dié verband lewer moet van dieselfde kwaliteit wees as die diens wat hulle aan persone wat nie in aanhouding is nie, sou lewer.

Beginsel 5 keur mediese personeel, en veral geneeshere, se deelname aan enige prosedure om ’n aangehoudene te beteuel af, tensy dit op grond van suiwer mediese oorwegings noodsaaklik is vir die beskerming van die fisieke of geestelike gesondheid van die aangehoudene self of van ’n medegevangene of ’n versorger. Sodanige prosedure moet egter nie skadelik vir die fisieke of geestelike gesondheid van die aangehoudenes wees nie.

2.3.3 Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) Konvensie (Nr. 159) oor Beroepsgerigte Rehabilitasie en Indiensneming van Gestremde Persone (Gestremde Persone) van 1983 (ILO Convention (No. 159) concerning Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons))

Hierdie konvensie wat deur die Algemene Kongres van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) aangeneem is,¹³⁴ het in Junie

¹³⁴ Aangeneem deur die Algemene Kongres (“General Conference”) van die Internasionale Arbeidsorganisasie (“International Labour Organisation”) op 20 Junie 1983, wat op 20 Junie 1985 inwerking getree het. Sien ook “ILO Convention (No. 159) concerning Vocational Rehabilitation and Employment (Disabled Persons) (Geneva, 20 June 1983) Entry into force generally: 20 June 1985” <<http://www.netzwerk-artikel-3.org/un-konv/doku/ilo159.pdf>> (laaste besoek op 10 Maart 2008).

1985 in werking getree. Volgens artikel 1, paragraaf 4, van hierdie konvensie is dit van toepassing op alle persone met gestremdhede. Artikel 2 van die bindende verdrag verplig lidstate van die IAO om in ooreenstemming met nasionale regsreëls en praktyk nasionale beleid oor beroepsgerigte rehabilitasie en indiensneming van persone met gestremdhede te formuleer, in werking te stel en periodiek te hersien. Artikel 4 van die konvensie maak voorsiening vir regstellende maatreëls ten gunste van werkers met gestremdhede en bepaal dat sodanige maatreëls nie in stryd met die gelykheidsbeginsel is nie.

Artikel 6, deel III van die konvensie, verplig lidstate om by wyse van wetgewing, regulasie, of ander erkende metodes stappe te doen wat noodsaaklik mag wees vir die uitvoering van die konvensie¹³⁵. Suid-Afrika het egter nie hierdie konvensie bekragtig nie.¹³⁶

2.3.4 Samevatting van Beginsels vir die Beskerming van Alle Persone wat onderwerp word aan Enige Vorm van Aanhouding of Gevangenskap van 1988 (Body of Principles for the Protection of All Persons under Any Form of Detention or Imprisonment)

Die Beginsels vir die Beskerming van Alle Persone wat onderwerp word aan Enige Vorm van Aanhouding of Gevangenskap,¹³⁷ is in

¹³⁵ Meer spesifiek artikels 2, 3, 4 en 5 van die konvensie.

¹³⁶ "International Labour Organisation Convention, ILO, No. C159 was ratified by 71 countries" <<http://www.ilo.org/public/english/employment/skills/hrdr/instr/c159r.htm>> (laaste besoek op 10 Maart 2008).

¹³⁷ Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na "Body of Principles for the Protection of All Persons under Any Form of Detention or

Desember 1988 deur ’n resoluëie van die Algemene Vergadering aanvaar. Dié beginsels is algemeen van toepassing op persone wat in enige vorm van verpligte aanhouding verkeer en dus ook op die verpligte aanhouding van geestesongestelde persone. Die beginsels is nie bindende reg nie, maar dra oortuigingskrag by die uitleg van die reg in nasionale jurisdiksies.

2.3.5 Konvensie oor die Regte van die Kind van 1989 (Convention on the Rights of a Child)

Die Konvensie oor die Regte van die Kind ¹³⁸ is die eerste menseregteverdrag wat uitdruklik diskriminasie op grond van gestremdheid verbied. Hierdie Konvensie is op 9 Desember 1988 as ’n resoluëie van die Algemene Vergadering aanvaar en het op 2 September 1990 in werking getree. Artikel 2 daarvan verbied diskriminasie teenoor kinders op grond van, onder ander gestremdheid. Van verdere belang wat gestremdheid betref, is artikel 6, waarvolgens state alle noodsaaklike stappe moet doen om die oorlewing en ontwikkeling van kinders te verseker. Artikel 12, paragraaf 2, vereis dat kinders in regs- en administratiewe verrigtinge die geleentheid tot saakstelling gebied moet word in ooreenstemming met die nasionale reg van die betrokke staat. Artikel 23 het direk op gestremdheid betrekking en bepaal dat kinders met gestremdhede

Imprisonment” wat op 9 Desember 1988 by resoluëie 43/173 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is.

¹³⁸ Die “Convention on the Rights of a Child” wat op 20 November 1989 by resoluëie 44/25 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is en op 2 September 1990 volgens artikel 49 in werking getree het.

geregtig is op ’n vol en fatsoenlike lewe wat behels die erkenning van die kind se menswaardigheid en reg op selfverwesenliking en op aktiewe gemeenskapsdeelname.¹³⁹

2.3.6 Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestesiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg van 1991 (Principles for the Protection of Persons with Mental Illnesses and the Improvement of Mental Health Care)

Die Algemene Vergadering het in 1991 deur ’n resolusie die Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestesiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg¹⁴⁰ aangeneem. Hierdie nie-bindende beginsels sit die standaard vir die beskerming van mense met geestesgestremdhede in besonderhede uiteen. In beginsel 1 word ’n uiteensetting gegee van fundamentele vryhede en basiese regte van mense met geestesiektes. Eerstens, bevestig die beginsel dat alle mense ’n reg op die beste beskikbare geestesgesondheidsdienste het.¹⁴¹ Verder bepaal dit dat mense met geestesiektes menslik behandel moet word en dat respek vir hul inherente waardigheid getoon moet word. Persone met geestesgestremdhede het volgens hierdie beginsel ook die

¹³⁹ Artikel 2, 6, 12, 23 en 28 van die Konvensie oor die Regte van ’n Kind verwysing spesifiek na die regte van gestremde kinders.

¹⁴⁰ Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na “Principles for the Protection of Persons with Mental Illnesses and the Improvement of Mental Health Care” wat in 1991 deur resolusie 46/119 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is (V.N. Dokument A/46/49 (1991)). Vir ’n meer breedvoerige bespreking oor hierdie beginsels kan Rosenthal E & Rubenstein LS “International Human Rights Advocacy Under the Principles for the Protection of persons with mental Illness” 1993 *International Journal of Law and Psychiatry* 257-299 geraadpleeg word.

¹⁴¹ Beginsel 1 van dokument A/46/49 (1991).

reg om teen ekonomiese, seksuele en ander vorme van uitbuiting, mishandeling en vernedering beskerm te word.¹⁴² Die beginsel verbied verder diskriminasie¹⁴³ op grond van geestessiekte en bepaal dat persone met geestessiektes op burgerlike, politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele regte kragtens die Universele Deklarasie van Menseregte, die IVBPR en die IVESKR geregtig is.¹⁴⁴ Verder bepaal die beginsel dat indien ’n persoon weens geestesiekte nie oor die handelingsbevoegdheid beskik om ’n besluit aangaande persoonlike welstand te neem nie, ’n billike verhoor deur ’n onafhanklike en onpartydige tribunaal¹⁴⁵ sodanige besluit ten opsigte van die betrokke persoon moet neem.

Anders as met die Verenigde Nasies se verdrae en met internasionale gewoontereg, is state natuurlik nie direk gebonde aan enige resoluasie van die Algemene Vergadering nie. Gevolglik kan state argumenteer dat hulle nie verplig is om aan so ’n resoluasie uitvoering te gee nie. As internasionale instrument wat beleid ten opsigte van

¹⁴² *Ibid.*

¹⁴³ Diskriminasie word volgens beginsel 1 van die Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestessiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg, gedefinieer as “any distinction, exclusion, or preference that has the effect of nullifying or impairing equal enjoyment of rights”.

¹⁴⁴ Algemene Opmerking nommer 5 van die Komitee oor Ekonomiese Sosiale en Kulturele Regte (1994) wys daarop dat beginsel 13(3) van die Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestessiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg nie terapeutiese behandeling wat op dwangarbeid neerkom kan versoen met die IVESKR nie; Paragraaf 21, afdeling IV wat handel met spesifieke bepalings van die konvensie in Verenigde Nasies dokument E/1995/22 by 19 (1995), herdruk in kompilasie met algemene opmerkings en algemene aanbevelings aangeneem deur Menseregteverdragsliggame, Verenigde Nasies dokument HRI/GEN/1/Verwysing 6 (2003) 24. Sien ook in die verband *op cit* vn 127.

¹⁴⁵ Beginsel 1, paragraaf 6 van die Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestessiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg.

geestesgesondheid moet beïnvloed, is die betrokke beginsels dus van mindere regs waarde. Volgens Gostin kan ’n sterk argument egter uitgemaak word dat hierdie beginsels wel van praktiese waarde kan wees¹⁴⁶ en as bruikbare hulpmiddel by die uitleg van streeks-menseregtekonvensies aangewend kan word.

2.3.7 *Deklarasie oor die Uitskakeling van Geweld teen Vroue van 1993 (Declaration on the Elimination of Violence against Women)*

Die Deklarasie oor die Uitskakeling van Geweld teen Vroue¹⁴⁷ is in Desember 1993 deur ’n resoluëie van die Algemene Vergadering aanvaar en is ’n nie-bindende instrument. In die aanhef tot die deklarasie word kommer uitgespreek oor vroue wat tot minderheidsgroepe behoort en vroue met gestremdhede wat spesifiek uitgesonder word as ’n groep wat aan geweld blootgestel is. Artikel 3 bepaal dat vroue dieselfde aansprake as ander mense op beskerming en voordele van alle menseregte en fundamentele vryhede het. Dit sluit die reg op lewe, gelykheid, vryheid en sekerheid van die persoon, regsbeskerming en ’n aangename werksomgewing in.

Veral artikel 3(e), (f) en (h) van die deklarasie is van besondere belang vir vroue met gestremdhede. Paragraaf (e) bepaal dat vroue die reg

¹⁴⁶ Gostin LO stel dit soos volg: “First, they help establish international human rights norms by creating a baseline of fair and decent treatment of persons with mental disabilities. Second, they enable fairer and more effective monitoring of psychiatric abuses because international and nonprofit organizations have a standard with which to judge extant mental health policies. Finally, and most importantly, resolutions can be used as an interpretative guide to international treaty obligations”, in Gostin LO (2000) 23(2) *International Journal of Law and Psychiatry* 132.

¹⁴⁷ Die “Declaration on the Elimination of Violence against Women” wat op 20 Desember 1993 by resoluëie 48/104 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is.

het om vry te wees van alle vorme van diskriminasie. Vroue is verder ingevolge paragraaf (f) geregtig op fisieke en geestesgesondheid van die hoogste beskikbare gehalte. Van verdere belang vir vroue met gestremdhede is paragraaf (h) waarvolgens vroue, en dus ook vroue met gestremdhede, nie onderwerp mag word aan mishandeling of enige ander wrede, onmenslike of vernederende behandeling nie. Vroue met gestremdhede is veral kwesbaar en kan maklik in aanhouding aan bogenoemde onderwerp word. Hierdie paragraaf is gevolglik van toepassing op vroue met geestegestremdhede in aanhouding, maar ook op ander vroue met gestremdhede wat teen wrede, onmenslike of vernederende behandeling beskerm moet word.

2.3.8 Die Weense Deklarasie van 25 Junie 1993 (Vienna Declaration)

Die Wêreldkonferensie oor Menseregte, ’n konferensie van die Verenigde Nasies, het op 25 Junie 1993 die Weense Deklarasie en die Program van Aksie¹⁴⁸ aangeneem.¹⁴⁹ ’n Belangrike rede vir die aanname van die deklarasie was om die langdurige twyfel aangaande die universaliteit van menseregte te besweer, en die verbintenis van die internasionale gemeenskap daartoe te bevestig. Dit is insiggewend dat daar in paragraaf 63, 64 en 65 van afdeling II.B onder die opskrif “Gelykheid, waardigheid en verdraagsaamheid” spesifiek na die regte

¹⁴⁸ Verwys na die Wêreldkonferensie oor Menseregte wat vanaf 14 tot 25 Junie 1993 te Wene plaasgevind het.

¹⁴⁹ “Vienna Declaration and Programme of Action Adopted by the World Conference on Human Rights in Vienna on 25 June 1993” <<http://www2.ohchr.org/english/law/vienna.htm>> (laaste besoek op 10 Maart 2008); en Jones M en Marks LA “Law and the Social Construction of Disability” in Jones M en Marks AB (reds) (1999) 21.

van gestremde persone verwys word.¹⁵⁰ Paragraaf 63 herbevestig dat persone met gestremdhede dieselfde menseregte as ander persone geniet ¹⁵¹ en gaan selfs soos volg verder in paragraaf 64:¹⁵²

The place of disabled persons is everywhere. Persons with disabilities should be guaranteed equal opportunity through the elimination of all socially determined barriers, be they physical, financial, social or psychological, which exclude or restrict full participation in society.

Dié erkenning van gelyke geleenthede vir persone met gestremdhede deur die verwydering van hindernisse wat deur die gemeenskap geskep is, is ’n betekenisvolle kopskuif van die internasionale gemeenskap in die rigting van die sosiale model van gestremdheid en die menseregteperspektief daartoe.

2.3.9 *Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte, Algemene Opmerking nommer 5: Persone met Gestremdhede (Committee on Economic, Social and Cultural Rights, General Comment Number 5, Persons with disabilities)*

¹⁵⁰ Paragraaf 6, in afdeling II.B, vervat die regte van persone met gestremdhede.

¹⁵¹ Paragraaf 63 van die Weense Deklarasie en Program van Aksie bevestig dat: “The World Conference on Human Rights reaffirms that all human rights and fundamental freedoms are universal and thus unreservedly include persons with disabilities. Every person is born equal and has the same rights to life and welfare, education and work, living independently and active participation in all aspects of society. Any direct discrimination or other negative discriminatory treatment of a disabled person is therefore a violation of his or her rights. The World Conference on Human Rights calls on Governments, where necessary, to adopt or adjust legislation to assure access to these and other rights for disabled persons”.

¹⁵² Weense Deklarasie en Program van Aksie, A/CONF.157/23 (1993).

Die komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte is deur ’n resoluëie van die Ekonomiese en Sosiale Raad tot stand gebring. Dié komitee is die moniteringsliggaam van die IVESKR (die “Moniteringskomitee”)¹⁵³ en die implementering van die IVESKR word deur dié Moniteringskomitee behartig.

In antwoord op ’n versoek van die Ekonomiese en Sosiale Raad het die Moniteringskomitee vanaf sy derde sessie Algemene Opmerkings uitgereik. Die doel van die Algemene Opmerkings is om lidstate by te staan in die uitvoering van hul rapporteringsverpligtinge.¹⁵⁴ Algemene Opmerking nommer 5 van die Moniteringskomitee sit die verpligting uiteen wat in verband met gestremdes uit die IVESKR voortvloei.

In afdeling IV van Opmerking nommer 5, onder die opskrif: “Spesifieke Bepalings van die Verbond” word die strategiese implementering van regte van persone met gestremdhede uiteengesit. Artikel 3, onder die opskrif: “Gelyke regte vir mans en vroue”, fokus op gelykheid,¹⁵⁵ en spoor state aan om aandag te gee aan die posisie

¹⁵³ Vir meer inligting oor dié komitee van die 11de sessie van 1994 van die Verenigde Nasies: VN Dokument E/1995/22 by 19 (1995), herdruk in kompilasie met Algemene Opmerkings en Algemene Aanbevelings aangeneem deur Menseregte Verdragsliggame, Verenigde Nasies dokument HRI/GEN/1/Rev. 6 (2003) 24 en kan besoek word by <<http://www1.umn.edu/humanrts/gencomm/epcomm5e.htm>> (laaste besoek op 8 Januarie 2007); en “Persons with disabilities: 09/12/94 CESCR General comment 5 (General Comments)” <<http://www.unhcr.ch/tbs/doc.nsf/0/4b0c449a9ab4ff72c12563ed0054f17d>> (laaste besoek op 10 Maart 2008).

¹⁵⁴ Quinn G en Degener T (2002) 54.

¹⁵⁵ Gelyke regte tussen mans en vroue. Die sogenaamde dubbele diskriminasie ontstaan wanneer daar teen ’n vrou gediskrimineer word op grond van haar geslag, sowel as haar gestremdheid.

van vroue met gestremdhede. Die Moniteringskomitee benadruk die feit dat die implementering van ekonomiese, sosiale en kulturele regsgebaseerde programme wat fokus op vroue voortaan hoër prioriteit moet geniet.¹⁵⁶

Artikel 6 tot 8 sit regte met betrekking tot werk uiteen. Artikel 6(1) bepaal dat elkeen geregtig is op die geleentheid om ’n lewe te maak uit ’n beroep wat hy/sy vrylik gekies het. Beskutte arbeid alleen vir werkers met gestremdhede kan egter nie behoorlik aan hierdie reg voldoen nie. Dienooreenkomstig verwys die Moniteringskomitee na beginsel 13(3) van die Beginsels vir die Beskerming van Persone met Geestesiektes en die Verbetering van Geestesgesondheidsorg,¹⁵⁷ en benadruk dat “terapeutiese behandeling” wat op dwangarbeid neerkom, nie versoenbaar is met die IVESKR nie.

State moet volgens die Moniteringskomitee verseker dat die gebruik van openbare vervoerstelsels vir gestremdes toeganklik is, want as dit nie so is nie, word hulle in verskeie opsigte benadeel: hulle vind dit moeilik om beroepsgerigte of ander vorme van opleiding te ontvang; hulle kanse om geskikte en werksgeleenthede op gelyke voet met nie-gestremdes te kry verskraal dramaties; en hulle kan nie maklik tussen werk en ander fasiliteite pendel nie. Artikel 7 vereis dat gestremde persone in die posisie geplaas word om billike en gunstige werksomstandighede te kan geniet. Die Moniteringskomitee is gekant

¹⁵⁶ In die verband verwys die verslag van die Sekretaris-Generaal aangaande die implementering van die Wêreldprogram van Aksie (A/47/415 paragrawe 35, 46, 74 en 77), ook telkens na die versuim om vroue met gestremdhede se regte te beskerm.

¹⁵⁷ Soos bespreek in paragraaf 2.3.6 *supra*.

teen enige vorm van diskriminasie teen werkers met gestremdhede indien hulle dieselfde werk as nie-gestremde persone verrig.¹⁵⁸ Regte met betrekking tot vakbonde soos vervat in artikel 8 van die konvensie is ook van toepassing op persone met gestremdhede ongeag of hulle in besette of ope die arbeidsmark werksaam is. Genoemde regte kan volgens die Moniteringskomitee ook in samehang met ander regte, soos die reg op vryheid van assosiasie, vertolk word. Die belang hiervan blyk daaruit dat die Moniteringskomitee meen dat persone met gestremdhede hul eie organisasies kan stig. Die IAO het omvattende instrumente met betrekking tot arbeidsverwante regte vir persone met gestremdhede ontwikkel. Die Moniteringskomitee verwys in afdeling IV.B na hierdie instrumente, en moedig staatspartye aan om hierdie instrumente te bekragtig.¹⁵⁹

Artikel 9 van die IVESKR handel met die reg op sosiale sekerheid waarvolgens bestaanssekerheid by wyse van inkomste-ondersteuning aan persone met gestremdhede voorsien kan word. Die Moniteringskomitee verwys na die Standaardreëls¹⁶⁰ en meer spesifiek Reël 8, paragraaf 1, dat state voorsiening moet maak vir genoegsame inkomstebystand aan persone wat weens hulle gestremdheid of faktore verwant daaraan hulle werk tydelik verloor het, verminderde inkomste

¹⁵⁸ Die Moniteringskomitee verwys hier spesifiek na lone en ander diensvoorwaardes wat betrekking het op persone met gestremdhede.

¹⁵⁹ Dit sluit die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) Konvensie (Nr. 159) met betrekking tot Beroepsgerigte Rehabilitasie en Indiensneming van Gestremde Persone soos bedoel in paragraaf 2.2.3 *supra*. Vir meer inligting hieroor kan Aanbeveling Nr. 99 van 1955 wat handel met beroepsgerigte rehabilitasie van gestremdes, en Aanbeveling Nr. 168 van 1983 wat handel met beroepsgerigte rehabilitasie en indiensneming van persone met gestremdhede geraadpleeg word.

¹⁶⁰ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

ontvang of werksgeleenthede geweier is. Volgens die Moniteringskomitee behoort hierdie ondersteuning ook beskikbaar te wees vir uitgawes verbonde aan die eiesoortige behoeftes van persone met gestremdhede. Daarbenewens behoort die ondersteuning so vermoontlik individue (wat oorweldigend uit vroue bestaan), asook diegene wat verantwoordelik is vir die versorging van persone met gestremdhede in te sluit. In hierdie konteks wys die Moniteringskomitee daarop dat institusionalisering van persone met gestremdhede, tensy dit noodsaaklik geag word, nie maatskaplike bestaansekerheid behoort te vervang nie.

Artikel 10 handel oor die beskerming van die gesin en in die besonder moeders en kinders. Die vereiste wat die IVESKR vir beskerming en bystand van persone met gestremdhede stel, beteken dat beskerming en bystand aan persone met gestremdhede wat by hulle familie wil inwoon verleen moet word. Artikel 10 impliseer dus, onderworpe aan die algemene beginsels van internasionale menseregte, dat ’n persoon met ’n gestremdheid daarop geregtig is om te kan trou en ’n eie gesin te kan hê.¹⁶¹ Hierdie reg word egter maklik geïgnoreer, veral as een of albei persone verstandelik of intellektueel gestremd is. Die Moniteringskomitee versoek staatspartye om te verseker dat wetgewing of sosiale beleid en praktyk nie op die verwesenliking van hierdie reg inbreuk maak nie. Verder het vroue met gestremdhede ook die reg op beskerming en bystand wat moederskap en swangerskap betref. Die Moniteringskomitee verwys in die verband na die

¹⁶¹ Verenigde Nasies dokument E/CN.4/Sub.2/1991/31 deel 190 en 193.

Standaardreëls¹⁶² en meer spesifiek Reël 9, paragraaf 2. Hierdie reël erken dat persone met gestremdhede dikwels nie die geleentheid het om hulle seksualiteit te ervaar, om seksuele verhoudings aan te gaan en ouerskap te ervaar het nie. Hierdie behoeftes en begeertes van gestremdes, wat oor die algemeen dikwels in sowel ’n ontspannings- as voortplantingskonteks ontken word, behoort volgens die Moniteringskomitee erken te word. Sterilisasies of aborsies sonder die voorafgaande toestemming van die betrokke gestremde vrou word as ’n ernstige oortreding van artikel 10(2) beskou. Laastens bevestig artikel 10(3) die spesiale beskerming¹⁶³ wat vir veral kinders met gestremdhede beskikbaar behoort te wees vanweë hulle kwesbaarheid weens uitbuiting, mishandeling en verwaarlosing.

Die reg op ’n bevredigende lewenstandaard soos vervat in artikel 11 beoog dat voldoende voedsel, toeganklike behuising en ander basiese materiële middele vir mense met gestremdhede beskikbaar moet wees. Die Moniteringskomitee wys verder op die noodsaak om te verseker dat ondersteuningsdienste, insluitende bystandshulpmiddels vir persone met gestremdhede beskikbaar is ten einde hulle onafhanklikheid te verhoog en hulle in staat te stel om hulle regte uit te oefen.¹⁶⁴

¹⁶² Sien paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

¹⁶³ Herbevestig deur ooreenstemmende bepalings van die bepalings van die Konvensie oor die Regte van ’n Kind, soos bedoel in paragraaf 2.3.5 *supra*.

¹⁶⁴ Soos vervat in Reël 4 van die Standaardreëls paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

Die reg op fisieke en mediese versorging word in artikel 12 vervat, wat by implikasie ook betrekking het op persone met gestremdhede wat die reg het op toegang tot, en voordele van, mediese en maatskaplike dienste. Hierdie voordele en dienste, wat ortopediese hulpmiddele insluit, stel persone met gestremdhede in staat om onafhanklik in die sosiale integrasie proses te wees.¹⁶⁵ Die Moniteringskomitee vereis ook dat persone met gestremdhede van rehabilitasie-dienste voorsien moet word wat hulle in staat stel om hul optimale vlak van onafhanklikheid en funksionering te bereik en te handhaaf.¹⁶⁶

Die reg op opvoeding word in artikel 13 en 14 van die verbond vervat. Die Moniteringskomitee verwys na Reël 6 van die Standaardreëls¹⁶⁷ wat vereis dat state die beginsel van gelyke primêre, sekondêre en tersiêre opvoedingsgeleenthede vir kinders, jong mense en volwassenes met gestremdhede in 'n geïntegreerde omgewing moet erken. Om hierdie benadering egter in werking te stel behoort state volgens die Moniteringskomitee te verseker dat onderwysers ten volle toegerus moet word om kinders met gestremdhede in gewone skole te onderrig. Vir hierdie doel vereis die Moniteringskomitee dat dieselfde noodsaaklike apparatuur en beskikbare bystandsmiddelle wat vir nie-gestremde kinders beskikbaar is, ook aan kinders met gestremdhede van dieselfde portuurgroep verskaf moet word.

¹⁶⁵ sien ook paragraaf 6 van die Deklarasie oor die Regte van Gestremde Persone van 9 Desember 1975 (soos bespreek in paragraaf 2.2.2 *supra*), asook die Wêreldprogram van Aksie (soos bespreek in paragraaf 2.2.4 *supra* en meer spesifiek paragrawe 95 tot 107 van die Wêreldprogram van Aksie).

¹⁶⁶ sien ook Reël 3 van die Standaardreëls soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

¹⁶⁷ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

Die reg om deel te neem aan die kultuurlewe en om die voordele van wetenskaplike vooruitgang te geniet, word in artikel 15 van die verbond vervat.¹⁶⁸ Die Moniteringskomitee verwys laastens in Algemene Opmerking nommer 5 na Standaardreël 10, paragrawe 1 en 2 wat bepaal dat:

[s]tates should ensure that persons with disabilities have the opportunity to utilize their creative, artistic and intellectual potential, not only for their own benefit, but also for the enrichment of their community, be they in urban or rural areas . . . States should promote the accessibility to and availability of places for cultural performances and services.

Dieselfde verpligting is volgens die Moniteringskomitee ook op ontspanning, sport en toerisme van toepassing. Volgens die Moniteringskomitee word volle deelname aan die kultuurlewe en ontspanning en die verwydering van gebrekkige kommunikasie vereis.

Laastens, wys die Moniteringskomitee daarop dat die fasilitering van gelyke deelname aan kultuurlewe van persone met gestremdhede slegs moontlik is indien regerings die algemene publiek van gestremdheid bewus maak en daaroor inlig. In besonder verwys die Moniteringskomitee na maatreëls wat ingestel behoort te word om

¹⁶⁸ Hierdie Algemene Opmerking nommer. 5 het betrekking op artikel 3 van die IVEKR. Die algemene opmerking verwys ook na ander regte in die IVEKR soos: werksverwante regte in artikels 6 tot 8; sosiale sekerheid vervat in artikel 9; beskerming van die familie vervat in artikel 10; die redelike lewenstandaard vervat in artikel 11; die regte tot fisieke en geestesgesondheid vervat in artikel 12; reg om onderrig te word vervat in artikels 13 en 14; en die reg om deel te neem aan die kulturele lewe en om die voordele te geniet van wetenskaplike voortuitgaan soos vervat in artikel 15.

vooordeel of bygeloof¹⁶⁹ uit die weg te ruim. Die algemene publiek behoort eweneens opgevoed te word om te aanvaar dat gestremdes dieselfde regte as ander persone in restaurante, hotelle, ontspanningsentrums en kulturele ruimtes mag geniet.

In hierdie afdeling is spesifiek gehandel met die Moniteringskomitee se Algemene Opmerking nommer 5 wat die strategiese implementering van regte van persone met gestremdhede ingevolge die IVESKR uiteensit. Persone met gestremdhede geniet weliswaar nie in enige ander algemene opmerkings van die Moniteringskomitee spesifieke aandag nie. Daar word wel na kwesbare en gemarginaliseerde groepe in ander Algemene Opmerkings verwys wat ongetwyfeld gestremdes sal insluit.¹⁷⁰ Vir huidige doeleindes sal daar nie verder met enige ander Algemene Opmerkings van die Moniteringskomitee gehandel word nie.

2.3.10 *Kopenhagen Deklarasie 6 tot 12 Maart 1995*

Die Kopenhagen Deklarasie oor Sosiale Ontwikkeling en die Program van Aksie van die Wêreldberaad vir Sosiale Ontwikkeling¹⁷¹ is ’n

¹⁶⁹ In “Persons with disabilities: 09/12/94. CESCR General Comment 5 (General Comments)” <<http://www.unhcr.ch/tbs/doc.nsf/0/4b0c449a9ab4ff72c12563ed0054f17d>> (laaste besoek op 10 Maart 2008) verwys die Moniteringskomitee spesifiek na die voorbeeld van epilepsie: “those that view epilepsy as a form of spirit possession or a child with disabilities as a form of punishment visited upon the family. Similarly, the general public should be educated to accept that persons with disabilities have as much right as any other person to make use of restaurants, hotels, recreation centres and cultural venues”. Sien ook die bespreking in paragraaf 2, hoofstuk 2 *supra* van hierdie proefskrif.

¹⁷⁰ Quinn G en Degener T (2002) 55.

¹⁷¹ Die Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die Verenigde Nasies dokument A/CONF.166/9, aanhangsels I (Deklarasie) en II (Wêreldprogram

besondere omvangryke en interessante dokument. Dié Wêreldberaad het in 1995 te Kopenhagen plaasgevind en die Deklarasie en Wêreldprogram¹⁷² is later voortspruitend uit die verrigtinge van die beraad as ’n resoluëie van die Algemene Vergadering op 19 November 1999 aangeneem. Alhoewel die deklarasie nie-bindend is nie, het dit oortuigingskrag. Talle van die algemene bepalings is direk op gestremdheid van toepassing. Verwysing na gestremdheid kom verskeie kere in die dokument voor en die dokument verleen erkenning aan gestremdes as die wêreld se grootste minderheidsgroep.¹⁷³ Die deklarasie onderstreep die noodsaak van toegang tot rehabilitasie, bystandstegnologie, ander dienste wat die gestremde in staat stel om ’n onafhanklike lewe te geniet.¹⁷⁴ Dit beklemtoon ook langtermyn gemeenskapsgebaseerde diens vir diegene wat deur ’n verlies van onafhanklikheid in die gesig gestaar word.¹⁷⁵ Verder word die behoefte en regte van kinders met gestremdhede uitgelig¹⁷⁶ en melding spesifiek gemaak van die noodsaak om persone met gestremdhede se werksmoontlikhede te verbreed.¹⁷⁷ Dit impliseer

van Aksie, soos bedoel in paragraaf 2.2.4 *supra*, op cit vn 84); en die Resoluëie daardeur aangeneem van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies A/RES/54/23 van 19 November 1999.

¹⁷² Soos bedoel in paragraaf 2.2.4 *supra*, op cit vn 84.

¹⁷³ Verenigde Nasies dokument A/CONF.166/9, aanhangsels I, paragraaf 16(h).

¹⁷⁴ Verenigde Nasies dokument A/CONF.166/9, aanhangsel I, verbintenis 6(n).

¹⁷⁵ Verenigde Nasie dokument A/CONF. 166/99, hoofstuk I, onder die opskrif “Eradication of poverty”, paragraaf 35(j).

¹⁷⁶ Verenigde Nasie dokument A/CONF. 166/99, hoofstuk I onder die opskrif “Eradication of poverty”, paragraaf 39(e).

¹⁷⁷ Verenigde Nasie dokument A/CONF. 166/99, hoofstuk III onder die opskrif “Expansion of productive employment and reduction of unemployment”, paragraaf 62(a) tot (c).

dat bestaande diskriminasie beëindig en pro-aktiewe maatreëls getref moet word.¹⁷⁸

Dit is insiggewend dat die Program van Aksie van die Wêreldberaad vir Sosiale Ontwikkeling bepaal dat bevordering en implementering van die Standaardreëls¹⁷⁹ deur state aangewend kan word om aan die spesiale, sosiale behoeftes van persone met gestremdhede aandag te gee.¹⁸⁰ State behoort te strew na die skep van gelyke geleenthede sodat gestremdes kan bydra tot, en voordele kan trek uit, gemeenskapsbetrokkenheid. Beleid oor gestremde persone behoort te fokus op hulle vermoëns eerder as op hulle onvermoë ten einde hulle waardigheid as burgers te verseker.¹⁸¹

Die Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies het in 1999 ’n verslag oor die Program van Aksie van die Wêreldberaad vir Sosiale Ontwikkeling, aan die Kommissie vir Sosiale Ontwikkeling¹⁸² as ’n

¹⁷⁸ Verenigde Nasie dokument A/CONF. 166/99, hoofstuk III onder die opskrif “Expansion of productive employment and reduction of unemployment”, paragraaf 62(c).

¹⁷⁹ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

¹⁸⁰ Quinn G & Degener T (2002) 25.

¹⁸¹ Verenigde Nasie dokument A/CONF. 166/99, paragraaf 75 (k).

¹⁸² Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “Commission for Social Development” in die “Interim Report of the Secretary-General on Implementation of the World Programme of Action concerning Disabled Persons” A/RES/S-24/2. Meer oor hierdie kommissie by “Commission for Social Development” <<http://www.un.org/esa/socdev/csd/>> en “Interim Report of the Secretary-General on Implementation of the World Programme of Action concerning Disabled Persons” A/RES/S-24/2 (laaste besoek op 31 Mei 2008).

opvolgstuk van die Wêreldberaad vir Sosiale Ontwikkeling¹⁸³ gerig. In 2000 het die Algemene Vergadering ’n spesiale opvolg sessie van die genoemde wêreldberaad gehou.¹⁸⁴ ’n Dokument getiteld “Further Initiatives for Social Development” het uit hierdie sessie voortgevloei. In verband met gestremdheid wys die dokument op die volgende noodsaaklike stappe wat vereis word:¹⁸⁵ Die implementering van die Standaardreëls¹⁸⁶ moet bevorder word want dit sal, onder andere volle gemeenskapsbetrokkenheid vir persone met gestremdhede moontlik maak. In dié verband moet op bepaalde mense, soos gestremde vrouens, kinders en geestegestremdes gekonsentreer word. Verder moet dit vir gestremdes makliker gemaak word om die arbeidsmark te betree. Dit kan gedoen word deur werkplekke beter te ontwerp en te organiseer en die bekwaamheid van gestremdes deur rehabilitasie en opleiding te verhoog.

2.3.11 Beijing Deklarasie en Beleid van Optrede van 1995 (Beijing Declaration and Platform for Action)

¹⁸³ Hierdie verkorte Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “World Summit for Social Development in Copenhagen, 1995”. Meer oor die Wêreldberaad vir Sosiale Ontwikkeling “Commission for Social Development” <<http://www.un.org/esa/socdev/csd/>> (laaste besoek op 31 Mei 2008).

¹⁸⁴ “Documents of the Social Summit +5 Special Session of the United Nations General Assembly Geneva, 26 June – 1 July 2000” <<http://www.un.org/esa/socdev/geneva2000/documents/>> (laaste besoek op 12 Maart 2008); en Quinn G & Degener T (2002) 25.

¹⁸⁵ “Resolution adopted by the General Assembly [without reference to a Main Committee (A/S-24/8/Rev.1)] S-24/2. Further initiatives for social development” <<http://daccessdds.un.org/doc/UNDOC/GEN/N00/665/16/PDF/N0066516.pdf?OpenElement>> (laaste besoek op 20 Maart 2007); en Quinn G & Degener T (2002) 25.

¹⁸⁶ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

Gedurende Junie 1975 is die Eerste Wêreld Konferensie oor Vroue in Meksikostad gehou. Hierna het die Tweede Wêreld Konferensie in Julie 1980 in Kopenhagen en die Derde Wêreld Konferensie in Julie 1985 in Nairobi gevolg. Hierdie konferensies het die ongelyke status van vroue onderstreep. Die Vierde Wêreld Konferensie oor Vroue het op 15 September 1995 die Beijing Deklarasie en Platvorm van Optrede¹⁸⁷ aangeneem, en in Desember 1995 bekragtig. Alhoewel die Platvorm van Optrede nie-bindend is, het dit oortuigingskrag by die uitleg van die reg in nasionale jurisdiksies. Die Platvorm van Optrede bestaan uit meer as driehonderd paragrawe wat oor 6 hoofstukke strek is en oor die bevordering van die belange van vroue handel.¹⁸⁸ Paragrawe wat spesifiek op vroue met gestremdhede betrekking het, kom in al ses hoofstukke voor. Hierdie paragrawe bevat, wat genoem kan word die beleid oor vroue met gestremdhede. Paragraaf 32 vereis dat pogings verskerp moet word om te verseker dat gelyke genietinge van alle menseregte en fundamentele vryhede vir vroue van alle ouderdomme beskikbaar is. Van die struikelblokke waarmee vroue in die verband gekonfronteer word is die volgende (van dieselfde struikelblokke word ook in paragraaf 46 in dieselfde verband

¹⁸⁷ Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na die “Beijing Declaration and Platform for Action” van die “Fourth World Conference on Women, 15 September 1995”, waarna verder bloot verwys sal word as die Platvorm van Optrede.

¹⁸⁸ Raadpleeg die webwerf van die Verenigde Nasies “Women with Disabilities: Lessons of Reinforcing the Gender Perspective in International Norms and Standards Part 2 of 3: What the Platform says about Women with Disabilities” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis2.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007) in die verband. Die Platvorm van Optrede bestaan uit ses hoofstukke wat handel met “a mission statement; description of the global framework containing an analysis of how world conditions affect women; brief descriptions of twelve critical areas of concern in which priority actions are required for advancement of women; detailed description of strategic objectives to address these critical areas and the actions necessary; institutional arrangements; and financial arrangements”.

genoem):¹⁸⁹ ras, ouderdom, taal, etnisiteit, kultuur, geloof en gestremdheid.¹⁹⁰

Volgens paragraaf 60 moet nasionale en internasionale nie-regeringsorganisasies, sowel as vroueregte-groepe stappe doen om alle belanghebbendes te mobiliseer om deel te neem aan die ontwikkelingsproses wat onder andere betrekking het op vroue met gestremdhede. Regerings moet volgens paragraaf 80 maatreëls tref om diskriminasie teenoor vroue te verwyder en gelyke toegang tot opvoedkundige instellings vir hulle te bewerkstellig. Paragraaf 81 vereis van alle rolspelers om behulpsaam te wees om 'n afname in ongeletterheid by vroue, en veral vroue met gestremdhede, te bewerkstellig. In aansluiting hierby vereis paragraaf 82 dat toepaslike kwaliteitsonderrig vir vroue met gestremdhede toeganklik moet wees. Gesondheidskwessies wat vir vroue met gestremdhede van belang is, word in paragrawe 101, 106 en 109 van die Platvorm van Optrede aangesny. Weens die feit dat mense al hoe ouer word, is daar uiteraard ook al hoe meer ouer vroue. Hoë ouderdomme bring gestremdheid met gepaardgaande probleme mee. Hierdie kwessie en ook gendergevoelige gesondheidsprogramme wat gerig is op die spesiale behoeftes van vroue met gestremdhede geniet onder andere in hierdie paragrawe aandag.

Volgens paragraaf 116 wat handel oor geweld teen vroue, is vroue met gestremdhede besonder blootgestel aan geweld. Paragraaf 124 doen 'n

¹⁸⁹ "Women with Disabilities: Lessons of Reinforcing the Gender Perspective in International Norms and Standard Part 2 of 3" <<http://www.un.org/esa/socdev/enable/women/wwdis2.htm>> (laaste besoek op 17 Augustus 2007).

¹⁹⁰ *Ibid.*

beroep op regerings om te verseker dat sulke vroue toegang tot inligting oor geweld teen vroue verkry en ook hulpdienste vir sulke vroue beskikbaar is. Regerings, werkgewers, vakbonde, gemeenskaps- en jeugorganisasies sowel as nie-regeringsorganisasies moet volgens paragraaf 126 spesiale maatreëls tref om geweld teen vroue, en meer spesifiek vroue met gestremdhede, te voorkom. In paragraaf 175 word regerings versoek om stappe te doen om programme te ondersteun wat die selfstandigheid van spesiale groepe soos jong vroue, vroue met gestremdhede, ouer vroue en vroue wat aan ras- en etniese minderhede behoort te bevorder. In die konteks van vroue en die ekonomie is paragraaf 178 belangrik. Hierdie paragraaf bevat voorskrifte aan regerings, werknemers, werkgewers, vakbonde en vroueorganisasies in verband met –

- die implementering van programme om diskriminasie teen onder andere gestremde vroue uit te skakel; en
- die ontwikkeling van spesiale programme om gestremde vroue in staat te stel om werk te bekom en te behou, om toegang tot opvoeding en opleiding te kry, en om werksomstandighede aan te pas om aan die behoeftes van gestremde vroue te voldoen.

Paragraaf 225 handel met menseregte en in die besonder vroueregte. Erkenning word hierin verleen aan die feit dat talle vroue addisionele hindernisse weens faktore soos ras, taal, etnisiteit, kultuur, gestremdheid, ensomeer in die gesig staar. Ingevolge paragraaf 232 word van state verwag om stappe te doen om die implementering van aanbevelings vervat in die Standaardreëls¹⁹¹ te versterk en aan te

¹⁹¹ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

moedig. In die verband moet spesiale aandag gegee word aan die uitskakeling van diskriminasie, die voorsiening van gelyke genieting van alle menseregte en fundamentele vryhede aan alle vroue met gestremdhede.

Verder, wat betref die menseregte van vroue, vereis paragraaf 233 van regerings en nie-regeringsorganisasies, die Verenigde Nasies en ander internasionale organisasies om waar moontlik internasionale regsinstrumente oor menseregte vir vroue in plaaslike inheemse tale te vertaal en ook in alternatiewe formate wat toepaslik is vir persone met gestremdhede beskikbaar te stel. Dié instrumente sluit in die Universele Deklarasie van Menseregte,¹⁹² die IVESKR,¹⁹³ die IVPBR,¹⁹⁴ die Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue,¹⁹⁵ die Internasionale Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Rassediskriminasie,¹⁹⁶ die Konvensie oor die Regte van die Kind,¹⁹⁷ die Konvensie teen Marteling en Ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Vorme van Behandeling of Straf,¹⁹⁸ die

¹⁹² Soos bedoel in paragraaf 2.2 *supra*.

¹⁹³ *Ibid.*

¹⁹⁴ *Ibid.*

¹⁹⁵ Soos bedoel in paragraaf 2.3.1 *supra*.

¹⁹⁶ Die “International Convention on the Elimination of All Forms of Racial Discrimination” wat by resoluëie 2106 (XX) van die Algemene Vergadering op 21 Desember 1965 aangeneem is. Hierdie Konvensie het op 4 Januarie 1969 in werking getree.

¹⁹⁷ Soos bedoel in paragraaf 2.3.5 *supra*.

¹⁹⁸ Die “Convention against Torture and Other Cruel, Inhuman or Degrading Treatment or Punishment” wat by resoluëie 39/46 van die Algemene Vergadering aangeneem is (U.N. Doc. A/39/51 (1984)) en op 26 Junie 1987 in werking getree het.

Deklarasie oor die Reg op Ontwikkeling¹⁹⁹ en die Deklarasie oor Uitskakeling van Geweld teen Vroue,²⁰⁰ asook die resultate van relevante Verenigde Nasies Konferensies, berade en verslae van die Komitee oor die Uitskakeling van Diskriminasie teen Vroue. Die betrokke paragraaf vereis verder dat bogenoemde inligting in maklik verstaanbare taal gepubliseer en versprei word. So ook moet toepaslike, alternatiewe kommunikasiemiddele vir persone met gestremdhede beskikbaar gestel word.

Dogtertjies met gestremdhede het met addisionele hindernisse te kampe. In paragraaf 270 word die betrokke kinders se regte in die verband aangeroe. Daar word daarop aangedring dat daar nie teen hulle gediskrimineer word nie, en dat hulle alle menseregte en fundamentele vryhede soos in die Standaardreëls²⁰¹ uiteengesit, moet geniet.

2.4 Die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO), Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF), Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO), die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en ander relevante organe van die Verenigde Nasies

Verskillende internasionale organisasies het die afgelope dekades toenemend gefokus op gestremdheid as verskynsel wat die aandag van die

¹⁹⁹ Die “Declaration on the Right to Development” wat by resoluë 41/128 van die Algemene Vergadering op 4 Desember 1986 aangeneem is.

²⁰⁰ Soos bedoel in paragraaf 2.3.7 *supra*.

²⁰¹ Soos bedoel in paragraaf 2.2.5 *supra* en *op cit* vn 113.

georganiseerde wêreldgemeenskap verg. Hierdie groter fokus moet beoordeel word in samehang met ’n besef dat die besorgdheid oor die menslike lyding weens gestremdheid noodwendig in noue verband gebring moet word met die beskerming van menseregte wat as meer omvattende konsep reeds groter momentum geniet.

In hoeverre die organe van die Verenigde Nasies se pogings om die regte van persone met gestremdhede te beskerm reeds as deel van menseregtebeskerming in die algemeen beskou word, blyk uit die webwerf van die Verenigde Nasies onder die opskrif “Persons with Disabilities, The UN Systems at Work”.²⁰² Alhoewel ’n bespreking van hierdie subonderwerpe en programme buite die bestek van hierdie studie val, word bepaalde subonderwerpe en programme van die Verenigde Nasies wat handel oor aspekte van gestremdheid hieronder uitgelig:

- Die Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF)²⁰³ lys onderwerpe met die titels “tien boodskappe vir kinders met gestremdhede” asook “kinderbeskerming”, as relevante onderwerpe wat handel oor gestremdheid.²⁰⁴

²⁰² Die webblad kan gevind word by <<http://www.un.org/issues/m-disabl.html>> (laaste besoek op 18 Augustus 2007).

²⁰³ Die “United Nations Children's Fund” ook na verwys as “UNICEF”.

²⁰⁴ “Child protection from violence, exploitation and abuse” <<http://www.unicef.org/protection/index.html>> (laate besoek op 31 Mei 2008); en “Ten messages about children with disabilities” <<http://www.unicef.org/teachers/learner/disable.htm>> (laaste besoek op 24 Augustus 2007).

- Die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (UNESCO)²⁰⁵ lys spesiale behoeftes ten opsigte van onderwys van belang vir gestremdheid en die Wêreldbank se betrokkenheid hierby.
- Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)²⁰⁶ handel met kwessies soos rehabilitasie van gestremdes;²⁰⁷ gestremdheid;²⁰⁸ ’n skedule vir die assessering van gestremdheid;²⁰⁹ internasionale klassifisering van funksionering, gestremdheid en gesondheid;²¹⁰ voorkoming van doofheid en gehoorgestremdhede;²¹¹ blindheid;²¹² doofheid²¹³ en geestesgesondheid.²¹⁴

²⁰⁵ Die “United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization” ook na verwys as “UNESCO”.

²⁰⁶ Die “World Health Organisation” ook na verwys as die “WHO”.

²⁰⁷ “World Health Organisation: Disability, including prevention, management and rehabilitation” <<http://www.who.int/nmh/a5817/en/>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²⁰⁸ “World Health Organisation: Disabilities” <<http://www.who.int/topics/disabilities/en/>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²⁰⁹ “WODAS II Disability Assessment Schedule” <<http://www.who.int/icidh/whodas/index.html>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹⁰ “ICF International Classification of Functioning, Disability and Health” <<http://www.who.int/classifications/icf/site/icftemplate.cfm>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹¹ “Institute Health and Life Science” <<http://www.intute.ac.uk/healthandlifesciences/medicine/>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹² “World Health Organisations: Blindness” <<http://www.who.int/topics/blindness/en/>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹³ “World Health Organisations: Deafness” <<http://www.who.int/topics/deafness/en/>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹⁴ “World Health Organisations: Mental Health” <http://www.who.int/mental_health/en/> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

- Die IAO²¹⁵ is betrokke by kwessies in verband met gestremdes en arbeid. Die Algemene Kongres van die IAO het in Junie 1985 die Konvensie oor Beroepsgerigte Rehabilitasie en Indiensneming van Gestremde Persone aangeneem. Hierdie konvensie is in paragraaf 2.3.3 *supra* bespreek.

Van verdere belang is die lys subonderwerpe en programme van die IAO wat op gestremdheid betrekking het.²¹⁶ In dié verband kan verwys word na die IAO se gestremdheidsprogram,²¹⁷ geestesgesondheidsbeleid en navorsing in die werkplek,²¹⁸ asook die praktykskode vir die bestuur van gestremdheid in die werkplek.²¹⁹

2.5 Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede (*Convention on the Rights of Persons with Disabilities*)

Die belangrikste bindende internasionale instrument op die gebied van gestremdheid is die Konvensie oor Gestremdheid.²²⁰ Om hierdie rede

²¹⁶ Vir die lys subonderwerpe en programme van die Verenigde Nasies wat handel oor gestremdheid sien "Persons with Disabilities, The UN Systems at Work" <<http://www.un.org/issues/m-disabl.html>> (laaste besoek op 18 Augustus 2007).

²¹⁷ "International Labour Organisation: ILO disability programme" <<http://www.ilo.org/public/english/employment/skills/disability/iloprog.htm>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹⁸ "International Labour Organisation: ILO Policy & Research" <http://www.ilo.org/public/english/employment/skills/disability/policy_m.htm> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²¹⁹ *Ibid.*

²²⁰ Die "Convention on the Rights of Persons with Disabilities" (Konvensie oor die Regte van Persone met Gestremdhede), waarna in hierdie proefskrif om doelmatigheidsredes verwys

gaan dié Konvensie, die aanloop daartoe en die inhoud daarvan breedvoerig hieronder bespreek word.

2.5.1 *Algemene Inleiding: Waarom ’n Konvensie spesifiek vir persone met gestremdhede?*

In ’n volmaakte wêreld sou die Universele Deklarasie van Menseregte, die Standaardreëls,²²¹ en ander instrumente hierbo bespreek, voldoende beskerming vir persone met gestremdhede gebied het. Die bespreking in hoofstuk 2 toon egter duidelik aan dat in die Westerse geskiedenis deurgaans teen persone met gestremdhede gediskrimineer is. Uit dié volgehoue diskriminasie is eerder simpatie as respek vir persone met gestremdhede gebore, in plaas daarvan dat hulle besondere regte erken is. Die traagheid van die internasionale gemeenskap en van gewone mense om die regte van persone met gestremdhede in ’n omvattende gestremdhedsverdrag te erken, blyk uit die bespreking van hierdie hoofstuk. Om hierdie rede is die nuwe Konvensie oor Gestremdheid ’n groot stap in die rigting om blote

word as die “Konvensie oor Gestremdheid”. In hierdie afdeling van hoofstuk 3 word na die Konvensie oor Gestremdheid verwys as “die Konvensie”. Raadpleeg ook “Convention on the Rights of Persons with Disabilities and Optional Protocol” <<http://www.un.org/esa/socdev/convention/info.htm>> (laaste besoek op 24 Augustus 2007) wat op 13 Desember 2006 by resoluë A/RES/61/10624 aanvaar is; “Convention on the Rights of Persons with Disabilities [A/RES/61/106], resolution adopted by the General Assembly [without reference to a Main Committee (A/61/611)]” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=61>> (laaste besoek op 11 Maart 2008); Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) (2009) 17; en sien ook in die verband paragraaf 1.2 *supra* met betrekking tot die wisselwerking tussen Suid-Afrikaanse- en internasionale reg, asook paragraaf 2.5.4.1 *infra*.

²²¹ Sien die bespreking in paragrafe 1.2 en 2.2.5 *supra* oor die Standaardreëls. Die Standaardreëls stel nie bindende verdragsreg daar nie, maar kan wel as internasionale gewoonteregsreëls bindend word indien state dit met die vereiste gesindheid van regsgebondenheid toepas.

simpatie vir mense met gestremdhede in daadwerklike erkenning van hulle regte om te sit. Die Konvensie verteenwoordig beslis 'n keerpunt wat betref die erkenning van die besondere menseregte van persone met gestremdhede.

Dié klemverskuiwing na die erkenning van regte verleen erkenning aan die feit dat benewens omgewingsfaktore, die samelewing se beskouing oor gestremdheid beslis vir persone met gestremdhede struikelblokke skep. Die doel van die Konvensie is om gelyke genietinge van alle menseregte te bevorder, te beskerm en te verseker. Die Konvensie skep nie nuwe regte of reg nie, maar ontwikkel 'n bepaalde aanwendingsveld van bestaande regte op 'n wyse wat spesifiek betrekking het op behoeftes en omstandighede van persone met gestremdhede. Sodoende word persone met gestremdhede in staat gestel om daardie regte optimaal te benut.

Die Konvensie het 'n uitdruklike, sosiale ontwikkelingsdimensie en bedoel om primêr 'n menseregte-instrument te wees.²²² Dit volg 'n breë benadering tot kategorisering van persone met gestremdhede en herbevestig dat sodanige persone alle menseregte en vryhede toekom. Die Konvensie kwalifiseer en bepaal hoe al die verskeie regte van toepassing is op persone met gestremdhede. Die Konvensie identifiseer ook die omstandighede waarin aanpassings gemaak moet word vir persone met gestremdhede ten einde hulle regte doeltreffend uit te oefen. Verder identifiseer die Konvensie areas waar regte

²²² *Op cit* vn 220.

tradisioneel geskend is en waar bestaande regte doeltreffender beskerm moet word.²²³

Die Algemene Vergadering het op 19 Desember 2001 ’n komitee, bekend as die *Ad hoc*-komitee,²²⁴ ingestel wat voorstelle moes oorweeg vir ’n omvattende en integrale internasionale konvensie om die waardigheid en regte van persone met gestremdhede te bevorder.²²⁵ Volgens die resoluëie moes die Konvensie ’n holistiese benadering volg ten opsigte van die werk wat op die gebied van sosiale ontwikkeling, menseregte en die verbod op diskriminasie gedoen word. Die aanbevelings van die Kommissie vir Menseregte en Kommissaris van Sosiale Ontwikkeling moes ook in ag geneem word.

Die eerste sessie van die *Ad hoc*-komitee het vanaf 29 Julie tot 9 Augustus 2002 plaasgevind. Ter voorbereiding van die komitee se tweede sessie is besluit om aanbevelings en sienswyses van state en alle relevante internasionale, streeks- en nasionale organisasies te verkry. Tydens die tweede sessie, vanaf 16 tot 27 Junie 2003, het die *Ad hoc*-komitee besluit om ’n werkgroep te skep. Die werkgroep se doelwit was om alle vorige bydraes te oorweeg en ’n konsepkonvensie op te stel. Die konsepkonvensie sou as basis vir onderhandeling tussen lidstate dien. Die werkgroep wat bestaan het uit verteenwoordigers

²²³ *Ibid.*

²²⁴ Die *Ad hoc*-komitee oor ’n omvattende en integrale internasionale Konvensie gemik op die beskerming en bevordering van die regte en waardigheid van persone met gestremdhede. Resoluëie 56/168 wat op 19 Desember 2001 deur die Algemene Vergadering aanvaar is.

²²⁵ “United Nations Enable: Timeline of Events” <<http://www.un.org/esa/socdev/enable//convinfohist1.htm>> (laaste besoek op 31 Augustus 2007).

van Verenigde Nasies-lidstate, nie-regeringsorganisasies en nasionale menseregte-instellings het vanaf 5 tot 16 Januarie 2004 vergader.

Die werkgroep het ’n voorlopige teks opgestel en in ooreenstemming met Algemene Vergadering resolusie 58/246 het die *Ad hoc*-komitee tydens sy derde sessie van 27 Mei tot 4 Junie 2004, met die onderhandelinge oor ’n konsepkonvensie begin. Die *Ad hoc*-komitee het tydens sy derde, en vierde sessie (vanaf 23 Augustus tot 3 September 2004), vyfde sessie (vanaf 24 Januarie tot 4 Februarie 2005) en sesde sessies (vanaf 1 tot 12 Augustus 2005) twee konsepteks weergawes voorgelê.²²⁶

Tydens die sewende sessie, vanaf 16 Januarie tot 3 Februarie 2006, het die *Ad hoc*-komitee ’n konsepteks voorgestel. Hierdie konsepteks, met ’n opsionele protokol, is tussen 14 en 25 Augustus 2006 tydens die agste sessie, as geheel eenparig aanvaar. Die *Ad hoc*-komitee het ’n sogenaamde *ontwerpgroep* saamgestel wat moes verseker dat die terminologie wat in die Konvensie oor Gestremdheid²²⁷ (ook in hierdie afdeling na verwys as “die Konvensie”) gebruik word, eenvormig in al die amptelike tale van die Verenigde Nasies moes wees. Met die hervatting van die agste sessie op 5 Desember 2006 het die voorsitter van die *ontwerpgroep* mondelings oor die groep se werksaamhede verslag gedoen. Die *Ad hoc*-komitee het ook die finale konsepverslag, saam met die konsepkonvensie oor die regte van persone met gestremdhede en die opsionele protokol na die Algemene Vergadering

²²⁶ *Ibid.*

²²⁷ *Op cit* vn 220.

deurgestuur. Die Konvensie en die Opsionele Protokol,²²⁸ is by wyse van ’n resoluëie op 13 Desember 2006 deur die Algemene Vergadering aanvaar. Hierdie Konvensie is die eerste groot menseregteverdrag van die 21ste eeu.²²⁹

Na meer as vier jaar van onderhandeling kon alle state dié mylpaalkonvensie vanaf 30 Maart 2007, na afloop van die seremonie waartydens ondertekening van die Konvensie oopgestel is, by die Verenigde Nasies se Hoofkwartier in New York onderteken. Die Verenigde Nasies se destydse Sekretaris-Generaal, Kofi Annan, het die nuwe konvensie verwelkom as ’n historiese mylpaal vir die 650 miljoen persone met gestremdhede van oor die wêreld.²³⁰ Verder het die Adjunk-Sekretaris-Generaal, Asha-Rose Migiro, een van die sprekers tydens die seremonie, die hoop uitgespreek dat alle state die Konvensie sou bekragtig. Sy het bygevoeg dat bekragtiging van die Konvensie gevolg moes word deur implementering op nasionale en

²²⁸ Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes in paragraaf 2.5 gebruik om te verwys na die “Optional Protocol” wat op 13 Desember 2006 by resoluëie A/RES/61/10624 aanvaar is. Sien ook “Convention on the Rights of Persons with Disabilities [A/RES/61/106], resolution adopted by the General Assembly [without reference to a Main Committee (A/61/611)]” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=61>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

²²⁹ Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) (2009) 17; en vir verdere inligting met betrekking tot die Konvensie kan die Verenigde Nasies se webblad, United Nations Enable, besoek word. Sien “Convention on the Rights of Persons with Disabilities” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?navid=12&pid=150?>> (laaste besoek op 30 Augustus 2007).

²³⁰ “Landmark Convention on the Rights of Persons with Disabilities to be Adopted on 13 December” <<http://www.un.org/disabilities/convention/news061206.shtml>> (laaste besoek op 30 Mei 2008).

plaaslike vlak, want eers nadat dit gebeur het, sou miljoene gestremdes die ware voordele daarvan kan geniet.²³¹

Ingevolge artikel 45 van die Konvensie sal dit 30 dae nadat 20 state die verdrag bekragtig het, in werking tree.²³² Die Opsionele Protokol tree 30 dae nadat 10 state die protokol onderteken het, in werking. Suid-Afrika het op 30 Maart 2007 die Konvensie en die Opsionele Protokol onderteken, en op 30 November 2007 die Konvensie en die Opsionele Protokol bekragtig.²³³ Die Konvensie en Opsionele Protokol het op 3 Mei 2008 in werking getree, 30 dae nadat die 20ste staat die Konvensie, en die tiende staat die Opsionele Protokol geratifiseer het.

2.5.2 *Die inhoud van die Konvensie*

Kenmerkend van die nuwe verdrag is dat dit ’n algehele omwenteling van mense se beskouing oor persone met gestremdhede weerspieël. Die verdrag beklemtoon bemagtiging van persone met gestremdhede. Bemagtiging in hierdie verband is belangrik omdat daardeur aan persone met gestremdhede ’n groter rol in besluitneming oor sake wat hulle direk raak verleen word. Die 50 artikels van hierdie verdrag

²³¹ Soos gerapporteer deur “United Nations Radio” op 30 Maart 2007 <<http://www.un.org/radio/index.asp>> (laaste besoek op 30 Augustus 2007); en paragraaf 1.2 *supra*, en paragraaf 2.5.4.1 *infra* van hierdie hoofstuk.

²³² Persverklaring HR/4914, L/T/4402 op 29 Maart 2007 “Convention on Rights of Persons with Disabilities to be opened for signature on 30 March 2007” <<http://www.un.org/News/Press/docs/2007/hr4914.doc.htm>> (laaste besoek op 24 Augustus 2007).

²³³ Sien paragraaf 6.2 van hoofstuk 6 *infra* met betrekking tot die implikasie van die Opsionele Protokol op Suid-Afrika. Vir inligting rakend die ratifisering van die konvensie en die opsionele protokol sien: “Ratifications - Countries that have ratified the Convention” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=257>> (laaste besoek op 11 Maart 2008).

waarin die regte van persone met gestremdhede breedvoerig behandel word, vul op suksesvolle wyse ’n groot gaping in internasionale menseregtereg wat voorheen met betrekking tot sodanige persone bestaan het. Volgens die persverklaring²³⁴ wat van die Verenigde Nasies op 29 Maart 2007 uitgereik het, verseker die Konvensie:

At its core. . . that persons with disabilities enjoy the same human rights as everyone else, and are able to lead their lives as fully fledged citizens who can make valuable contributions to society if given the same opportunities. It covers such rights as equality, non-discrimination and equal recognition before the law; liberty and security of the person; accessibility; personal mobility and independent living; right to health, work and education; and participation in political and cultural life.

Van uiterste belang is dat die Konvensie beklemtoon dat daar gesindheidsverandering oor gestremdheid by gemeenskappe moet kom. Hierdie verandering is die voorwaarde vir die suksesvolle implementering van die Konvensie.²³⁵

Alhoewel persone met gestremdhede tegnies nog altyd dieselfde regte as nie-gestremdes geniet het, het voorstanders van die Konvensie volgehou dat daar op bykans elke terrein van die lewe steeds teen persone met gestremdhede gediskrimineer word. Dit gebeur in weerwil van die feit dat persone met gestremdhede op verskeie

²³⁴ Presverklaring HR/4914 L/T/4402 op 29 Maart 2007 “Convention on the Rights of Persons with Disabilities to be opened for signature 30 March 2007” <<http://www.un.org/News/Press/docs/2007/hr4914.doc.htm>> (laaste besoek op 4 September 2007).

²³⁵ Artikel 8 van die Konvensie.

maniere belangrike bydraes in hulle gemeenskap maak. Hierdie betrokkenheid kan verder uitbrei as hulle ten volle in hul gemeenskappe aanvaar word.²³⁶ Adjunk-Sekretaris-Generaal, Mark Malloch-Brown, laat hom soos volg in die verband uit:²³⁷

This convention is a remarkable and forward-looking document. While it focuses on the rights and development of people with disabilities, it also speaks about our societies as a whole – and about the need to enable every person to contribute to the best of their abilities and potential.

State wat die nuwe Konvensie bekragtig, onderneem om wetgewende en ander maatreëls in werking te stel ten einde gestremdheidsregte te bevorder. Verder onderneem state om wetgewing te herroep en gewoontes en praktyke te werk wat teen persone met gestremdhede diskrimineer.²³⁸

2.5.2.1 Aanhef tot die Konvensie

Die staatspartye tot die Konvensie word in die aanhef herinner aan die Verenigde Nasies se Handves²³⁹ wat erkenning verleen aan die inherente waardigheid en waarde van elke mens asook aan die

²³⁶ “Landmark Convention on the Rights of Persons with Disabilities to be Adopted on 13 December” <<http://www.un.org/disabilities/convention/news061206.shtml>> (laaste besoek op 30 Augustus 2007).

²³⁷ Soos gerapporteer deur “United Nations Radio” op 13 Desember 2006 <<http://www.un.org/radio/index.asp>> (laaste besoek op 30 Augustus 2007).

²³⁸ Artikel 4 van die Konvensie

²³⁹ *Op cit* vn 45.

gelyke en onvervreembare regte van almal wat gesamentlik die grondslag van vryheid, geregtigheid en wêreldvrede vorm.²⁴⁰ Erkenning word verder verleen aan die Universele Deklarasie van Menseregte en die internasionale menseregteverdrae²⁴¹ asook ander internasionale instrumente²⁴² ingevolge waarvan die mens aanspraak het op al die regte en vryhede waarvoor daardie instrumente voorsiening maak.

Gestremdheid word in paragraaf (e) van die aanhef beskryf as ’n ontwikkelende konsep waarvolgens gestremdheid gesien word as ’n interaktiewe begrip. Daarmee word bedoel dat mense met gestremdhede juis gestrem is weens hulle interaksie met ’n nie-akkommoderende fisiese omgewing en met gemeenskapsopvattinge wat hulle aan die hand van beskouings oor normaliteit gestrem maak. In ooreenstemming hiermee word daarop gewys dat persone met gestremdhede se volle deelname in die gemeenskap deur gemeenskapsopvattinge en omgewingshindernisse belemmer word. Verder word die belangrikheid beklemtoon van hoofstroom-gestremdheidskwessies wat ’n integrale deel uitmaak van die betrokke strategieë wat op

²⁴⁰ Paragraaf (a) van die aanhef tot die Konvensie.

²⁴¹ Hierdie Afrikaanse verwysing word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na “International Covenants on Human Rights”.

²⁴² Soos vervat in paragraaf (d) van die Konvensie wat herinner aan die Iveskr, die IVBPR, die Internasionale Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Rasse Diskriminasie, die Konvensie oor die Uitskakeling van Alle Vorme van Diskriminasie teen Vroue, die Konvensie teen Marteling en Ander Wrede, Onmenslike of Vernederende Vorme van Behandeling of Straf, die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Regte van alle Trekarbeiders Werkers en lede van hulle Families.

volhoubare ontwikkeling gemik is.²⁴³ So word die belangrikheid van internasionale samewerking ten opsigte van die verbetering van die lewensomstandighede van persone met gestremdhede in alle lande, en meer spesifiek dié van ontwikkelende lande, beklemtoon.²⁴⁴

Diskriminasie teen enige persoon op grond van gestremdheid word as ’n skending van die inherente waardigheid en waarde van daardie mens aangemerkt.²⁴⁵ Erkenning word verleen aan diversiteit van persone met gestremdhede en die noodsaaklikheid om die menseregte van sodanige persone te beskerm en te bevorder.²⁴⁶

Die aanhef spreek kommer uit oor die feit dat ten spyte van verskeie instrumente en ondernemings waarin die skending van die menseregte van persone met gestremdhede veroordeel word, skendings van hierdie aard in alle dele van die wêreld steeds voorkom.²⁴⁷ Verdere kommer word in paragraaf (p) uitgespreek oor veelsoortige of verergerende vorme van diskriminasie waaronder persone met gestremdhede ly weens hulle ras, kleur, geslag, taal, godsdienste, politieke of dergelike oortuiginge, nasionale, etnies, inheemse of ander sosiale herkoms, eiendom,

²⁴³ Paragraaf (g) van die aanhef tot die Konvensie.

²⁴⁴ Paragraaf (l) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

²⁴⁵ Paragraaf (h) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

²⁴⁶ Paragraawe (i) en (j) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

²⁴⁷ Paragraaf (k) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

geboorte, ouderdom of ander status. Daar word gewys op die feit dat vroue en dogters ’n groter risiko as ander mense beleef wat betref geweld, mishandeling, verwaarlosing, besering of nalatige behandeling binne sowel as buite die huis.²⁴⁸ Aansluitend hierby beklemtoon paragraaf (s) die noodsaak om ’n geslagsperspektief²⁴⁹ te inkorporeer in alle pogings om die volle genieting van alle menseregte en fundamentele vryhede te bevorder. Die feit dat die meeste persone met gestremdhede in armoede leef word in paragraaf (t) uitgelig. In dié verband word erkenning verleen aan die nadelige uitwerking wat armoede op persone met gestremdhede het. Paragraaf (v) onderstreep die belang van toeganklikheid tot ’n fisiese, sosiale, ekonomiese en kulturele omgewing wat vir die verwesenliking van fundamentele regte bevorderlik is en die beskikbaarheid van gesondheidsorg, opvoedingsgeleenthede, inligting en kommunikasiemiddele ten einde persone met gestremdhede in staat te stel om hul menseregte en fundamentele vryhede volwaardig te geniet. Aangesien die gesin die natuurlike en fundamentele groepseenheid binne die gemeenskap is, moet nie net persone met gestremdhede self nie, maar ook hulle gesinne, beskerming teen regskenning geniet. Persone met gestremdhede sowel as hulle gesinslede moet die nodige bystand ontvang om vir gestremdes die volle en gelyke genieting van hulle regte te verseker.²⁵⁰ Laastens wys die aanhef

²⁴⁸ Paragraaf (q) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

²⁴⁹ Paragraaf (s) van dieselfde aanhef van die Konvensie bepaal dat “Emphasizing the need to incorporate a gender perspective in all efforts to promote the full enjoyment of human rights and fundamental freedoms by persons with disabilities”.

²⁵⁰ Paragraaf (x) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

daarop dat ’n omvattende en integrale internasionale konvensie wat die regte en waardigheid van persone met gestremdhede bevorder en beskerm, ’n betekenisvolle bydra sal lewer tot die uitskakeling van die sosiale benadeling wat persone met gestremdhede ervaar. Hierdie konvensie behoort uiteindelik persone met gestremdhede se deelname aan burgerlike, politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele aktiwiteit op gelyke voet met ander lede van die gemeenskap, in sowel ontwikkelende as ontwikkelde lande, te bevorder en te beskerm.²⁵¹

2.5.2.2 *Definiëring van begrippe gebruik in die Konvensie*

Artikel 2 van die Konvensie definieer die begrippe “kommunikasie”, “taal”, “diskriminasie op grond van gestremdheid”, “redelike akkommodasie” (“reasonable accommodation”) en “universele ontwerp” (“universal design”). Van dié begrippe wat in artikel 2 van die Konvensie gedefinieer word, word vir doeleindes van hierdie proefskrif slegs op die definisie van “diskriminasie op grond van gestremdheid” gefokus.

Diskriminasie op grond van ’n gestremdheid sluit in enige onderskeid, uitsluiting of beperking op grond van die betrokke persoon se gestremdheid wat die uitwerking het om die genieting of uitoefening van menseregte en fundamentele vryhede, op ’n gelyke basis met ander mense op politieke, ekonomies, sosiale, kulturele, burgerlike of ander gebiede, te verydel. Diskriminasie op

²⁵¹ Paragraaf (y) van dieselfde aanhef van die Konvensie.

grond van gestremdheid omsluit alle vorme van diskriminasie, insluitend miskenning van redelike akkommodasie.

2.5.2.3 *Algemene beginsels van die Konvensie*

Die Konvensie is gebaseer op ’n aantal algemene beginsels, wat in artikel 3 uiteengesit word. Die beginsels bepaal onder andere dat persone met gestremdhede se inherente waardigheid en individuele outonomie respekteer word, waarby ingesluit is die vryheid om onafhanklike eie keuses uit te oefen.²⁵² Dié beginsels beklemtoon die bemagtiging van persone met gestremdhede. Bemagtiging in hierdie verband is belangrik omdat daardeur aan persone met gestremdhede ’n groter rol in besluitneming oor sake wat hulle direk raak verleen word.

Verder vereis die beginsels in artikel 3 respek vir menslike diversiteit en aanvaarding van persone met gestremdhede as deel van daardie diversiteit.²⁵³ Dieselfde word vereis ten opsigte van kinders met gestremdhede en daarom moet hulle bygestaan word in die ontwikkeling van hulle vermoëns en die bewaring van hulle identiteit.²⁵⁴ Ander beginsels wat in die Konvensie neergelê word,

²⁵² Paragraaf (a) van artikel 3 van die Konvensie.

²⁵³ Paragraaf (d) van dieselfde artikel van die Konvensie; sien in die verband Bickenbach JE “Minority or Universal Participation: The Politics of Disablement” in Jones M en Marks AB (reds) *Disability, Divers-ability and Legal Change* (1999) 103 waar menslike diversiteit deur gelykheidsaktiviste as deel van “identiteitspolitiek” gesien word. Identiteitspolitiek word baseer op menslike diversiteit soos ras, geslag en godsdienstige oortuiging wat mense marginaliseer.

²⁵⁴ Paragraaf (h) van dieselfde artikel van die Konvensie.

hou verband met die verbod op diskriminasie,²⁵⁵ gelyke geleenthede,²⁵⁶ toeganklikheid²⁵⁷ en gelykheid tussen mans en vroue.²⁵⁸

Hieruit blyk die Konvensie se uitdruklike, sosiale ontwikkelingsdimensie en die bedoeling om primêr 'n menseregte-instrument te wees. Hierdie beginsels ontwikkel 'n bepaalde aanwendingsveld van bestaande regte op 'n wyse wat spesifiek betrekking het op behoeftes en omstandighede van persone met gestremdhede. Die erkenning van hierdie regte verleen erkenning aan die feit dat benewens omgewingsfaktore, die samelewing se beskouing oor gestremdheid beslis vir persone met gestremdhede struikelblokke skep.

Kenmerkend van hierdie beginsels is die algehele omwenteling in die beskouing oor persone met gestremdhede en die benadering tot gestremdheid. Dit blyk veral in die beginsels van inherente waardigheid, individuele outonomie en onafhanklikheid van die gestremde persoon en veral die beskouing van gestremdheid as deel van menslike diversiteit. Dié beginsels bevestig die opvatting oor gestremdheid binne die sosiale model van gestremdheid en plaas die klem primêr op die menseregteperspektief tot gestremdheid.

²⁵⁵ Paragraaf (b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁵⁶ Paragraaf (e) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁵⁷ Paragraaf (f) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁵⁸ Paragraaf (g) van dieselfde artikel van die Konvensie.

2.5.2.4 *Algemene verpligtinge van die Konvensie*

Hierna vervolg die Konvensie met 'n algemene bepaling. Dit het betrekking op staatspartye se algemene verpligtinge jeens die Konvensie. Volgens die algemene bepaling onderneem staatspartye om die volle verwesenliking van alle menseregte en fundamentele vryhede vir alle persone met gestremdhede te verseker. Ten einde hierdie doel te bereik, moet alle toepaslike wetgewende, administratiewe en ander maatreëls getref word vir die implementering van die regte ingevolge die Konvensie.²⁵⁹ Die staatspartye onderneem verder om gepaste stappe te doen om bestaande wetgewing, regulasies, gewoontes of praktyke te wysig of te herroep vir sover dit diskriminerend teenoor persone met gestremdhede kan inwerk.²⁶⁰ In dié verband moet staatspartye alle beleidsrigtings en programme in aanmerking neem wanneer die beskerming en bevordering van die menseregte van persone met gestremdhede oorweeg word.²⁶¹ Verder moet staatspartye hulle daarvan weerhou om by enige optrede of praktyk wat met die Konvensie onbestaanbaar is, betrokke te raak.²⁶² Gepaste maatreëls moet in werking gestel word om diskriminasie teenoor persone met gestremdhede uit te skakel.²⁶³

²⁵⁹ Paragraaf 1(a) van artikel 4 van die Konvensie.

²⁶⁰ Paragraaf 1(b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶¹ Paragraaf 1(c) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶² Paragraaf 1(d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶³ Paragraaf 1(e) van dieselfde artikel van die Konvensie.

Staatspartye moet in noue samewerking met die verteenwoordigende organisasies van persone (insluitende kinders) met gestremdhede die implementering en ontwikkeling van wetgewing en beleidsrigtings oorweeg, wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan die vereistes van die Konvensie. Persone (insluitende kinders) met gestremdhede moet deur middel van hulle verteenwoordigende organisasies betrek word by besluitnemingsprosesse wat hulle mag raak.²⁶⁴

Ingevolge die Konvensie onderneem elke staatsparty om, met inagneming van beskikbare middele, maatreëls te tref om ekonomiese, sosiale en kulturele regte van persone met gestremdhede in toenemende mate te verwesenlik. Die verwesenliking van hierdie regte moet in samewerking met die internasionale gemeenskap geskied. Die samewerking moet sonder vooroordeel geskied en dit moet in ooreenstemming wees met die verpligtinge wat deur die Konvensie opgelê is.²⁶⁵

2.5.2.5 Gelykheid en nie-diskriminasie

Staatspartye erken in die Konvensie dat alle persone gelyk voor die reg is en sonder enige diskriminasie aanspraak op gelyke regsbeskerming het.²⁶⁶ Enige diskriminasie op grond van

²⁶⁴ Paragraaf 3 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶⁵ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶⁶ Paragraaf 1 van artikel 5 van die Konvensie.

gestremdheid word verbied en gelyke en effektiewe regsbeskerming teen diskriminasie word gewaarborg.²⁶⁷ Ten einde gelykheid te bevorder en diskriminasie uit te skakel, moet staatspartye gepaste stappe doen om redelike akkommodasie (“reasonable accommodation”) te voorsien.²⁶⁸ Noodsaaklike maatreëls wat getref word om werklike gelykheid tussen persone met gestremdhede en ander mense te verhaas of te bewerkstellig, word nie ingevolge die Konvensie as diskriminasie beskou nie.²⁶⁹

2.5.2.6 *Vroue met gestremdhede*

Staatspartye erken volgens die Konvensie dat vroue en meisies met gestremdhede blootgestel is aan veelvoudige vorme van diskriminasie. In dié verband onderneem staatspartye ingevolge paragraaf 1 van artikel 6 om maatreëls te tref wat die volle en gelyke genieting van alle menseregte en fundamentele vryhede sal bewerkstellig. Geskikte stappe moet deur staatspartye gedoen word om die volle ontwikkeling, voortuitgang en bemagtiging van vroue met gestremdhede te bewerkstellig, ten einde die uitoefening en genieting van hul menseregte en fundamentele vryhede te waarborg.²⁷⁰

²⁶⁷ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶⁸ Paragraaf 3 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁶⁹ Paragraaf 4 van artikel 5 van die Konvensie.

²⁷⁰ Paragraaf 2 van artikel 6 van die Konvensie.

2.5.2.7 *Kinders met gestremdhede*

Die Konvensie bepaal dat staatspartye al die nodige stappe moet doen om die genieting van alle menseregte en fundamentele vryhede deur kinders met gestremdhede op gelyke grondslag met die van ander kinders te bring.²⁷¹ Die beste belang van die kind is die primêre oorweging wanneer optrede in verband met kinders met gestremdhede oorweeg word.²⁷² Staatspartye moet toesien dat kinders met gestremdhede volle geleentheid gebied word om vrylik hulle menings uit te spreek oor enige saak wat hulle raak. Die gewig wat hierdie kinders se menings dra moet ooreenkomstig hulle ouderdom en volwassenheid bepaal word.²⁷³

2.5.2.8 *Reg op lewe*

Die Konvensie herinner staatspartye daaraan dat elke mens ’n inherente reg op lewe het. Alle noodsaaklike maatreëls moet getref word om te verseker dat mense wat gestrem is hierdie reg op presies dieselfde basis as nie-gestremde mense kan geniet.²⁷⁴

2.5.2.9 *Gelyke erkenning voor die reg*

²⁷¹ Paragraaf 1 van artikel 7 van die Konvensie.

²⁷² Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁷³ Paragraaf 3 van dieselfde artikel van die Konvensie; Sien ook die “Convention on the Rights of a Child” wat op 20 November 1989 by resoluëie 44/25 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is en op 2 September 1990 volgens artikel 49 in werking getree het wat ook met die regte van kinders met gestremdhede handel en die bespreking in paragraaf 2.3.5 *supra* van hierdie hoofstuk.

²⁷⁴ Artikel 10 van die Konvensie.

Ingevolge die Konvensie herbevestig staatspartye dat gestremdes persone oral as gelyke regssubjekte erken moet word.²⁷⁵ Verder moet staatspartye toesien dat alle maatreëls wat verband hou met die uitoefening van handelingsbevoegdheid voorsiening maak vir toepaslike en doeltreffende waarborge om enige menseregteskendings ingevolge internasionale reg te voorkom.²⁷⁶ Staatspartye moet alle gepaste en doeltreffende maatreëls tref om te verseker dat persone met gestremdhede dieselfde regte as ander mense het om eiendom te erf of te besit, om hulle persoonlike finansies te bestuur, en ook om toegang tot finansiële dienste soos banklenings, verbande en krediet te hê. Verder moet staatspartye verseker dat persone met gestremdhede nie arbitrêr van hul eiendom ontnem word nie.²⁷⁷

2.5.2.10 *Toegang tot die gereg (Access to justice)*

Staatspartye moet verseker dat persone met gestremdhede op dieselfde basis as wat die gereg vir ander mense toeganklik is,

²⁷⁵ Paragraaf 1 van artikel 12 van die Konvensie lui: “States Parties reaffirm that persons with disabilities have the right to recognition everywhere as persons before the law”.

²⁷⁶ Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie lui: “States Parties shall ensure that all measures that relate to the exercise of legal capacity provide for appropriate and effective safeguards to prevent abuse in accordance with international human rights law. Such safeguards shall ensure that measures relating to the exercise of legal capacity respect the rights, will and preferences of the person, are free of conflict of interest and undue influence, are proportional and tailored to the person’s circumstances, apply for the shortest time possible and are subject to regular review by a competent, independent and impartial authority or judicial body. The safeguards shall be proportional to the degree to which such measures affect the person’s rights and interests”.

²⁷⁷ Paragraaf 5 van dieselfde artikel van die Konvensie.

doeltreffende toegang tot die gereg het. Dit beteken, onder andere dat die nodige prosesregtelike maatreëls getref moet word om hiervoor voorsiening te maak ten einde die gestremde se deelname aan die regsproses te vergemaklik.²⁷⁸ Ten einde toegang tot die gereg te verseker, onderneem staatspartye om doeltreffende opleiding te verskaf vir diegene wat in hulle werksituasie met regspleging gemoeid is, insluitende polisie - en gevangenisdienste.²⁷⁹

2.5.2.11 Vryheid en veiligheid van die persoon

Die Konvensie vereis dat staatspartye moet verseker dat persone met gestremdhede se persoonlike vryheid en veiligheid beskerm word. Hulle mag nie onregmatig of arbitrêr van hul vryheid ontnem word nie. Enige vryheidsontneming moet ooreenkomstig die reg geskied. In geen omstandighede mag gestremdheid van die betrokke persoon die ontneming van sy/haar vryheid regverdig nie.²⁸⁰ Enige persoon met 'n gestremdheid is presies soos enige nie-gestremde geregtig op die vryheidswaarborges vervat in internasionale menseregtelike instrumente. Persone met

²⁷⁸ Paragraaf 1 van artikel 13 van die Konvensie lui: "States Parties shall ensure effective access to justice for persons with disabilities on an equal basis with others, including through the provision of procedural and age-appropriate accommodations, in order to facilitate their effective role as direct and indirect participants, including as witnesses, in all legal proceedings, including at investigative and other preliminary stages".

²⁷⁹ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁸⁰ Paragraaf 1 van artikel 14 van die Konvensie.

gestremdhede moet in alle opsigte ooreenkomstig die oogmerke en beginsels van die Konvensie behandel word.²⁸¹

2.5.2.12 Vryheid van mishandeling en ander wrede, onmenslike of vernederende vorme van behandeling of straf

Die Konvensie bepaal dat niemand onderwerp mag word aan enige vorm van mishandeling of enige wrede, onmenslike of vernederende vorm van behandeling of straf nie. Meer spesifiek mag geen persoon met ’n gestremdheid sonder sy/haar ingeligte toestemming aan mediese of wetenskaplike eksperimentering onderwerp word nie.²⁸² Staatspartye onderneem om doeltreffende wetgewende, administratiewe, regsprekende en ander maatreëls te tref om die mishandeling of blootstelling aan enige wrede, onmenslike of vernederende vorm van behandeling of straf van persone met gestremdhede te voorkom.²⁸³

2.5.2.13 Vryheid van uitbuiting, geweld en misbruik

Staatspartye onderneem in die Konvensie om alle wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige maatreëls te tref om persone met gestremdhede te beskerm teen enige vorm van uitbuiting, geweld of misbruik, insluitende seksueelverwante

²⁸¹ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁸² Paragraaf 1 van artikel 15 van die Konvensie.

²⁸³ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

uitbuiting.²⁸⁴ Ten einde uitbuiting, geweld of ander vorm van misbruik te voorkom, moet staatspartye verseker dat alle fasiliteite en programme wat ontwerp is om persone met gestremdhede teen uitbuiting te beskerm, deur doeltreffende onafhanklike gesagsliggame gemonitor word.²⁸⁵ Indien persone met gestremdhede wel die slagoffer van uitbuiting, geweld of ander vorme van misbruik was, moet daar maatreëls wees om sy/haar fisieke, kognitiewe en sielkundige herstel, rehabilitasie en sosiale herintegrasie te bewerkstellig. Dit moet plaasvind in 'n omgewing wat die gesondheid, welsyn, selfrespek, waardigheid en outonomie van die betrokke persoon, met inagneming van die geslags- en ouderdomspesifieke behoeftes van daardie persoon, bevorder.²⁸⁶ Verder moet staatspartye sorg dat geskikte wetgewing en beleidsriglyne, ook dié wat op die behoeftes van vroue en kinderslagoffers gerig is, bestaan om te verseker dat uitbuiting, geweld en misbruike aan die lig gebring en ondersoek word. Indien gepas, moet verdagtes vervolgt word.²⁸⁷

Artikel 17 van die Konvensie bepaal dat elke persoon, net soos 'n nie-gestremde persoon, geregtig is op respek vir sy/haar fisieke en verstandelike integriteit.²⁸⁸

²⁸⁴ Paragraaf 1 van artikel 16 van die Konvensie.

²⁸⁵ Paragraaf 3 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁸⁶ Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁸⁷ Paragraaf 5 van artikel 15 van die Konvensie.

²⁸⁸ Artikel 17 van die Konvensie lui: "Every person with disabilities has a right to respect for his or her physical and mental integrity on an equal basis with others".

2.5.2.14 *Vryheid van beweging en nasionaliteit*

Die Konvensie vereis van staatspartye om aan die reg op bewegingsvryheid van gestremde persone dieselfde erkenning te verleen as aan nie-gestremdes. Hierdie reg moet insluit die reg op keuse van verblyf en nasionaliteit. Inbegrepe hierby het persone met gestremdhede ook die reg op verwerwing en verandering van nasionaliteit. Hulle mag nie vanweë hulle gestremdheid arbitrêr van hulle nasionaliteit ontnem word nie.²⁸⁹ Persone met gestremdhede mag nie vanweë gestremdheid die bevoegdheid ontnem word om dokumentasie met betrekking tot hulle nasionaliteit of ander dokumentasie te verkry, te besit of te gebruik nie. Insgelyks mag persone met gestremdhede nie ontnem word van die bevoegdheid om enige proses met die oog op immigrasie aanhangig te maak nie. Dit staan hulle dus vry om enige land, insluitend hulle eie, te verlaat.²⁹⁰ ’n Persoon met ’n gestremdheid mag ook nie arbitrêr op grond van gestremdheid ontnem word van die bevoegdheid om sy/haar land van nasionaliteit binne te gaan nie.²⁹¹ Verder bepaal artikel 18 dat ’n kind met ’n gestremdheid by geboorte onverwyld geregistreer moet word. So ’n kind is geregtig op ’n naam en het die bevoegdheid om ’n nasionaliteit te verwerf. Verder het so ’n kind ook die bevoegdheid

²⁸⁹ Paragraaf 1(a) van artikel 18 van die Konvensie.

²⁹⁰ Paragraaf 1(b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁹¹ Paragraaf 1(c) & (d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

om te weet wie sy/haar ouers is, en het ook aanspraak daarop om deur hulle versorg te word.²⁹²

2.5.2.15 *Vryheid van uitdrukking en mening, en toegang tot inligting*

Die Konvensie bepaal dat staatspartye moet verseker dat gepaste stappe gedoen word om te verseker dat persone met gestremdhede se reg op vryheid van uitdrukking en op ’n eie mening erken word. Hierdie reg sluit die reg in om op die wyse wat die reghebbende verkies, inligting en idees op gelyke basis met nie-gestemdes in te win en oor te dra..²⁹³

2.5.2.16 *Respek vir privaatheid*

Geen persoon met ’n gestremdheid, ongeag sy/haar verblyfplek of verblyfreëlings, mag volgens die Konvensie onderwerp word aan arbitrêre of onregmatige inmenging in sy/haar privaatheid, gesin, huis of briefwisseling (of enige ander vorm van kommunikasie) nie. Elke persoon met ’n gestremdheid het ook die reg op beskerming teen onregmatige aanvalle op sy/haar eer of reputasie.²⁹⁴ Staatspartye moet toesien dat die persoonlike belange wat onder

²⁹² Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie; Sien ook die “Convention on the Rights of a Child” wat op 20 November 1989 by resoluëie 44/25 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar is en op 2 September 1990 volgens artikel 49 in werking getree het wat ook met die regte van kinders met gestremdhede handel en die bespreking in paragraaf 2.3.5 *supra* van hierdie hoofstuk.

²⁹³ Artikel 21 van die Konvensie.

²⁹⁴ Paragraaf 1 van artikel 22 van die Konvensie.

hierdie hoof val vir persone met gestremdhede op dieselfde vlak as vir ander mense beskerm moet word.²⁹⁵

2.5.2.17 Opvoeding en gesondheidsorg

Die Konvensie verg van staatspartye om erkenning te verleen aan persone met gestremdhede se reg op opvoeding. Ten einde hierdie reg sonder diskriminasie en op gelyke grondslag te verwesenlik, moet staatspartye ’n inklusiewe opvoedingsstelsel op alle vlakke verwesenlik.²⁹⁶ Persone met gestremdhede mag nie weens hulle gestremdheid van openbare onderwysstelsels uitgesluit word nie.²⁹⁷ Insgelyks mag kinders (met ’n gestremdheid) nie weens hulle gestremdheid van gratis en verpligte primêre of sekondêre onderwys uitgesluit word nie.²⁹⁸ Redelike akkommodasie van individuele behoeftes moet met behulp van doeltreffende bystandsmaatreëls bevredig word. Dit moet geskied in ’n omgewing waar optimale akademiese en sosiale ontwikkeling in ooreenstemming is met die oogmerk van inklusiewe onderrig.²⁹⁹ Ten einde persone met gestremdhede in staat te stel om lewens- en sosiale ontwikkelingsvaardighede te bemeester moet die gebruik van Brailleskrif en ander aanvullende, alternatiewe kommunikasiemetodes aangemoedig word en moet oriënterings-

²⁹⁵ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁹⁶ Paragraaf 1 van artikel 24 van die Konvensie.

²⁹⁷ Paragraaf 2(a) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁹⁸ Paragraaf 2(b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

²⁹⁹ Paragraaf 2(e) van dieselfde artikel van die Konvensie.

en bewegingsvaardighede ontwikkel word.³⁰⁰ Om hierdie reg te verwesenlik moet maatstawwe neergelê word aan die hand waarvan toepaslik gekwalifiseerde onderwysers vir die opleiding van gestremde kinders voorsien word.³⁰¹

Staatspartye erken verder ingevolge die Konvensie dat persone met gestremdhede die reg het op die beste bekombare gesondheidsorg. In dié verband moet staatspartye die nodige maatreëls tref om aan gestremde persone toegang tot gesondheidsdienste te verseker.³⁰²

Verder moet staatspartye toesien dat -

- (a) sodanige dienste gratis of bekostigbaar en van dieselfde gehalte is as dienste vir nie-gestremdes;³⁰³
- (b) gesondheidsorgdienste wat spesifiek deur persone met gestremdhede benodig word, beskikbaar moet wees, insluitende dienste gemik op vroeë identifisering en voorkoming van, asook ingryping in siektetoestande; en³⁰⁴
- (c) gesondheidsorgdienste so na as moontlik aan die persone met gestremdhede se eie gemeenskap beskikbaar is.³⁰⁵

³⁰⁰ Paragraaf 3(a) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁰¹ Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁰² Artikel 25 van die Konvensie.

³⁰³ Paragraaf (a) van artikel 25 van die Konvensie.

³⁰⁴ Paragraaf (b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁰⁵ Paragraaf (c) van dieselfde artikel van die Konvensie.

Erkenning word voorts verleen aan die gestremde persoon se reg om, soos enige ander persoon, behoorlik ingelig te word voordat hy/sy toestemming verleen dat enige mediese prosedure op hom/haar uitgevoer word. Die verlangde toestemming moet met inagneming van die pasiënt se menseregte en waardigheid verkry word. Met die oog hierop volg dit dat by sowel openbare as private gesondheidsorginstansies die personeel opgelei moet wees om hulle taak in dié verband in ooreenstemming met erkende etiese standaarde uit te voer.³⁰⁶ By die oorweging van die verlening van gesondheid- en lewensversekering word diskriminasie op grond van gestremdheid ook verbied.³⁰⁷ Dit is ook verbode om weens sy/haar toestand voedsel, vloeistof, gesondheidsorg of ander dienste aan persone met gestremdhede te weier.³⁰⁸

2.5.2.18 Arbeid en werkseleenthede

Die Konvensie verg van staatspartye om erkenning te verleen aan gestremde persone se reg om op gelyke grondslag met ander mense ’n keuse uit te oefen wat werkseleenthede betref, die arbeidsmark te betree en inkomste te verdien.

³⁰⁶ Paragraaf (d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁰⁷ Paragraaf (e) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁰⁸ Paragraaf (f) van dieselfde artikel van die Konvensie.

Staatspartye onderneem voorts om persone met gestremdhede se reg om te kan werk, te beskerm en te bevorder.³⁰⁹ Alle vorme van diskriminasie op grond van gestremdheid wat verband hou met enige arbeidsaangeleentheid word verbied. Dit sluit in voorwaardes oor die werwing en huur van personeel, voorsetting van werk en bevordering van veilige en gesonde werksomstandighede.³¹⁰ Wat alle ander arbeidsaangeleentede insluitende vergoeding betref, word persone met gestremdhede op dieselfde grondslag as ander mense behandel.³¹¹ Die uitoefening van arbeids- en vakbondregte van gestremde persone moet ook erkenning geniet³¹² en so ook regte in verband met die toeganklikheid³¹³ tot tegniese en beroepsriglyn-programme, die bevordering van werkseleentede, die verlening van bystand om werk te vind, en die behoud of terugkry van 'n werkgeleentheid.³¹⁴ Die belange van gestremde persone word ook beskerm wat betref bevordering van ondernemingskap, bystand by die oprig van 'n eie besigheid en werksverskaffing in die openbare sektor.³¹⁵ Wat die privaat sektor betref, moet werkverskaffing aan persone met gestremdhede deur toepaslike programme, beleidsrigtings,

³⁰⁹ Paragraaf 1 van artikel 27 van die Konvensie.

³¹⁰ Paragraaf 1(a) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹¹ Paragraaf 1(b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹² Paragraaf 1(c) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹³ Paragraaf 1(d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹⁴ Paragraaf 1(c) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹⁵ Paragraaf 1(f) en (g) van dieselfde artikel van die Konvensie.

maatstawwe en ander maatreëls, insluitende regstellende aksie, bevorder word.³¹⁶

Staatspartye moet verder toesien dat persone met gestremdhede nie onderwerp word aan slawerny of dwangarbeid nie.³¹⁷

2.5.2.19 Voldoende lewenstandaard en sosiale beskerming

Staatspartye verleen erkenning aan persone met gestremdhede se reg op ’n behoorlike lewenstandaard. Dit omvat die beskikbaarheid van voldoende voedsel, klere en behuising vir hulleself en hulle gesinne. Staatspartye moet hulle dit ten doel stel om die lewensomstandighede van persone met gestremdhede op volhoubare vlak te verbeter en om sonder diskriminasie die nodige stappe met die oog hierop te doen.³¹⁸ Regte van ’n sosiale aard wat op ’n gelyke voet vir persone met gestremdhede gewaarborg word,³¹⁹ sluit onder andere die reg op die beskikbaarheid van skoon water, geskikte en bekostigbare dienste, gestremdhedsverwante toestelle en hulpmiddels,³²⁰ voordele in verband met openbare behuisingsprogramme³²¹ en ouderdomsvoordele in.³²² Verder

³¹⁶ Paragraaf 1(h) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹⁷ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³¹⁸ Paragraaf 1 van artikel 28 van die Konvensie.

³¹⁹ paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²⁰ Paragraaf 2(a) van dieselfde artikel van die Konvensie lui: “To ensure equal access by persons with disabilities to clean water services, and to ensure access to appropriate and affordable services, devices and other assistance for disability-related needs”.

³²¹ Paragraaf 2(d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

onderneem staatspartye om maatskaplike programme en programme vir die verligting van armoede, veral ten behoeve van vroue, meisies en ouer persone met gestremdhede, te bedryf.³²³ Van die staat word vereis om aan hulpbehoewende mense met gestremdhede en hulle gesinne bystand te verleen om gestremdheidsverwante uitgawes te dek. Sodanige bystand kan ook in verband staan met opleiding, berading en nasorg.³²⁴

2.5.2.20 Deelname aan politieke en openbare lewe

Die Konvensie waarborg die politieke regte van persone met gestremdhede.³²⁵ Staatspartye moet aan gestremde persone op ’n gelyke basis met ander mense doeltreffende en volle deelname aan die politieke en openbare lewe verseker. Dit sluit stemreg en die reg om verkies te word in.³²⁶ In dié verband moet die staatspartye verseker dat die stemprosedure en fasiliteite en materiaal vir persone met gestremdhede geskik, verstaanbaar en toeganklik is.³²⁷ ’n Gestremde persoon se reg om per geheime stembrief te stem mag ook nie beperk word nie.³²⁸

³²² Paragraaf 2(e) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²³ Paragraaf 2(b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²⁴ Paragraaf 2(c) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²⁵ Artikel 29 van die Konvensie.

³²⁶ Paragraaf (a) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²⁷ Paragraaf (a)(i) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³²⁸ Paragraaf (a)(ii) van dieselfde artikel die Konvensie.

2.5.2.21 *Deelname aan kulturele lewe, vryetydsbesteding, ontspanning en sport*

Staatspartye erken ingevolge die Konvensie dat persone met gestremdhede op ’n gelyke basis met ander aan die kultuurlewe mag deelneem.³²⁹ Die genieting van filmvertonings, teateraanbiedings en ander kulturele aktiwiteite en vertonings moet in ’n toeganklike formaat tot voordeel van persone met gestremdhede verseker word.³³⁰ Staatspartye moet persone met gestremdhede (nie net tot hul eie voordeel nie, maar ook tot voordeel van die gemeenskap) in staat stel om hulle kreatiewe, artistieke en intellektuele potensiaal te ontwikkel en te benut.³³¹ Persone met gestremdhede is geregtig op bystand om op ’n gelyke basis met ander mense hulle eie identiteit met betrekking tot hulle kultuur en taal, insluitend gebaretaal binne die dowe gemeenskapskultuur, uit te leef.³³²

Gestremde persone se deelname aan en bevordering van sport- en ander ontspanningsaktiwiteite word aangemoedig. Staatspartye moet die nodige stappe doen om dit vir persone met gestremdhede moontlik te maak om aan enige hoofstroomsportaktiwiteit op die

³²⁹ Artikel 30 van die Konvensie.

³³⁰ Paragraaf 1(a) en (b) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³³¹ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³³² Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie.

hoogste vlak deel te neem.³³³ Geleenthede moet ook geskep word vir persone met gestremdhede om aan gestremdheidspesifieke sport- en ontspanningsaktiwiteite deel te neem. Kinders met gestremdhede moet op ’n gelyke grondslag met ander kinders die geleenthede gebied word om aan spel en vryetydsbesteding- en ontspanningsaktiwiteite (insluitend aktiwiteite by die skool) deel te neem.³³⁴

2.5.3 Inwerkingtreding

Die Konvensie is vanaf 30 Maart 2007 by die Verenigde Nasies se hoofkwartier in New York deur state onderteken.³³⁵ Volgens artikel 45 tree die Konvensie in werking op die 30ste dag nadat die 20ste instrument van bekragtiging of aansluiting geliasseer is. Die Opsionele Protokol tree in werking op die 30ste dag nadat die tiende instrument van bekragtiging geliasseer is.³³⁶ Suid-Afrika het albei op 30 November 2007 bekragtig.³³⁷ Die Konvensie en Opsionele Protokol het op 3 Mei 2008 in werking getree.³³⁸

³³³ Paragraaf 5(a) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³³⁴ Paragraaf 5(d) van dieselfde artikel van die Konvensie.

³³⁵ Artikel 42 van die Konvensie.

³³⁶ Artikel 45 van die Konvensie en artikel 13 van die opsionele protokol tot die Konvensie.

³³⁷ *Ibid.*

³³⁸ “Entry into Force” <<http://www.un.org/disabilities/default.asp?id=210>> (laaste besoek op 31 Mei 2008).

2.5.4 Implementering en monitering van die Konvensie op nasionale vlak

Nakoming van die bepalings van die Konvensie word op nasionale en internasionale vlak gekontroleer. Ten einde die Konvensie op nasionale vlak te implementeer, moet elke staatsparty een of meer owerheidsorgane aanwys wat met die toepassing van die Konvensie gemoeid sal wees. Vir dié doel moet oorweeg word om ’n koördineringsliggaam binne staatsverband te identifiseer of in die lewe te roep, om implementering van die Konvensie deur die verskillende sektore op verskillende vlakke te vergemaklik.³³⁹ Staatspartye moet ooreenkomstig regs- en administratiewe stelsels ’n raamwerk (insluitend een of meer “onafhanklike meganismes”) vestig wat die implementering van die Konvensie moet bevorder, beskerm en moniteer.³⁴⁰ Met onafhanklike meganismes word waarskynlik bedoel meganismes buite die wetgewende en in die besonder buite die uitvoerende vertakking van staatsgesag. Die burgerlike gemeenskap, en meer spesifiek persone met gestremdhede, moet ten volle aan die moniteringsproses deelneem.³⁴¹

2.5.4.1 Suid-Afrika en die inkorporering van internasionale ooreenkomste

Kragtens artikel 231 van die Grondwet is die onderhandeling en ondertekening van alle internasionale ooreenkomste die

³³⁹ Paragraaf 1 van artikel 33 van die Konvensie.

³⁴⁰ Paragraaf 2 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁴¹ Paragraaf 3 van dieselfde artikel van die Konvensie.

verantwoordelikheid van die nasionale uitvoerende gesag.³⁴² Die minister van buitelandse sake (as nasionale uitvoerende gesag) het die Konvensie namens Suid-Afrika onderteken.³⁴³ Daarna moet dit ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet deur die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies by besluit goedgekeur word.

Verder verkry so ’n internasionale ooreenkoms, soos die Konvensie, in Suid-Afrika regsrag wanneer dit by wyse van nasionale wetgewing as wet verorden word.³⁴⁴ Dit beteken dat ’n internasionale ooreenkoms nie deel van nasionale reg word voordat dit nie as nasionale wetgewing verorden word nie.³⁴⁵ Volgens Dugard is daar drie metodes wat die wetgewer kan gebruik om internasionale ooreenkomste in nasionale wetgewing op te neem. Eerstens kan die bepalings van die ooreenkoms in die teks van ’n Parlements wet opgeneem word. Tweedens kan die ooreenkoms by wyse van ’n bylae tot ’n wet ingesluit word, en laastens kan ’n Parlements wet die uitvoerende gesag die mag gee om uitvoering te gee aan die ooreenkoms by wyse van proklamasie of kennisgewing

³⁴² Artikel 231(1) van die Grondwet.; en paragraaf 1.2 *supra*.

³⁴³ “Convention on Rights of Persons with disabilities: briefing by the Office on Status of Disabled Persons & Department of Foreign” <<http://www.pmg.org.za/minutes/20070524-convention-rights-persons-disabilities-briefing-office-status-disabled-persons-depa> (laaste besoek op 23 Desember 2009).

³⁴⁴ Artikel 231(4) van die Grondwet; en paragraaf 1.2 *supra*.

³⁴⁵ Dugard J (2005) 61; en *Pan American World Airways* 1965 (3) SA 150 (A) by 161C – D. Hierdie beginsel word deur die konstitusionele hof in *Azapo v President van die Republiek van Suid-Afrika* 1996 (4) SA 671 (CC) by 688 by paragraaf 26 bevestig.

in die Staatskoerant.³⁴⁶ Dit beteken dat ’n verdrag³⁴⁷ nie net gepubliseer kan word vir kennisname nie.

2.5.5 Implementering en Monitering van die Konvensie op internasionale vlak

Die Konvensie bepaal dat monitering op internasionale vlak deur die Komitee oor die Regte van Gestremdes,³⁴⁸ wat bestaan uit onafhanklike deskundiges, behartig moet word. Daar word verder in hierdie afdeling ook na die “Komitee oor die Regte van Gestremdes” bloot as die “Komitee” verwys.

Artikel 34 bepaal dat staatspartye kandidate vir aanstelling van die Komitee kan nomineer. Verder bepaal artikel 34 dat die Komitee wat aangestel word bestaan uit onafhanklike deskundiges van hoë morele aansien met erkende bekwaamheid en ondervinding op die gebied van die Konvensie. Staatspartye verkies die lede van die Komitee tydens die eerste sessie van die Konferensie van Staatspartye tot die Konvensie. Die staatspartye moet in die verband oorweging gee aan gelyke geografiese verspreiding, verteenwoordiging van die verskillende vorme van samelewing en regstelsels, gebalanseerde

³⁴⁶ Dugard J (2005) 61.

³⁴⁷ Volgens Dugard J (2005) 63 is die term “internasionale ooreenkoms” sinoniem vir “verdrag” en verwys na ’n bindende, afdwingbare ooreenkoms soos vervat in artikel 2 van die Weense konvensie (“Vienna Convention on the Law of Treaties”) van 1969.

³⁴⁸ Hierdie Afrikaanse benaming word om doelmatigheidsredes gebruik om te verwys na “Committee on the Rights of Persons with Disabilities”.

geslagsverteenwoordiging en deelname van deskundiges met gestremdhede.

Die eerste sessie van die Konferensie van Staatspartye tot die Konvensie het vanaf 31 Oktober 2008 tot 3 November 2008 in New York plaasgevind. Na afloop van die Konferensie van Staatspartye is die twaalf lede van die Komitee op 3 November 2008 verkies. Hierna het die Komitee vir die eerste keer vanaf 23 tot 27 Februarie 2009 in Genève, Switserland vir hulle eerste sessie vergader.³⁴⁹

Soos voorheen in hierdie paragraaf genoem, is dit die Komitee se verantwoordelikheid om die monitering van die Konvensie op internasionale vlak te behartig. Monitering geskied deur hersiening van periodieke verslae van die staatspartye. Die Komitee moet verslae wat periodiek deur state ingedien word, oorweeg. Na aanleiding van hierdie verslae moet die komitee, in samewerking met die betrokke staat, sy gevolgtrekkings notuleer en aanbevelings maak.³⁵⁰ Die Konvensie vereis van elke staatsparty om die Komitee en sy lede by te staan in die uitvoering van die Komitee se mandaat.³⁵¹

Verder is die Komitee ook verantwoordelik vir monitering van die Opsionele Protokol. Hiermee sal hieronder in paragraaf 2.5.6 gehandel word.

³⁴⁹ “Committee of the Rights of Persons with Disabilities” <<http://www.ohchr.org/EN/HRBodies/CRPD/Pages/session1.aspx> (laaste besoek op 20 Mei 2009).

³⁵⁰ Artikel 33, 34, 35 en 36 van die Konvensie.

³⁵¹ Die Komitee oor die Regte van Gestremdes se mandaat word uiteengesit in artikel 34 van die Konvensie.

2.5.5.1 *Verslae van staatspartye*

Elke staatspartye moet binne twee jaar nadat die Konvensie in werking getree het ’n omvattende verslag vir die Komitee oor die Regte van Gestremdes (die “Komitee”), via die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, indien.³⁵² Dié verslag moet die vordering wat met die implementering gemaak word uiteensit aan die hand van die maatstawwe soos in die Konvensie vervat.³⁵³

Die eerste verslag moet verduidelik hoe die grondwetlike, regs- en administratiewe raamwerk van die betrokke staat daar uitsien. Die beleid en programme wat aangeneem is om uitvoering aan die Konvensie te gee en die vordering wat ná bekragtiging met implementering van die Konvensie gemaak is om die nodige regsbeskerming aan persone met gestremdhede te gee, moet ook in die verslag uiteengesit word.³⁵⁴ Die Komitee sal riglyne aan lidstate verskaf oor hoe die inhoud van die verslag daar moet uitsien. Dit wil in hierdie stadium voorkom asof die eerste verslae heel waarskynlik baie omvattend gaan wees. Aangesien die verslae alle aspekte met betrekking tot die implementering van die hele

³⁵² Die samestelling en oprigting van die Komitee word in artikel 34 van die Konvensie uiteengesit en artikel 35. Artikel 35 bepaal: “Each State Party shall submit to the Committee, through the Secretary-General of the United Nations, a comprehensive report on measures taken to give effect to its obligations . . .”

³⁵³ Paragraaf 1 van artikel 35 van die Konvensie.

³⁵⁴ Artikel 34 en 35 van die Konvensie.

Konvensie moet bevat, beteken dit dat implementering van elke bepaling van die Konvensie aandag sal moet kry.³⁵⁵

In die verband is dit belangrik om daarop te let dat elke verslag in die betrokke land aan die publiek vir kommentaar by wyse van voorstelle en aanbevelings beskikbaar gestel word en die staat moet sodanige publieke deelname fasiliteer.³⁵⁶

Na die eerste verslag moet elke staat elke vier jaar (of wanneer die Komitee dit ook al aanvra) opvolgende verslae indien.³⁵⁷ Staatspartye wat omvattende verslae ingedien het, hoef nie dieselfde inligting in opvolgende verslae te verstrek nie.³⁵⁸ Bepaalde probleme wat in verband met die implementering van die Konvensie ondervind word kan ook in die verslag uitgelig word.³⁵⁹

Wat betref die inhandiging van periodieke verslae word die opstel en indiening van dié verslae deur die onderskeie state nie net as uitvoer van die moniteringsfunksie gesien nie. Dit spoor hulle ook aan om hulle huishoudelike aangeleenthede wat ’n uitwerking op persone met gestremdhede mag hê, in oënskou te neem en aan te pas. By die opstel van verslae word staatsowerhede byvoorbeeld

³⁵⁵ From Exclusion to Equality – Realizing the rights of persons with disabilities *Handbook for Parliamentarians on the Convention on the Rights of Persons with Disabilities and its Optional Protocol* (2007) 28.

³⁵⁶ Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁵⁷ Paragraaf 2 van artikel 35 van die Konvensie.

³⁵⁸ Paragraaf 4 van dieselfde artikel van die Konvensie.

³⁵⁹ Paragraaf 5 van dieselfde artikel van die Konvensie.

die geleentheid gegee om oorweging te skenk aan omvattende hersiening van wetgewing, beleidsrigtings en programme wat op die menseregte van persone met gestremdhede betrekking het. Dit impliseer dat owerhede hulle eie toepassing van die regte van persone met gestremdhede gereeld moet monitor. Die opstel van periodieke verslae moedig state ook aan om prioriteite te bepaal en mikpunte te stel aan die hand waarvan, by die opstel van ’n volgende verslag, gemeet kan word in hoeverre mikpunte in prioriteitsvolgorde bereik word.

Gereelde verslagdoening bevorder ook deursigtigheid en skep geleentheid vir openbare gesprek oor vordering of gebrek aan vordering wat van staatsweë in verband met die toepassing van die betrokke regte gemaak word.³⁶⁰

Daar word ter oorweging gegee dat die inhandiging van periodieke verslae ingevolge die Konvensie tog die gewenste uitwerking sal hê. Die ondertekening en bekragting van die Konvensie en die Opsionele Protokol word vrywillig deur elke betrokke staat gedoen en gevolglik sal die inhandiging van die periodieke verslae waarskynlik sterk deur staatspartye ondersteun word. In aansluiting hierby moet ook in gedagte gehou word dat die ondertekening en bekragting van die Konvensie na alle waarskynlikheid telkens gemotiveer word deur ’n werklike begeerte van die betrokke staatsowerheid om die ideale van die

³⁶⁰ From Exclusion to Equality – Realizing the rights of persons with disabilities *Handbook for Parliamentarians on the Convention on the Rights of Persons with Disabilities and its Optional Protocol* (2007) 28.

Konvensie te verwesenlik. Dit sou dus nie onvanpas wees om die verwagting te koester dat hulle die nalewing van die Konvensie entoesiasies sal steun nie.³⁶¹

2.5.5.2 Oorweging van verslae

Die Komitee oorweeg elke verslag en maak dan voorstelle en/of opmerkings wat dit nodig ag. Die Komitee kan ook navrae rig. In reaksie hierop kan die betrokke staatsparty na keuse van die Komitee inligting verstrek en die Komitee kan verdere inligting rakende die toepassing van die Konvensie aanvra.³⁶² In die geval van 'n lang vertraging met die indiening van 'n verslag, kan die Komitee die staatspartye inlig dat implementering van die Konvensie ondersoek kan word. Dit word gedoen indien die verslag na drie maande kennisgewing nog nie ingedien is nie.³⁶³

2.5.6 Meganismes kragtens die Opsionele Protokol

Die Opsionele Protokol tot die Konvensie handel oor internasionale implementeringsmeganismes. Om hierdie rede sal daar kortliks met dié protokol gehandel word.

³⁶¹ Daar kan egter geargumenteer word dat die sanksie-meganismes nie doeltreffend genoeg in vergelyking met byvoorbeeld dié van die Europese Konvensie oor Menseregte (wat in die volgende hoofstuk, hoofstuk 4, bespreek sal word) is nie. Die Europese Konvensie se polisiëringsmeganisme is afdwingbaar deur die Europese Hof vir Menseregte; sien ook Clements L & Read J *Disabled People and European Human Rights* (2003) 18 en die bespreking in paragraaf 2.1 van hoofstuk 4 *infra*.

³⁶² Paragraaf 1 van artikel 36 van die Konvensie.

³⁶³ Paragraaf 2 van artikel 36 van die Konvensie.

Gelyktydig met die aanname van die Konvensie, is die Opsionele Protokol tot die Konvensie aangeneem. Die doel van die Opsionele Protokol is om monitering van die Konvensie deur addisionele moniteringsprosedures te versterk. State bekragtig die Opsionele Protokol afsonderlik van die Konvensie. Sodra dit gedoen is, is die Komitee by magte om een van twee addisionele moniteringsprosedures in werking te stel. Die eerste hiervan is die “individual communications procedure” (verder hierin na verwys as die “kommunikeringsprosedure”). Hiervolgens kan enige individu of groep individue van ’n staatsparty (wat ook die Opsionele Protokol bekragtig het), by die Komitee ’n klagte indien as dié staat – onder wie se jurisdiksie hulle is - na bewering enige van sy verpligtinge ingevolge die Konvensie verbreek het. Die klag, bekend as die “mededeling” (“communication”), word deur die Komitee ondersoek waarna die Komitee sy mening en aanbevelings op die mededeling formuleer. Hierna word die mededeling aan die staatsparty gestuur om daarop te reageer. Die mededelings is skriftelik en die klaer(s) en die staatsparty verskyn nie voor die Komitee nie. Die mening en aanbevelings van die Komitee in reaksie op die mededeling verskyn wel in die openbare verslag aan die Algemene Vergadering.³⁶⁴

Die tweede moniteringsmeganisme wat ingevolge die Opsionele Protokol vir die Komitee beskikbaar is, is die “inquiry procedure” (verder hierin na verwys as die “ondersoekprosedure”). Hiervolgens

³⁶⁴ Artikels 1 tot 5 van die Opsionele Protokol tot die Konvensie.

kan die Komitee na ontvangs van betroubare inligting,³⁶⁵ growwe of sistematiese inbreukmaking op die regte van persone met gestremdhede ingevolge die Konvensie ondersoek. Ingevolge die ondersoekprosedure kan die staatsparty uitgenooi word om saam te werk in die nagaan van die bewering deur opmerkings te liasseer.³⁶⁶ Nadat die Komitee die betroubaarheid van die bewering en die staatsparty se opmerkings oorweeg het, kan die Komitee een of meer van sy lede versoek om ’n ondersoek te loods en daarna ’n dringende verslag uitreik. Met die toestemming van die betrokke staat, kan ter plaatse ondersoeksendings (“field missions”) onderneem word om die ondersoek deeglik te doen.³⁶⁷ Nadat die Komitee die bevindinge van die ondersoek nagegaan het, moet die bevinding en die Komitee se kommentaar aan die staatsparty gegee word. Die staatsparty het hierna 6 maande om daarop te reageer. Hierna maak die Komitee sy finale bevinding. ’n Opsomming van die Komitee se bevinding verskyn in die Komitee se verslag aan die Algemene Vergadering. Met toestemming van die betrokke staatsparty kan die Komitee sy volle ondersoeksverslag in sy verslag aan die Algemene Vergadering publiseer.

2.5.7 Verslag van die Komitee aan die Algemene Vergadering en Ekonomiese en Sosiale Raad

³⁶⁵ Dit maak nie saak welke weg die betroubare inligting onder die aandag van die Komitee geplaas word nie.

³⁶⁶ Artikel 5 van die Opsionel Protokol tot die Konvensie.

³⁶⁷ Artikel 6 van die Opsionele Protokol tot die Konvensie.

Die Konvensie vereis dat die Komitee elke twee jaar aan die Algemene Vergadering en Ekonomiese en Sosiale Raad ³⁶⁸ verslag oor sy werksaamhede doen.³⁶⁹ Die Komitee kan in sy verslag aanbevelings en algemene opmerkings maak wat op die staatspartye se verslae en inligting wat ondersoek is, betrekking het.

2.5.8 Slotsom

Soos uit die voorafgaande bespreking blyk, skep die Konvensie nie ’n reeks “nuwe” menseregte vir persone met gestremdhede nie, maar vul dit eerder die bestaande internasionale menseregteverdrae aan. Die Konvensie maak dit duidelik dat alle bestaande en erkende menseregte in die besonder ook op mense met gestremdhede van toepassing is. In die verband beklemtoon die algemene beginsels in artikel 3 van die Konvensie die respek vir inherente waardigheid en individuele outonomie van gestremde persone, die uitoefening van hul vryheid en onafhanklike keuses, die verbod op diskriminasie teenoor gestremde persone, gelyke geleenthede vir persone met gestremdhede en gelykheid tussen mans en vroue.

Dit is besonder belangwekkend dat die Konvensie, soos blyk uit artikel 3, nie gestremdheid in die eerste plek as afwykend of as ’n patologiese toestand beskou nie, maar as deel van menslike diversiteit.

³⁶⁸ *Op cit* vn 66.

³⁶⁹ Artikel 39 van die Konvensie.

Uit die algemene beginsels blyk ’n algehele omwenteling in die beskouing oor persone met gestremdhede en die benadering tot gestremdheid. Die beskouing bevestig die opvatting oor gestremdheid binne die sosiale model van gestremdheid en plaas die klem primêr op die menseregteperspektief daartoe. Dit beteken dat ’n herkonseptualisering van gestremdheid as menseregtekonsep inderdaad plaasvind.

Die Konvensie is die jongste menseregte-instrument van die Verenigde Nasie wat nie alleen ’n bydrae tot gestremdheidsreg maak nie, maar ook tot regsontwikkeling in menseregte in sy geheel. Vir persone met gestremdhede sit die Konvensie die besondere regsverpligtinge van state uiteen om te verseker dat alle persone met gestremdhede die volle voordele van die menseregte waarop hulle net soos enige ander persoon geregtig is, kan geniet.

In die voorwoord van die Verenigde Nasies se handboek vir parlamentslede, onder die opskrif “From Exclusion to Equality – Realizing the rights of persons with disabilities”,³⁷⁰ word die volgende in verband met die Konvensie gesê:

The Convention is long overdue. It is over 25 years since the 1981 International Year of Disabled Persons brought global attention to the issues affecting persons with disabilities. In the intervening years, many societies have moved away from considering person with disabilities as objects of charity and pity, by acknowledging that society

³⁷⁰ From Exclusion to Equality – Realizing the rights of persons with disabilities *Handbook for Parliamentarians on the Convention on the Rights of Persons with Disabilities and its Optional Protocol* (2007).

itself is disabling. The Convention embodies this attitudinal change, and is a major step towards altering the perception of disability and ensuring that societies recognize that all people must have the opportunity to reach their full potential.

Vir doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om die beskouingsverandering wat in die Konvensie vervat is aan te merk. Dit is 'n verskuiwing waarvolgens gestremdheid nie meer ooreenkomstig die mediese model met sy welsynsperspektief as 'n siekte en mediese afwyking verstaan word wat terapeutiese ingryping vereis nie, maar wel eerder in terme van 'n sosiale model van gestremdheid met 'n mensregteperspektief. Daarvolgens word die klem op regte van persone met gestremdhede binne die menseregtebenadering op gelyke grondslag met alle ander mense geplaas. Hierdie klemverskuiwing in die beskouingsverandering is kernbelangrik in die verandering van die gemeenskap se opvatting oor gestremdheid sowel as vir die wetenskaplike verstaanswyse van gestremdheid.

Verder kan uit die bespreking van die Konvensie gemerk word dat aan sowel burgerlike en politieke regte as aan sosio-ekonomiese regte van persone met gestremdhede, erkenning verleen word. Die Konvensie is omvattend aangesien dit voorsiening maak vir burgerlike en politieke regte, sowel as sosio-ekonomiese regte ten behoeve van persone met gestremdhede.³⁷¹ Die toekomstige ontwikkeling van hierdie

³⁷¹ Volgens Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) (2009) 23 toon die Konvensie oor Gestremdheid ooreenkomste met die Konvensie oor die Regte van die Kind in paragraaf 2.3.5 *infra*, met betrekking tot die holistiese benadering tot burgerlike en politieke regte, sowel as sosio-ekonomiese regte.

regsgebied aan die hand van die vertolking wat met verloop van tyd aan die verskillende bepalings van die Konvensie gegee gaan word, behoort ’n insiggewende studieveld te wees. Vrae wat byvoorbeeld ontstaan, is of die vertolking en toepassing van die Konvensie die regsontwikkeling van burgerlike en politieke regte gaan volg, en of die benadering met betrekking tot sosio-ekonomiese regte die ontwikkeling gaan oorheers. In die belang van gesonde regsontwikkeling en met inagneming van die moontlikhede wat in die Konvensie opgesluit is om ’n nuwe dimensie in verband met begrippe “mens” en “regte” te bied, word vertrou dat nie een van die twee benaderingswyses toegelaat gaan word om tot uitsluiting van die ander die ontwikkelingsgang te oorheers nie.

3. Gevolgtrekking

In die voorafgaande bespreking is lig gewerp op die stelselmatige ontwikkeling sedert die Tweede Wêreldoorlog op die gebied van gestremdheidsreg op die internasionale gebied. Die ontwikkeling was grootliks die gevolg van gestremdheidsverwante en gestremdheidsgerigte instrumente wat in dié tydperk die lig gesien het. Persone met gestremdhede was vir baie lank grootliks “onsigbaar” vir die opstellers van internasionaalregtelike instrumente en wetgewing teen diskriminasie. Gestremdes het geen spesiale menseregtelike beskerming geniet nie aangesien die menseregtelike verpligtinge wat uit die internasionale instrumente sou vloeï, nie ontwerp was om die spesifieke behoeftes van persone met gestremdhede aan te spreek nie.³⁷²

³⁷² Stein MA en Lord JE in Arnardóttir OM en Quinn G (reds) (2009) 19.

Soos uit hoofstuk 2 blyk is persone met gestremdhede gekategoriseer as bevoordeeldes van mediese en psigiatriese terapie, welsyn en liefdadigheid. Sodoende is gestremdheid in die raamwerk van die mediese model geplaas. So ’n beskouing verleen egter slegs gedeeltelike erkenning aan persone met gestremdhede, en kom neer op ’n versuim om hulle in alle opsigte as draers van regte, voordele en verpligtinge op gelyke grondslag met alle ander mense te sien. Die besef dat gestremdes aanspraak behoort te kan maak op regsbeskerming wat op die gebied van menseregte en wetgewing teen diskriminasie, beskikbaar is, is ’n betreklik onlangse ontwikkeling op die gebied van gestremdheidsreg. Die feit dat hulle nie ’n prominent sigbare teenwoordigheid in die hoofstroom van die samelewing geniet nie, en die negatiewe beeld wat van hulle uitgedra is,³⁷³ wek ’n wanindruk dat gestremdes deels regs- en handelingsonbevoeg is.³⁷⁴

Die oorsprong van ’n definieerbare, regsgebaseerde perspektief op gestremdheid moet gesoek word in die burgerregtebeweging van die 1960's, veral in die VSA wat in hoofstuk 5 bespreek sal word. Hierdie perspektief is verbreed deur die wyse waarop menseregte mettertyd internasionaal verreken en toegepas is.³⁷⁵

Die ontwikkeling wat in dié verband in die VSA plaasgevind het, kry in hoofstuk 5 aandag. In hoofstuk 4 word ontwikkelinge in Europa bespreek

³⁷³ Barnes C “Disabling Imagery and the media: An Exploration of the Principles for Media Representation of disabled People” in Alston P (red)(1999) 282.

³⁷⁴ *Ibid.*

³⁷⁵ Quinn G in Alston P (red) (1999) 281.

waar die beleid van die Europese Raad, onder andere in ooreenstemming met die vermelde perspektief gebring is.³⁷⁶

Uit wat hierbo gesê is, blyk dit dat die regte van gestremdes eers in 1971 met die aanname van die Deklarasie van Regte van Verstandelik Gestremdes³⁷⁷ in ’n internasionale instrument erkenning gekry het. Voorheen was gestremdheidsreg-instrumente sterk onder die invloed van die denkstroom wat ten grondslag van die mediese model was. Dit was, soos in hoofstuk 1 aangetoon is, in teenstelling met die menseregtebenadering tot gestremdheid. Verder was die eerste menseregteverdrag wat diskriminasie op grond van gestremdheid verbied het, die Konvensie oor die Regte van ’n Kind van 1989 wat in paragraaf 2.3.5 bespreek is. Die Standaardreëls³⁷⁸ van 1993 verleen erkenning aan gestremdes se kritiek op die mediese model en skep basiese internasionale regsstandaarde vir programme, wetgewing en beleidsrigtings ten opsigte van gestremdes. Hierdie internasionale instrumente, en ook die ander instrumente wat hierbo bespreek is, het egter ’n betekenisvolle bydrae gelewer in die klemverskuiwing vanaf gestremdheid in terme van ’n mediese model na gestremdheid in terme van sosiale model en die menseregtebenadering daartoe.

Voordat die Algemene Vergadering in Desember 2006 die Konvensie oor Gestremdheid aangeneem het, was daar, met die uitsondering van die konsepkonvensie wat in die vroeë 1990's opgestel is met die oog op ’n konvensie vir die uitskakeling van alle vorme van diskriminasie teen

³⁷⁶ Quinn G in Alston P (red) (1999) 298.

³⁷⁷ Sien paragraaf 2.2.2 *supra* van hierdie hoofstuk.

³⁷⁸ *Op cit* vn 113.

gestremdes, geen konvensie wat omvattend oor die menseregte van gestremdes gehandel het nie. Die internasionale gemeenskap se verbintenis tot gestremdheid as 'n verskynsel wat menseregterlik hanteer kon word het egter met die aanname van die 2006-konvensie neerslag gevind in 'n bindende internasionale instrument wat afstand gedoen het van die mediese model en daarenteen die menseregteperspektief van gestremdheid in alle opsigte omvattend weerspieël. Die menseregte van gestremde persone is egter nie net 'n aangeleentheid wat vir die betrokke staat en sy burgers van belang is nie. Die sterk bewoording van die 2006-konvensie bring mee dat die menseregte van persone met gestremdhede wat daarin beskerm word, internasionaal afdwingbaar is. Hieruit volg noodwendig dat elke staat se beleid en praktyk wat persone met gestremdhede betref, kragtens daardie konvensie aan internasionale monitering en beheer onderwerp is.³⁷⁹

Die regte-gebaseerde perspektief versterk deur die interpretasie van internasionale menseregte,³⁸⁰ word, soos reeds genoem, ook waargeneem in die Europese Raad wie sy eie beleid die afgelope tyd met vermeldde perspektief strook.³⁸¹

In die volgende hoofstuk gaan juis gefokus word op die hantering van gestremdheidsreg in Europese state binne die konteks van die Europese Raad en die Europese Unie.

~ooOoo~

³⁷⁹ Gostin L (2000) 23(2) *International Journal of Law and Psychiatry* 126.

³⁸⁰ Quinn G in Alston P (red) (1999) 281.

³⁸¹ Quinn G in Alston P (red) (1999) 298.